


# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



P.

JAARGANG I      NOMMER I



TYDSKRIF  
VIR  
LETTERKUNDE

•  
Kwartaalblad van  
Die Afrikaanse Skrywerskring

•  
Redakteur:  
C. M. van den Heever

•  
Letterkundige Adviseurs:  
D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,  
F. J. Eybers en W. A. de Klerk

•  
Administrasie:  
Professor Abel Coetzee,  
Posbus 1176, Johannesburg


•  
Intekengeld: 15/- (posvry)  
Los nommers in die handel: 5/- per eksemplaar



# I N H O U D

	Bl.
VAN DIE REDAKSIE .....	5
TOM SE DEEL, Jochem van Bruggen .....	12
GEDIGTE, Totius .....	23
DIE POTTEBAKKER SE WERK HET MISLUK, Sannie Uys .....	26
GEDIGTE deur D. F. Malherbe .....	25
STAATS- EN VOLKSVERPLIGTING TEENOOR DIE SKRY- WER, G. A. Watermeyer .....	36
GEDIGTE, deur C. M. van den Heever .....	47
DOLFYNE EN VLIËNDE VISSE, Willem van der Berg .....	50
DIE NAGWAAK VAN VENUS, vertaal deur T. J. Haarhoff .....	53
ATAVISTIESE AANHANGSEL, W. A. de Klerk .....	61
BALLADE, Uys Krige .....	70
DIE PLEK VAN DIE OUES, Ada Negi (vertaal deur F. P. van der Merwe) .....	72
GEDIGTE, H. W. Venter .....	79
WAG, S. J. Pretorius .....	81
PIERNEEF, DIE AFRIKAANSE LANDSKAPSKILDER, H. M. van der Westhuyzen .....	87
VIËR SJINESE VERSE, Uys Krige .....	94
BOEKELYS, P. J. Nienaber .....	97

Foto-afdrukke van twee skilderye van J. H. Pierneef.



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

## Van die Redaksie

Die jarelange strewe van die Afrikaanse Skrywerskring word eindelik met die totstandkoming van die letterkundige kwartaalblad „Tydskrif vir Letterkunde” verwesenlik. Die bekende Jaarboek kom daarmee ten einde en ’n nuwe begin word gemaak. ’n Nuwe begin is altyd moeilik. Dit beteken natuurlik nie veel om allerhande hoogklinkende estetiese eise aan die begin neer te lê, as die produk self dit nie tot openbaring sal bring nie. Die strewe van die Tydskrif sal elkgeval wees om so ver as moontlik na kwaliteit te soek en om in alle opregtheid die skepping van eerlike en onvervalste kuns aan te moedig. Ons het alreeds soveel water in ons wyn gedoen dat die egte kunsverhaal sterk op die agtergrond geraak het. Die eenvoudige, realistiese uitbeelding van die lewe kom daarom vir baie as oninteressant voor. Die sensasie, die sterk kruie het die smaak aangestem op wat oordrewe, romanties en in krasse skoktonele voorgestel word.

Dit is maar alte waar dat as ’n mens geringe innerlike ervaring het, jy jou maklik laat tevrede stel met die onegte produk, want jy beskik nie oor die nodige onderskeidingsvermoë om uit te maak wat ’n goeie of slegte gedig is nie en of ’n verhaal maar net met die gewone, afgesaagde suksesresep opgebou is en of dit werklike, deurleefde uitbeelding van ervaring is nie. Dit is net so waar dat ’n hele geslag, as dit nie uit die sleur geruk word nie, met die klatergoud tevrede kan wees. „The person whose experience is limited is always liable to be taken in by sham or the adulterate article,” sê T. S. Eliot tereg; „and we see generation after generation of untrained readers being taken in by the sham and the adulterate in its own time — indeed preferring them, for they are more easily assimilable than the genuine article.”

Ons het dus met ’n probleem te doen wat in alle kultuur-

lande te vind is, en ondanks die aanslae wat daarop deur intellektueles gemaak word, skyn daar geen vermindering te kom in die aantal mense wat die onegte produk koop en nie die minste trek het om die werk van egte kunstenaars te lees nie. Daar is vandag baie meer mense wat kan lees as ooit tevore, maar die vraag is: wat lees hulle? Die nuusblad en tydskrif, die bioskoop en radio doen hulle deel om die mens wat meer as ooit baie vrytyd het, gesellig besig te hou. Die hoeveelheid tydskrifte en propulêre boeke wat verkoop word, is enorm. Die instelling van die gees teenoor die letterkunde het baie verander en lees word veral as 'n aangename tydverdryf beskou. Mense het aan onkrities lees verslaaf geraak. Wie te diep delf of te fyn ontleed, bederwe die leesgenot wat nog die beste vlot as strookprentjies haastig deurgekyk word! Daar ontstaan dadelik nukkerigheid en ontevredenheid as oor ernstige letterkunde gepraat word, want dié sou kwansuis „oninteressant” wees en die neiging om krities en indringend te lees, sou net die leesgenot ondermyn met 'n aanstellerige foutvindery.

Die innerlike waarde van 'n verhaal of roman beteken dus nie veel nie; wat wel van belang is, is of dit so geskrywe is dat dit maklik geles kan word en dat dit 'n mens „plesier” gee om dit te lees. Dit beteken dat 'n kritiese onderskeid tussen boeke se waarde uiterlik verval, want al toets wat oorbly, is: „Ek hou daarvan; dit lees sommer lekker.” Dit is onteenseglik waar dat hierdie lees net vir die „genot” toon dat ons met 'n leser te doen het wat maklik tevrede gestel word en wat verkeerd ingestel is teenoor leesstof. As dit ons uitgangspunt in die lewe moet wees dat ons alleen dié dinge wil doen wat aan ons „genot” kan verskaf, sou ons daarmee al wat waarde in die maatskappy het, gou en doeltreffend van binne uithol. Dit is trouens een van die oorsake waarom norme in ons tyd so aan die verval geraak het en dat baie min dinge nog enige waarde het.

Waarom dan nog waarde heg aan 'n stuk letterkunde wat met groot sorg geskrywe is en waarin die skrywer werklik iets te sê het? Die kritiek raak in hierdie proses in die



verval, want daar bestaan baie min behoefte aan. Sodra dit streng is en hoë standarde stel, word daar nydig teen te velde getrek, omdat dit moontlike kopers van 'n boek kan afskrik of ander se „genot” kan bederwe, en dit word op die agtergrond geskuiwe as 'n lastige en waardelose opdringery in 'n atmosfeer waar mense maar net gesellig met mekaar wil verkeer. Die vyandigheid teenoor deeglike, verantwoordelike kritiek is daarom begryplik, want as dit steekhoudend, sonder aansien van die persoon en streng objektief deurgevoer moet word, is die noodsaaklike gevolg dat veel wat hoog aangeslaan is, maar inderdaad nie baie beteken nie, doodseker uiteindelik na innerlike waarde ontmasker moet word. Dit is vir baie 'n groot ontugtering, maar 'n belangrike diens is daarmee bewys. Die goeie kritiek laat hom dus nie van stryk bring nie, maar probeer om eerlik en onverskrokke kwaliteit uit te ken en om die waarde van 'n skrywer se werk vas te stel.

Dat dit lyk of ons waarde-oordeel vandag grotendeels vernietig geraak het, moet ons beslis nie ontmoedig nie, want dit is alleen maar 'n tydelike verskynsel. Uit die chaos van onkritiese lees, uit die verslindery van berge kaf sal daar uiteindelik weer die gesonde rigting voortkom. Dit kan nie anders nie, want die keurende in die mens kan nie blywend onderdruk word nie en daar is altyd 'n kern, hoe klein ook al, wat nie met die suksesboek tevrede is nie, omdat hulle te goed die hele vose resep ken; hulle soek na die fynere, die diamant op die sif, die kwaliteit.

Dit gaan natuurlik nie maklik om ons weg deur die doolhof van boeke en tydskrifte vandag te vind nie. Advertensie en propaganda stroom van alle kante op ons aan, en as 'n mens dit alles moet glo, sou jy sê dat die wêreld nog nooit soveel groot skrywers gehad het nie. Van die grofste oordrywing word gebruik gemaak om ons te beïnvloed. Die leser wat werklik in die goeie boek belangstel, sal hom natuurlik nie met 'n kluitjie in die riet laat stuur nie. Hy het geleer om te onderskei en hy sal volgens eie smaak oordeel wat waarde het en wat net deur die propaganda hoog opgevysel word. Die aantal persone wat dit doen, sal nooit baie groot wees nie, maar hulle het 'n heel

belangrike taak om te verrig, anders is ons hele literatuur-  
onderwys uit die bouse en moet ons maar aan die jeug net  
die dinge voorsit wat by die lees die meeste genot verskaf.  
Ons weet waarheen dit noodwendig moet lei.

Die leser wat na kwaliteit soek, sal dag vir dag ervaar  
hoe boeke, artikels, verhale en gedigte aan hom voorgelê  
word wat benede sy geestespeil is. Waarom is dit? Die  
deursneeleser se smaak moet bevredig word, en dié staan  
nie baie hoog nie. Dit is dus nie die leser met smaak  
wat as norm gebruik word nie, maar die „deursnee-leser,”  
die massa, aan wie die meeste tydskrifte of boeke verkoop  
kan word. Sou 'n populêre tydskrif daartoe oorgaan om  
nie aan die smaak van hierdie groot, breë leserskring te  
voldoen nie en die standaard te hoog opstoot, sou die  
sirkulasiesyfer gou daal, en dit sou in ons moderne sake-  
wêreld fataal wees! Die taak is dus om uit daardie breë,  
kritieklose massa soveel moontlik lesers te win vir die  
ware kuns, vir die verfynde geestesprodukt — inderdaad is  
dit die onderwys se hoogste taak, want dit wil nie die  
individu in die massa se groeiende smaak laat wegsak nie,  
maar hom deur innerlike verfyning en geestelike opvoeding  
tot 'n oordeelvaste mens maak.

Die „Tydskrif vir Letterkunde” het reeds sy waardige  
voorgangers in Afrikaans gehad. Almal het daarna  
gestrewe om meer waardering vir die goeie boek, vir die  
suiwer letterkunde op te wek. Dit is 'n taak wat nie deur  
een tydskrif tot voltooiing gebring kan word nie, want dit  
hou nooit op nie. Dit is of jy sand met 'n graaf na 'n  
spits punt na bo bly werk; alleen 'n sekere hoeveelheid bly  
bo; die res sak weer af ondertoe. 'n Mens moet dan ook  
nie te groot verwagtinge vir 'n dergelike onderneming hê  
nie. Dit sal steeds maar weer die kern aantrek wat 'n  
warme liefde vir die letterkunde het en wat graag wil  
sien dat die Afrikaanse kunstenaar vir hom of vir haar  
tot die uiterste moet inspan om die beste te lewer.

'n Mens kan, soos reeds aangedui, belangrike kunsbegin-  
sels daarop nahou, maar die een groot toets bly nog maar  
steeds dat die skrywer goed, voortreflik moet kan skrywe.  
Hy moet nie 'n „woordkunstenaar” wees wat hom toelê op

mooiskrywery en 'n artistieke spel met woorde nie. Hy moet wat daar in hom omgaan, so suiwer, eg en onvervangbaar in woorde uitdruk dat ons die indruk kry van werklike innerlike ervaring wat in 'n persoonlik deurleefde styl tot uitdrukking kom. In Afrikaans was ons besig om 'n goeie prosastyl, geput uit Boere-Afrikaanse en versterk deur persoonlike kultuurgevoel, op te bou. Ongelukkig het daar in toenemende mate vervlakking en verwatering gekom en is die persoonlike waarneming en deurleefde stof al meer prysgegee vir vergesogte tonele en die vindingryke napraat van wat die populêre smaak eis. Daardeur het die kuns in sy kerngesonde openbaring in die gedrang gekom en is dit al meer op die agtergrond gedruk. As die „Tydskrif vir Letterkunde” kan meehelp sodat ons weer na die diepte afsteek en die ou tradisie van goed waarneem en versigtig skrywe, hervat en verder uitgebou kan word, sal daar 'n bydrae tot ons jong letterkunde gemaak kan word.

Al ons skrywers van betekenis is dit daaroor eens, en uit die aanmoediging wat ons ontvang het oor so 'n blad in die lewe te roep en om dit in belang van ons letterkunde in te span, het telkens weer geblyk hoe sterk die begeerte is om nie in die bestaande toestand te berus nie en om te eis dat ons kunstenaars hulle opnuut moet beywer om ons letterkunde, ondanks die suigkrag van die populêre en sensasionele, op 'n hoër kerf te stoot en om die leuse te aanvaar: dit kan nog beter. Dit is alleen maar met groot dankbaarheid dat ons vandag kan vasstel dat daar meer Afrikaans as ooit gelees word en dat duisende mense wat nie met ons taal bekend was nie, hulle nou ook aangetrokke voel tot die Afrikaanse boek of tydskrif. Daardeur is 'n groot land vir intensiewe arbeid gebrak. Wat van Afrikaans in daardie prosas van verbreding en popularisering egter sal word, is moeilik om te voorspel, want ons kan noual onrusbare verskynsels opmerk.

Dit is elkgeval 'n prosas wat ons nie kan stuit nie; dit hang onvermydelik met die opkoms en verbreding van ons taal saam. Ons moet egter toesien dat in daardie poging om die volksmassa te bereik, een ding nie moet verlore gaan wat vir ons baie kosbaar is nie en wat die spil van

die hele Afrikaanse beweging was en sal bly. As dit verlore gaan, sal verowering in die aantal lesers van Afrikaans nie van groot waarde wees nie. Die Afrikaanse gees en kern moet behoue bly, want dit is die bron van al ons ware kunsskepping. Deur die nasionale heen wil ons spreek tot die mensheid. Die gees van ons land, van ons eie ervaring moet opgeneem wees in eie styl as ons uiteindelik ook die universele wil laat deurskemer. Deur Afrikaans, ons uitdrukkingsmiddel, kom ons van die lokale tot die universele. Die kunstenaar gebruik nie net die taal nie, maar herskep dit ook.

Dit is daarom dat ons so graag sou wou sien dat Afrikaans se groot potensiële kragte deur die kunstenaar so volledig as moontlik gebruik moet word. Nie net in die futlose aanwend van die doodgeswoegde taal sal ons die onrypheid van estetiese gevoel en die gebrek aan skeppingsdrif uitken nie, maar ook aan die hele manier waarop 'r sekere stof verwerk word. Die deurligting van die stof met 'n universele begrip verhoog alles wat goed waargeneem is tot 'n verhaal met 'n algemeen-menslike sin. Dit is daarom te verwagte dat daar naas die Afrikaanse verhaal steeds weer die goeie kortverhaal van elders geplaas word sodat ons kan vergelyk en deur vergelyking innerlik ryper kan word. Ons is besig met innerlike groei, en dit is goed om te onthou dat ons smaak vir goeie letterkunde baie nou saamhang met ons hele beskawingspeil. „One's taste in poetry,” sê T. S. Eliot baie juis, „cannot be isolated from one's other interests and passions.” Dit geld ook vir die kritikus wat deur die fynheid van sy algemene beskawingsgevoel en deur sy goeie smaak in alle dinge moet toon dat hy in staat is om 'n ewewigtige en regverdige oordeel te vel, wat ten slotte uiting van 'n ryp gemoedslewe is.

In die afgelope jare het daar in vooruitstrewende letterkundige kringe verset teen die gewone soort geskiedenis van die letterkunde gekom en die manier om skrywers en hulle werke net uit handboeke te leer ken. Daar is min wat so verderflik vir 'n gesonde letterkundige smaak is as die klakkelose npraat van sogenaamde gesaghebbendes sonder

dat geleer is om behoorlik krities en ontledend te lees. Daar moet in ons literatuuronderwys baie tyd bestee word aan deeglik lees, aan die ondersoek van prosa of poësie se innerlike gehalte. Alleen langs die weg kan 'n eie oordeel gevorm word, en wie dit eenmaal aangeleer het, staan al meer skepties teenoor „oorsigte” van skrywers se werk sonder meer, want by die skrywer se produk moet begin word met indringend en keurend te lees en nie by die skets of oorsig nie, anders kry ons die kritieklose napratery wat vandag ons hele studie van die letterkunde ondermyn. Ons hoop dan ook dat in verband hiermee heelwat in die Tydskrif gedoen sal kan word.

Dit is 'n uiters verblydende verskynsel dat die openbare pers ons Tydskrif so gul verwelkom het; daarvoor is ons hulle opreg dankbaar. Deur hulle daaglikse werksaamheid weet hulle waaraan daar 'n groot behoefte bestaan en dit is vir die Afrikaanse Skrywerskring 'n bemoediging dat ons soveel steun van hulle ontvang het. Die geldelike sy van so 'n tydskrif bly natuurlik 'n groot beslommernis, want die aantal lesers vir so 'n blad sal altyd klein wees in vergelyking met dié van groot populêre blaaië, wat, terloops, ook deurgaans hulle goedgesindheid teenoor ons poging en strewe geopenbaar het. Dat die uitgee van hierdie blad uiteindelik moontlik geword het, daarvoor moet ons ons opregte dank betuig vir die geldelike steun wat die Departement van Unie-Onderwys deur sy afdeling vir Volwasse-Onderwys aan ons geskenk het, en verder moet wyle genl. J. B. M. Hertzog, wat so veel vir die Afrikaanse taal gedoen het en wie se skenking in die vorm van aandeel aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns altyd van sy liefde vir ons taal en kultuur sal getuig, ook hier weereens in dankbare herinnering geroep word. Dit is deur die Persfonds, wat deur hom in die lewe geroep is, dat aan ons verder geldelike steun gegee is om hierdie blad op 'n waardige manier uit te gee. Ons opregte dank aan mnr. N. C. Havenga vir sy belangstelling en hulp in verband met die saak. Weereens het geblyk hoe genl. Hertzog se besorgdheid oor ons taal, letterkunde en kultuur nog na sy dood vrugte afwerp.

# Tom se Deel

*deur Jochem van Bruggen*

„'n Halwe eeu gelede was die lewensopvatting en die gewoontes van ons lewe heeltmal anderster as vandag, kinders. Mens kan maar sê: dit was toe omtrent soos somer; nou is dit baster winter. In die somer voel mens nie eintlik bekommerd oor wat kan gebeur nie; maar in die winter moet mens dink en roer om deur die lang somer, wat voorlê, te kan kom.”

So praat oom Tom vandag dikwels met sy gehoor. Hy praat selde met enkelinge; maar hou van 'n gehoor. Tom is vandag oud en beweeg homself krukkerig deur die huis en oor sy werf, want hy het, deur sy swaar lewe, vol ontberings, siekerig geword. Hy was nooit lui nie. Wat hy gedoen het, het hy veelal verkeerd aangepak, want hy was altoos eiesinnig. Daardeur het teëspoed ontstaan. Vandag lewe hy in die rus wat gekom het, sonder sy persoonlike toedoen . . .

Hy hou daarvan om hom wysgerig uit te druk. Hy beskou homself in daardie opsig meerderwaardig, omdat hy so maklik kan praat, 'n oordeel kan vel en altoos gereed is met 'n advies. Aan woorde het dit hom nooit ontbreek nie. Dis 'n gawe wat hy ontvang het en hy weet dit. 'n Gehoor waarvoor hy baie graag wil optree, ontroer hom steeds. Dis meesal sy kinders met die aanhang wat kom kuier. In sy kroos, sy gawe woonplek en sy volle oudstryderspensioen, tesaam met die volle ouderdomspensioen van sy vrou, het oom Tom in die maatskaplike lewe opgeklim. Hulle het aansienlik geword. Hy en sy vrou het tot rus gekom, al is hulle vandag albei swakkerig en bekwaald.

Nou dink oom Tom nie aan sy verlede nie. Tog gesels hy dikwels daaroor, as die gehoor aanwesig is en hulle sy aandag trek, wat noodsaaklik is, omdat hy afgetrokke sit en pyp rook of geboë beweeg. Die gehoor hou van oom Tom se vertellings. Dit is egter sy verbeelding wat dan

praat. Hierdie eienskap het hy altoos besit. In die loop van sy lewe het sy verbeelding toegeneem en maklike vertellings deur sy lippe laat vloei, wat almal en hyself geglo het. Moedswillig sal oom Tom geen leuen vertel nie. Hierdie groot gawe van sy verbeelding skuil in sy onderbewuste, wat openbaar word wanneer gehoor en omstandighede besieling afstuur soontoe . . .

Maar 'n halwe eeu gelede was dit vir hom somer. Hy 't toe nie aan die winter gedink nie. Ja, die lewensopvatting en gewoontes was destyds anderster as nou. Oom Tom en sy vrou wil hulle verlede liewerster vergeet . . .

Ons wil daarheen verskuif, toe Thomas Kreukelman 'n jonkman was . . .

\* \* \*

Die Boere kom stadigaan terug van die oorlogsvelde en gevangenisskap; van oor die see, of uit die kampe.

Dit is oom Nieklaas Breed se opvatting en strewe, om die plaas weer op te bou, met al die kragte van sy huisgesin en die beskikbare werkvermoë wat op sy plaas is. Sy vrou, tant Krissie, die sewe kinders, nog onder hulle sorg, kan almal inspring, waar dit moet. Dis noodsaaklik, want waar sal hulle anderster beland? Waarheen moet hulle trek?

Die Tweede Vryheidsoorlog is pas verby en die land behoort nou aan die vyand. Die Breeds voel en dink so, deur die bank. Ja, mens moet boer om in die toekoms te kan bestaan. Diegene wat rondloop, sal later nie op eie krag kan lewe nie; slegs deur die genade van 'n Kristemans.

Net oorkant die rivier, op hulle grond, woon die Kreukelmans. Hulle het 'n huis met 'n lap vergunningaarde van Agtienhonderd-neëntig af. Hulle huisgesin is klein: vader, moeder en 'n seun, wat Thomas heet. Feitlik is hulle bywoners, maar hulle staan onder geen verpligting nie, al verwag oom Nieklaas dat hulle hul plig sal doen. Soos vader Kreukelman dit opvat, is sy persoon alleen voldoende. Hy help neef Nieklaas daagliks. Hy is stil van aard, ingetoë, maar handig en so gewillig as 'n geoliede masjien, wat nooit verkeerd loop nie. Die moeder bewerk hulle grond en maak tuin. Sy is so sorgsaam dat tant Krissie in verhouding die deug nie beter sal betrag nie. Die ouers maak van hulle seun byna 'n afgod. Sy verlede as vegsman is vir hulle roemryk; nou is hy waardevol vir hulle en die Breeds. Sy karakter is skoon en wat hy doen,

is goed. Die vrou, wat hom eendag as man kry, kan die Vader dank. Neef Nieklaas sal geen beter skoonseun kry nie . . .

Ja, dit weet en voel oom Nieklaas enigsins. Tom sorg darem vir die pot. Elke dag, behalwe Sondag, bring hy tortelduiwe en dis waardevol, want vleis is onverkrybaar en botter is 'n weelde. Maar, sal die seun ooit uitspring om te boer? Dink hy ooit aan sy toekoms? Die Kreukelmans neem die toekoms nie in ag nie. Wat sal van Thomas word wanneer die duiwe padgee? Die Moot is nie meer 'n wildernis nie. Tom kuier elke agtermiddag by sy mooiste dogter Sofie. Sy en Tom was wel voor die oorlog maats, sodat dit amper wil voorkom asof die twee vir mekaar geskape is. Sou Sofie Tom se deel kan wees? Mag dit verhoed word! As die seun bly, soos hy nou is, sal dit ellende afgee! 'n Seun word man en 'n man bly maar 'n man; toekoms of geen toekoms nie . . . Hy en sy vrou het hulle dogters lief . . . Die lewensopvatting van die mense oorkant die rivier is heeltemal anderster as hulle s'n. Die Kreukelmans was vanaf Agtienhonderdneëntig gewend om van hand tot mond te leef. Mens voel bekommerd oor jou kinders . . .

Die wildgeworde pragwêreld van die Moot begin stadig aan weer mak te word. Oom Niek se grasdakwoning verrys tussen die swartgebrande murasies. Sy bewerkte grond word daagliks groter, namate die seuns dit omspit. Vir die groentetuin sorg tant Krissie met haar dogters, as sy hulle roep. Dis ook alles spitwerk. In die huis is elke dogter om die beurt die baas, onder toesig van die moeder. Die blomtuin, wat al bloei, behoort aan die drie dogters. Blomme het betekenis vir jong mense wat die lewe mooi wil ingaan. Hulle praat van Liefde, Vertrouwing en trou; maar ook vir hulle wat jy nie begeer nie, is daar 'n Jakob-regop, wat beteken: jy is te styf; of 'n papawer, wat beteken: jy is pap. Mens gee nie graag sulke blomme nie, maar as iemand, waarvan jy niks dink nie, vra, dan kan mens hulle gee, sonder om 'n woord te sê omtrent die betekenis daarvan. Daar lê waarde in die blomme wat jy gee of ontvang. Jy moet versigtigheidsonthalwe ook aan blomme vir jou toekomstige geluk dink.

In die huis kom die geriewe van 'n ordentlike inwoning. Oom Niek is 'n selfgeleerde ambagsman. Hy maak sy meubels en is besig met 'n wa. Hy kry bestellings van die



boere, wat stadigaan begin het om op te bou. Kreukelman is in hierdie werk sy regterhand. Hulle kan smidswerk ook doen. Blaasbalk en aambeeld staan onder die plat, waar hulle werk. Daar is gang in alles op oom Niek se plaas . . .

Die osse en trekgoed van die Repatriasie het gekom. Dis op skuld gekoop; wel vreeslik duur; maar 'n boer het dit nodig en die oeste, wat kom, sal daardie skuld aan die regering wel kan betaal. Altemit kry die boere later 'n inskikliker regering, wat die skulde dalk sal kwytsteld. 'n Boer moet altoos bly werk en hoop en nooit sy moed verloor nie. Dit voel oom Niek, en sy ganse huisgesin voel so.

Soms spot die seuns wanneer Thomas met sy wildbraad op 'n distansie aankom: „Tom werk vir kos, maar nie vir klere nie! Hy sal spleennakend loop as hy sy klere moet verdien!” sê Sarel, die oudste, en die tweede oudste sê: „Jy moet vir Thomas inspan, Sofie, anders beland jy saam met hom in 'n haakdoringbos!”

Hulle dryf vir Sofie weg en sy weet dat hulle onder mekaar lag as sy wegstap. Sy gaan die huis in, by die voordeur uit, en langes 'n omweg, by die blomtuin verby, om Thomas tegemoet te loop. Sy kan dit nie verdra dat hulle vir haar beste vriend van kindsbeen af uitkoggel nie. Hulle moet vir Tom uitlos, want hulle ken hom nie. Sy het trane gehuil toe Thomas in Desember Neëntienhonderd weggeloop het na die Boerekommando wat deur die Moot getrek het. Hy was 'n dapper vegsman, tot op die bittereinde. Wat Tom vir haar vertel het, is roemvol, en dis 'n godswonder dat hy nooit 'n skrapie gekry het of gevang is nie. Hy was verkenner en rapportryer. Watter broer van haar sal doen wat Tom gedoen het? . . .

Iets is darem snaaks vir Sofie. Tom het nog nooit oor die eintlike liefde gepraat nie. Dis wel nie nodig nie, want dit spreek vanself dat hy haar lief het. Hulle soen mekaar gereeld as niemand hulle sien nie. Dis asof hulle mekaar se deel is; hulle behoort aan mekaar. As kinders het hulle mekaar reeds lief gehad.

In die gewerskaf van al die boere in die Moot is Thomas Kreukelman die enigste persoon wat kan rondstap, wat aan geen werk gebonde wil wees nie. Wanneer hy lus daarvoor voel, help hy sy moeder in die tuin. Sy moet hom net nie aansê om dit te doen nie. Doen sy dit wel,

dan stap hy weg, die veld oor en die bome in. Meestal verdwyn hy so. Hy gaan met sy voëlrek, wat hy korrek gemaak het, en skiet tortelduiwe, wat nou volop is. Hy weet wat skiet is. As 'n duif reg sit en hy staan ook reg, dan val die duifie voor die klippe uit sy sterkgespanne rek. In die more bring hy wat geskiet is vir sy moeder; in die agtermiddag stap hy oorkant toe en gee die duiwe vir Sofie. Daarna begin hul daaglikse kuier. Sy luister na die ondervindings wat hy mooi vertel.

Gewoonlik bly Tom tot na die Boekevat. Dan word dit vir hom duidelik dat hy moet loop. Tant Krissie se oë word vinnig en sy kyk na hom en Sofie. Wanneer oom Nieklaas nagsê, het hy in die laaste tyd vir Sofie nogal bars gesê: „Jy moet gaan slaap, Sofie!” Dit begin Tom te hinder. Hy besef dat sy teenwoordigheid nie meer gewens is nie . . .

Hoekom die weerstand nou? Dit prikkel Tom ook tot weerstand. Vir die eerste keer dink hy oor Sofie saam met hom die toekoms in. Hulle is omtrent ewe oud. Van haar geboorte af is sy sy deel. Van kindsbeen af kon hulle sonder hindernis baljaar en rondloop. Haar ouers het die vaste omgang nooit gekeer nie. Hoekom dan nou so vyandig? Is hulle agterdogtig? Sofie is edel van hart en siel, net soos hyself is. Hy sal hom verbrands nie nou laat keer nie . . .

Dikwels besoek hulle die blomtuin. Sy steek vir hom dan 'n angelier in die knoopsgat. Tom weet wat dit beteken, maar sy sê dit nie, omdat dit liefde beteken. Die blom bly daar vir almal sigbaar. Tant Krissie en die dogters weet wat daardie blom beteken. Sofie dink nie meer daaroor nie. Daar bestaan mos liefde tussen haar en Tom, van kindsdae af. Almal weet dit sekerlik. Hulle verhouding mag, soos maanlig in die mooiste nag, vir almal openbaar bly.

Maar tant Krissie praat met oom Nieklaas en dit kom nou tot 'n punt, want hulle redeneer die saak uit. Die seun is knap van voorkoms, maar hy is arm en sal behoeftig bly. Sy toekoms is duister: „Wat gaan ons maak met Sofie, my man? Jy sien alles altemit nie soos ek nie. Sy het hom regtig baie lief. Krissie en Bet het vir my gesê dat daardie blom, wat Sofie vir hom aansteek, opregte liefde beteken. Dit gaan te ver met hulle twee, my man. Die natuur sal nou begin te werk en waar beland ons dan?”

„Dit mag nie te ver gaan nie, vrou. Ons moet versigtig te werk gaan, want liefde kan mens nie keer nie. Dis ook nie reg om dit te doen nie, want die opregte liefde kom van Hoër hand. Miskien is Sofie as sodanig bestem dat sy regtig Tom se deel is. Hulle bly darem altoos onder die oog. Hy is nog jonk en vermaak hom met 'n voëlrek. Oor 'n paar maande sal die tortelduiwe wegtrek uit die Moot. Dan sal die seun moet uitspring om te werk. Sy gedagtes sal dan in die werklike lewe vasval. Tom het nou baie min verstand van die vereistes van die lewe. Praat met jou dogter, vrou. Ek sal ook, wanneer die tyd ryp is daarvoor. Sofie is 'n verstandige kind. Altemit kan sy vir Thomas in die regte koers bring.”

Die blom voor Tom se bors gee ook die broers 'n spotkans. Sarel sê: „Jy loop op werksdae rond soos 'n lord met 'n angelier in jou knoopsgat. Daardie blom moet jy Saterdaggaande dra, neef, wanneer jy, soos ek doen, vir die nooi mag kuier. Ek gaan vir Sofie beduie dat sy te openlik 'n groot fout maak met die blom.”

Daardie agtermiddag het Tom die blom uitgepluk en weggesmyt. Hy het hom vererg en opstandig van gees deur die Boekevat gesit. Hy het nie met Sofie gepraat nie, maar wel die opmerksame oë van Krissie en Bet gesien. Vanaand wil dit voorkom asof die laaste een in die vertrek iets teen hom het. Hy luister nie en die gebed is vir hom besonder lank. Hy wonder of Sofie die kans sal kry en die moed sal hê om soos gewoonlik in die kombuis afskeid van hom te neem. Tant Krissie se oë is skerp en kwaai. Sy hou vir Sofie dop . . .

Die Boekevat is verby. Hy gaan nie trap nie, al verwag hulle dit. Eers wil hy sien wat Sofie maak. Sy staan op. Haar kappie gooi sy op die rusbank. Haar donker oë blink byna uitdagend in die kerslig. Sy neem die Boeke van die tafel en bêre dit in die rakkie. Tom voel dat sy hom trek met fier gebare en dit skyn asof sy almal beheer. Hy kan sy oë nie van haar aftrek nie. Sofie is klaar, maar sy versuim nie. Sy gooi haar sakdoek oop oor haar linker-skouer en stap kombuis toe. Daardie gebaar beteken: volg my. Dit popel in Tom se hart. Hy voel huiwerig om op te staan en haar te volg. Almal kyk Sofie agterna en tant Krissie se skerp oë blits dan na hom toe. Niemand sê 'n woord nie. Tom was nooit 'n lafaard nie. In die stilte sê hy nag en stap ook na die kombuis.

Sofie gee haar nagsoen en sê fluisterend: „Dadelik loop, Tom. Ons moet hiervandaan verstandig wees. Daardie angeliere voor jou bors is van nou af absent. Die laaste een hier in die huis is befoeter daaroor. Ma sit klaar vir my; Vader ook. Nag Tom!” „Nag Sofie!” Hy soen haar weer en fluister: „More moet ons gesels. Ek kan hierdie befoeterigheid nie langer verdra nie. Ek gaan planne uitdink; ons gaan ons regruk, Sofie!” Hy loop, want dit kom bars van die voorhuis af van oom Nieklaas: „Sofie, wat se gedraaiery is dit daar? Kom! Julle moet almal gaan slaap, kinders!”

Die ervaring skep 'n deurdryfdrang in Thomas. Dit stryk ewewydig met sy dinkvermoë saam. Nooit het hy slaaploosheid geken nie. Nooit het gedagtes hom gevang nie, want kommer was hom onbekend. Waaroor sou hy kon dink wanneer alles gaan soos dit moet loop en geen gebrek bestaan nie?

Die nag na die indrukmakende afskeid in die donker kombuis, terwyl al die Breeds soos muise in die voorhuis gebly het, laat Tom op sy katel lê en dink. Veral oom Niek se oproep, wat so bars geklink het. Sofie het deurgeloop; maar sy het haar man gestaan. Dis seker . . . Tom het pas tevrede gaan slaap toe sy besluit geneem is . . .

In die vroeë more staan hy in die kombuis by sy ouers wat reeds swart koffie sit en drink. Hy praat prontuit: „More, Pa en Ma! Ek kom Pa en Ma nou bekend stel dat ek vandag my sake oorkant die rivier gaan regstel. Hulle wil molés maak tussen my en Sofie en pa-hulle weet mos van lankal af dat so 'n molés my lewensplan wil breek, en dit sal nie gebeur nie.”

Tom praat selde met sy ouers. Albei is stil mense. As daar egter iets is wat hulle hoog gelukkig maak, dan is dit hulle dierbare seun se vasberadenheid met Sofie. Moeder gee hom koffie en sug: „God help almal wat eerlik is, my seun.” Sy vader sê net: „Soon!” en sluk. Hy noem hom, as hy bewoë is, altoos Soon!

Vandag het daar 'n keerpunt in Tom se lewe gekom. Vandag se besluit lê vas in sy gedagtes sodat hy skaars 'n duif kan raak sien en geen moeite doen daarvoor nie. Wat hy nog in die oog kry, skiet hy mis. Hy voel niks vir die voëljag nie en loop staan-staan, doelloos deur die ruigtes langes die rivier op en af. Kort-kort sit hy op mooi skaduryke plekke en oorweeg en dink. Hy en Sofie

was altoos jongetjie en nooi. Dis onbetwisbaar juis. Sy was openlik sy nooi, al het hulle nooit hartstogtelik gevry nie. Hy ken dit nie. Behoefte daarvoor het ontbreek. Vandag bruis so 'n behoefte in hom op en hulle moet gaan trou, so spoedig moontlik. Nou is dit ook die eerste maal dat hy so aan die toekoms dink. Maar, afgesien van sy toekomstige lewe, kom geen gedagte in hom op hoe hulle sal bestaan nie. Die kwessie het nog geen waarde nie. Almal trou en leef . . .

Vroeg in die middag klim hy die rantjie uit waar hy 'n koelte opsoek en gaan sit. Die tyd om te handel is hier. Hy kan die werf oorkant goed betrag. Hy sien die gewerskaf op die lande, in die groentetuin en om die huis; selfs oom Nieklaas en sy vader kan hy onder die plat sien werk. Mens moet darem arbei om iets vir jou lewe te kan doen. Dit sal regkom. Daar kom Sofie uit die woning om 'n emmer water in die voor te skep. Sal hy haar help dra? Nee wag! As hy nou oorstap, gaan al die stemme roer. Dis nog voorbarig.

Sy ondervinding in die oorlog het Tom selfstandig gemaak. Op die oog lyk hy nog soos 'n seun, maar sy inbors is dié van pure man. Sy blou oë kyk nie meer na die werf nie. Hulle word donker en tog waserig en staan in die lug asof hy daar die uitkoms sien en planne soek. Sy verbeelding is groot. Moeilikhed en gebrek sal daar nooit wees nie.

Hy het weer besluit. Wat die lewe vir hom bied, sal hy aanvaar. Hy spring orent; die tyd is daar. Vinnig swenk hy om die klippe, gly oor die rivier, die ruigte deur en oorkant uit. Vroeër as gewoonlik ontmoet hy Sofie in die blomtuin. Sy het hom gesien kom en soontoe gegaan, want sy het ernstige sake om met hom te bespreek. Haar vader was gisteraand besonder streng, maar eerlik, en Moeder het alles beaam. Dit het haar eerder opgebeur as ontstel. Sofie sien die pad vir hulle saamleef oop. Sy was ook eerlik en het gesê dat sy en Thomas mekaar lief het, dat sy nooit as te nimmer ooit 'n ander jongetjie sal lief kry nie . . .

In die blomtuin omhels hulle mekaar soos twee regtige bemindes doen. Hulle gaan in die koelte op die kweek sit. Al word hulle gesien, dit sal hulle nou nie meer versteur nie. Tom gee haar drie roosknoppe wat hy gepluk het toe hy haar sien kom. „Ek gaan jou hiervandaan my liefling

noem! Van hiervandaan af staan ons op troue." Sy sê met verwonderde oë, effens wild: „Maar, Tom, wat beweeg jou dan so snaaks ineens?" Sy hou haar hand altoos verwonder voor haar mond . . .

„Sofie, jou ouers is vierkantig teen my. Jy moes gisteraand les opgesê het. Ek het klaar besluit, my liefling. Daardie drie roosknoppe beteken: geloof, hoop en liefde! Jy moet hulle bewaar, my liefling. Hoekom is jou pa en ma nou agterdogtig?"

„Jy oordeel hulle verkeerd, Tom. My ouers het niks op jou as persoon teë nie. Hulle voel besorg oor jou en my toekoms. Jy soek geen werk nie en jy boer ook nie. Om die waarheid te sê, my skat, ek voel ook net soos hulle. My oë het oopgegaan. Jy moet werk; dan kan ons praat oor troue, Tom!"

„Ons moet oor drie maande trou, my liefling; dan kry die lewe vir ons standvastigheid. Ek sal van more af gaan werk. Vandag het ek nie eers een duifie kon kwes nie." Hy het haar wyl hy praat hartstogtelik aan sy bors gedruk: „My oë het ook oopgegaan, my liefling! Ons moet vanaand ouers vra!"

Sy val hom in die rede; haar oë word weer wild; sy voel oorweldig en verskrik: „Wat makeer jou, skat? Pa sal jou verban!"

„Moenie glo nie, Sofie. Ek gaan vanaand die saak deurdryf. Jou pa verlang dat ek moet werk. Ek ook en jy ook. Ek gaan my lyf en volle krag in jou pa se boerdery steek . . . Kom ons stap huis toe."

Tom het na die Boekevat bly sit in weerwil van die skerp oë van tant Krissie. Hy het bly sit toe oom Niek en tant Krissie nagsê en veelseggend vir hom kyk. Sofie het vir sus Krissie en sus Bet gewink dat hulle moet gaan. Die broers het, moeg van werk, reeds slaapplek opgesoek. Toe hulle heeltemal alleen is, gaan Tom beslis die slaapkamer van die ouers in en vra, sonder die minste huiwering: „Mag ek asseblief met oom-hulle oor iets baie belangriks praat?"

Oom Niek het skielik regop gaan sit; tant Krissie ook, maar baie stadig. „Praat net reguit, Tom, en sê wat op jou hart is."

„Dankie, oom Niek; ek sal!" Hy stap tot teenaan die katel en sê duidelik: „Ek kom Oom en Tante vanaand vra om met Sofie te kan trou. Ons het mekaar van ons kinds-

dae af lief en dis die loop van liefde om te handel soos ek nou doen. Nie waar nie, oom Niek?"

Tom het die stryd gewen. Die ouers van sy liefeling voel effens katswink, want hierdie optrede van 'n seun kon hulle nooit verwag het nie. Dit verslaan die antwoord wat maklik en natuurlik in oom Niek sou opgekom het. In die donker kyk hy na die vae gestalte voor die bed en kan geen woorde uiter nie. Dis asof sy gedagtes gekar-nuffel word. Hulle stoot teëstellings in sy harsings op, waar dit bly maal. Thomas Kreukelman is niksbeduidend en tog flink. Hy is 'n seun, maar onbegryplik manlik. Hy is astant en dik van vel, maar moedig soos 'n vegsman. In die oorlog moes hy darem dapper gewees het. As 'n skoonseun kan ek hom nie vat nie, maar as hy soos 'n man gaan uitspring vir sy brood, sal Sofie tog gelukkig met hom wees . . .

Tom wag. Tom voel dat hy goed aangeval het. Tant Krissie roer en steek die kers op: „Jy moes darem 'n lig saambring het, Tom; mens kan mos nie in die donker oor liefde en 'n trouery praat nie.”

Oom Niek kom tot besinning en sê wrewelrig: „Tom, weet jy wat jy doen? Waar is jou verstand om so iets vir ons te vra? Wat wil jy soos jy nou is met 'n vrou maak, nogal met Sofie, ons dogter? Sy is 'n versekerde toekoms werd. Wat is jou toekoms, seun?"

„Oom en Tante, ek besef vanaand alles. Die lewe met Sofie saam, die toekoms in het vir my en ook vir haar baie duidelik geword. Ek gaan werk soos 'n boer, oom Niek! Van more af sal ek in Oom se diens staan. Ek sal dieselfde wees as wat Oom en Tante se seuns nou is.”

„Wel, Thomas, as jy vir ons bewys dat jy regtig boer, dan loop dit padlangs na die troudag toe. Ons het niks op jou gedrag en persoon teë nie. Mag God julle seën, Tom.”

Sofie moet ook kom en hulle kry albei ernstige vermanings van die ouers. Sofie het feitlik gisteraand al klaar ouers gevra. Dit word ook so beskou: „Julle kan vir ons gaan koffie maak, Sofie, want Tom het ons slaap heeltemal verdryf en jou ma en ek voel lus vir koffie. Nie waar nie, vrou?"

„Ja, my man, dis wel uit ons gewoonte uit, maar Tom se voortvarende gedrag het my dronk geslaan en dorstig

gemaak. Ons kan dit sommer op hulle geluk ook drink," voeg sy daar laggend by.

Vanaand is dit so te sê die eerste aand wat Tom en Sofie regtig soos twee verliefdes opsit, sonder steurnis, heeltemaal vry en asof dit van nou af so behoort. Hulle bespreek selfs wanneer hulle sal trou en waar hulle dan sal bly. Tom en sy vader sal 'n kamer bybou aan die huis oorkant die rivier. Miskien word daardie platdakhuis nog eendag hulle s'n. So nie, dan bou hy iewers op 'n mooi plek vir hulle 'n gerieflike woning . . .

Tom vertel die volgende more aan sy ouers die onverwagte nuus in die kombuis, toe hulle sit en koffie drink. „Pa en Ma, ek kom Pa en Ma hulle nou bekend stel dat ek en Sofie gisteraand ouers gevra het. En ek sê dit nou vir Pa en Ma dat ek met Sofie gaan trou. Ek hoop dat dit na Pa en Ma hulle se sin sal wees.”

Hulle oë, wat gewoonlik dowwerig en ietwat gevoelloos is, het begin te skitter onderwyl Tom praat. Die moeder sê: „Tom, wat het jy aangevang?” Sy kan niks meer sê nie en soen hom oor die groot geluk wat hulle gaan tref. Die vader sê net: „Soon!” Hy kan niks meer uitbring nie. Maar nadat hulle iets geëet het, sê hy vir Tom: „Soon, kom ons gaan oorkant toe.”

Hulle stap saam weg. Dis Thomas Kreukelman se eerste werksdag as 'n regtige boer.



# Lotius

## Moses

'n Kindjie in 'n „skuitjie” klein  
wat stil weer in die riet verdwyn.  
Sy moeder 't dit vir hom gemaak.  
'n Engel het daarby gewaak . . .  
Hy word op prinselike wys  
gebring in Faro se paleis.  
Maar hy, „Kind”<sup>1)</sup> van die Strome, hy  
word Moses van die woesteny.  
Op bergtoppe is hy daar alleen,  
maar in gemeenskap met dié Een.  
Geslingerd swaar — in Godsgesig  
herkry hy dan sy ewewig.  
So 't hy vir God 'n volk berei  
wat Hy na Kanaän wou lei.  
*Só te lewe!*

Hy beur op, rus-rus, teen die hang  
van Nebo in rustelose drang.  
Met onverwoesbre moed en hoop  
voleindig hy sy laaste loop . . .  
Vereensaamd staan die groot figuur  
bo-op die berg. Dis sterwensuur.  
'n Pragveldsweelde, 'n Glorieland,  
word sigbaar van sy hoë stand;  
en ritmies speel dit alles mee  
tot aan die Westelike See,  
van sneebetopte Libanon  
tot in die Suide, — 'n horison  
wyd-oop. En in dié oord  
sterf Moses stil op Godes Woord.  
*Só te sterwe!*

Regs juig die vrugbre akkervore.  
Links sing fonteine, groot-gebore.  
Tussen die spoelste, in die hange,  
waar net verruis die windgesange,  
waar skaars 'n voetstap gaan verby,  
daar 't God vir hom 'n graf berei.  
*So te rus!*

---

1) „Moses” van Egipte. Ms(w) = Kind.

## *Aandblommetjies*

Die skemeraand  
daal hier vanaand  
so stil, so sag.  
En 'k loop nou oor  
jeugdige kweek  
waaruit die teer  
aandblommetjies  
hul koppies steek.

Hul het net vier  
teer blaartjies; spier-  
wit straal hulle in  
die laaste lig,  
en vriendelik-bly  
begroet hul my.

Helaas, dat 't moet,  
die afskeidsgroet:  
„Ons bloei een keer,  
net in die aand,  
en dan nie weer!”  
Tog was so goed  
vir my gemoed  
die vespergroet.

\* \* \*

Ek dink aan hul  
(hoe baie is daar!),  
die kinderskaar,  
aandblommetjies,  
wat hier net uit  
die ogies kyk,  
om dit dan weer  
en immermeer  
vir ons te sluit.

En tog is hier  
geen lig so rein,  
so hemelwit,  
as wat daar uit  
dié ogies skyn.

\* \* \*

Aandblommetjies,  
ag, pryk vir my,  
en maak my nou  
'n oomblik van  
die aarde vry!

# Die Pottebakker se Werk Het Misluk

deur Sannie Uys

Die ou grysaard maak die „Boek” oop. Die verwaarloosde ou hande frommel en soek tussen die blaaië. Stadig lees oom Lukas die plegtige woorde: „Maak u op en ga in het huis des pottebakkers. Zo ging hij af en ziet, hij maakte een werk op de schijven en het vat dat hij maakte werd verdorven als leem in de hand des pottebakkers. Toen maakte hij daarvan weder een vat gelijk als recht was in de oogen des pottebakkers.”

'n Verwaarloosde figuur is die ou oom in sy geslyte ferweelbroek, stowwerige velskoene en rooi doek wat bedags oor sy kop gebind word om hom teen die son te beskerm.

Toe Mina hom jare gelede die eerste keer sien, het sy ondeund uitgeroep: „Maar Mamma, hy lyk net soos Johannes die Doper, ek is seker hy eet sprinkane en heuning!”

„Hy dra die hele Bybel in daardie ou grys kop rond,” het Elisabeth Nel, haar moeder, ernstig gesê. „Ek wens ek het 'n greintjie van die wysheid wat die ou man besit.”

Elizabeth luister na die gewigtige woorde wat soos swaar druppels water op haar ore val. Sy is 'n groot, sterkgeboude vrou met 'n bos rooibruin hare wat styf van die wit voorkop weggekam is sodat nie 'n krulletjie kans kry om uit te glip nie.

Daar is iets trots en afgetrokke in haar houding, 'n soort waardigheid wat geen vrypostigheid sou veroorloof nie. 'n Regverdige mens wat nie meer van 'n ander verwag as wat sy van haarself eis nie.

Toe die boeke weggesit is, sê oom Lukas: „Nou wil ek weet hoe dit met Mina gaan. Waarom het julle die kind uit julle huis laat gaan?”

„Dit was eintlik haar eie keuse, oom Lukas,” sê Elizabeth. „Die droogte duur so lank, dinge word aanhou moeiliker. Mina sê toe sy sal 'n plaasskooltjie neem, sy het nie die geleerdheid om in 'n Goewermentskool onderwys te gee nie. Ongelukkig is sy so ver — ons aan die een ent van die distrik, sy aan die ander. Dit is ses maande wat ons haar laas gesien het. Sy het nie vir die Septembervakansie huis toe gekom nie.”

„Ek mis die kind,” sê oom Lukas langsaam. „Ek hou nie daarvan dat sy onder vreemdelinge moet wees nie. Sy moet hier in haar ouerhuis wees. Sy is sagaardig en nederig, twee dinge wat die Here lief het. Laaskeer toe ek hier was, het sy water gebring en my voete gewas net soos ons liewe Heer met sy dissipels gedoen het. Sy is 'n goeie kind, Elizabeth, 'n baie goeie kind.”

Elizabeth onthou goed hoe die ou man sy hand op die bruin krulle van die jong meisie geplaas en haar geseën het, die grysaard met die ondervinding en wysheid van sy lang lewe agter hom, die laggende jong dogter met haar onkunde, haar jeug, haar behae in die lewe, en vir wie die toekoms aanloklik lyk.

„Liesbet, as jy skryf, sê vir Mina ek was hier. Gee haar my groete. Sy is altyd in my gebede. Ek is baie moeg, ek sal maar bed toe gaan.”

Elizabeth Nel is bly dat die ou man gaan slaap het. Sy het nog allerhande werkies om te doen. Toe sy eindelijk in die bed kom, kan sy nie aan die slaap raak nie. Sy dink aan baie dinge. Sy moet 'n broek uit haar man se klerekas vat vir die ou man. Jan, weet sy, sal sy laaste pond aan oom Lukas gee.

Die ernstige woorde wat die ou man gelees het van die pottbakker en sy klei, laat haar aan 'n moeder en haar kind dink. Die moeder het die klei in haar hand. Sy moet haar bes doen om 'n sierlike voorwerp te maak. Toe Mina gebore is, het Elizabeth besef dat sy onvoorberei is vir die moeilike taak. Bewus van haar tekortkominge het sy met 'n angstige hart die taak aanvaar. Haar gebede vir geduld en wysheid het nie onverhoor gebly nie. Mina was 'n saggeaarde, minsame kind. Haar taak was 'n taak van liefde.

Elizabeth het nie goed geslaap nie. Sy is vroeg op. Oom Lukas moet weggehelp word. Jan moet lande toe gaan.

Teen agtuur is oom Lukas toe weg en Jan werk op die lande.

Elizabeth hou haar besig met haar werk in die huis. Daar word geklop aan die voordeur. Dis die Polisie! Hulle het met misdad te doen, met mense wat moor en steel. Sy ken sulke mense gladnie. Hulle is uitlanders, nie haar eie mense nie.

„Mevrou,” sê die man in Engels, „ek moes in hierdie rigting kom en die dokter het my gevra om dié brief aan jou te gee.”

Sy nooi die man binne, sy gaan koffie haal.

Jan is in die veld. Sy het niemand om te stuur nie. Nou sal sy die brief maar self aan hom moet gaan gee.

Sy sien die verandering op haar man se gesig as hy die brief lees.

„Wat is dit?” vra sy.

„Dit is 'n brief van die dokter. Hy sê ons moet dadelik kom. Mina is baie siek.”

„Mina siek? Waar? By wie? Hoekom stuur hulle die brief met 'n poliesman?” vra sy ontsteld.

„Ek weet self nie. Ons het nie tyd om te versuim nie. Ons moet ry.”

Elizabeth strompel oor die los kluite in die land; haar knieë swik onder haar. Jan hou haar aan haar elmboog. „Laat my los, Jan,” sê sy, „ek sal liever alleen loop.”

Mina is siek, ernstig siek, en dit is ver — amper 'n dag se ry. Hulle moet hulle haas.

Met swaar, bekommerde gedagtes ry die twee. Die hitte is ondraaglik. Meestal sit hulle stil; en wanneer hulle praat, vra hulle mekaar angstige vrae wat nòg sy nòg hy kan beantwoord. Waarom die kort briefie? Waarom het die dokter nie meer gesê nie? Hulle tuishuis is toegesluit. By wie en waar lê Mina siek?

Elke myl word twee, elke uur verdubbel. Die vlaktes wat voor hulle uitstrek, is die verlatenheid self.

Elizabeth onthou dié wêreld nou soos sy dit die eerste keer gesien het toe Jan haar hierheen gebring het. Toe het dit gelyk asof die Skepper 'n ou perkamentrol in sy hand gehad het, die rol uitgeskud en dit tot aan die blou van die hemel oopgerol het. Vandag lyk dit net só . . . As 'n mens op 'n rantjie uitkom en jy dink dit is die einde, die lewensloosheid gaan nou verander, is jy teleurgestel, lê

daar maar weer dieselfde vaal kaal landskap voor waardeur die wit stowwerige pad soos 'n lint vleg.

'n Kraai, 'n aasvoël wat hoog in die lug draaie maak, 'n bok wat aan die uitgedroogde bossie vreet, is al lewende ding wat hier te sien is. Deur die tent van die kapkar skroei die son op Elizabeth en Jan neer, die perde se koppe hang terwyl stofwolkies onder hulle pote uitslaan, en daar is 'n aanhoudende geflikker in die lug wat Elizabeth se oë seermaak.

As hulle die dorp inry, gaan die son onder in 'n gloed van vlam en safraan. Hulle hou voor die Dokter se huis stil en Jan stap in om te vra wat gebeur het, waar Mina is.

Toe haar man terugkom, sien Elizabeth dat hy doodsbleeke is, skaars regop kan loop.

„Jan, in hemelsnaam, wat is dit? Is Mina dood?”

„Nee, sy is nie dood nie. Sy is in die tronk. Daar word beweer dat sy haar kind doodgemaak het.”

Kind! Tronk! Dood! Wat is die gekke woorde wat sy uit haar man se mond hoor, vreeslike woorde, afskuwelike woorde, die betekenis waarvan sy glad nie begryp nie?

Sy is nie die soort vrou wat onder 'n skok sal flou word nie. Daardie tydelike genade word haar nie gegun nie. Haar liggaam is te sterk, hy gaan op sy gewone manier voort terwyl haar lewe verwoes is. Haar wêreld wat sy opgebou het, haar huislike geluk, haar tevredenheid in haar eenvoudige daaglikse lewe saam met haar man en kind, is in 'n enkele oomblik vernietig.

Sy moet al haar kragte inspan om die ramp die hoof te bied. Sy moet nie oor haarself dink nie. Daar is Mina. Daar is Jan, haar man.

Uiterlik is sy en Jan dieselfde mense. Hulle sit daar in die ou kapkar waar Mina, as klein dogtertjie, altyd so graag langs Jan gestaan en leisels vashou het.

Die perde se pote gaan klop-klop op die klipperige straat. Die peperboompies buig in die wind. Die armsalige huisies met vaal sement of rooi klei gepleister, reg op die straat, die kaal agterplasia's waar die wind die eenvoudige kledingstukke heen-en-weer waai, die kindertjies wat op die nou stoepies speel en kaalvoet oor die straat hardloop, sien Elizabeth nie raak nie. Sy skrik geweldig en kry Jan aan die arm beet toe 'n kind met 'n groot kop en teringagtige beentjies in sy vader se skoene oor die straat aanslof en byna onder die perde te lande kom.

Dit lyk of Jan nie weet wat om hom aangaan nie. Sy weet self nie wat hulle hier op die rand van die dorp maak nie. Ja, Jan en sy ry tronk-toe! Hulle gaan vir Mina kyk. Mina het 'n kindjie gekry en sy het dit vermoor. Elizabeth sê die woorde oor en oor in haar gedagte en begryp daar niks van nie.

Jan hou stil voor die tronk. Hulle klim af. Elizabeth struikel. God, is daar geen genade vir 'n moeder in so 'n tyd nie?

Sy, Elizabeth Nel, moet haar kop orent hou, al is sy tot in die stof verneder. Niemand kan haar help nie. Sy moet haarself help. Haar swakheid moet sy nie 'n vreemdeling laat sien nie.

„Mnr. Nel,” sê die sipier met sy sagte stem, „ons het jou dogter in die kamertjie gesit wat ons vir die siekes hou. Kom, ek sal jou die weg wys.”

„Jan,” fluister sy, „wag in die man se kantoor. Laat my alleen gaan.”

Mina sit vooroor op die ysterkateltjie; haar kop is in haar hande en haar sagte bruin hare hang om haar gesig.

„Mina,” sê Elizabeth, „Mina, my kind, hier is jou moeder.”

Mina kyk haar met verwilderde oë aan. Sy val op haar knieë en kry Elizabeth om haar bene beet. „Moeder!” roep sy, „Moeder, help my! Neem my weg uit hierdie aaklige plek!”

Dié nare gekreun, dié wilde oë, kan dit haar sagsinnige kind wees?

„Mina, my kind,” sê sy, „jy het rus nodig. Kyk, die kamertjie is bedoel vir siek mense. Daarom is jy hier. Ek gaan jou nou in die bed sit en sal hier by jou bly soos ek gedoen het toe jy 'n kind was. Ons sal nie vanaand praat nie. More kan jy my alles vertel.”

Sy trek vir Mina die slaapklere aan wat sy saamgebring het. Sy borsel haar hare, baai haar gesig. Sy stuur Jan om 'n slaapmiddel by die dokter te haal. Sy doen al die nietige dingetjies wat 'n mens van raserny red in so 'n vreeslike uur.

Sy bring die nag deur op die stoel voor die bed. Die ysterkatel met die uitgemergelde liggaam van haar kind sou 'n baar kon wees waarop al haar hoop, al haar gebede en geloof in die toekoms verydel lê. As Mina dood was,



sou sy 'n sekere troos hê: die troos dat die Voorsienigheid dit goed geag het om haar kind weg te neem. Maar Mina leef. As dit dag word, sal dié dooie slaap Mina verlaat, sal sy haar daaglikse lewe moet hervat en sal dit 'n gruwelike kruis wees vir die arme kind.

Dat Mina 'n kind gehad het, kan sy nog verstaan. Maar dat sy haar kindjie vermoor het, *dit* sal sy nooit glo nie, nooit! Dis onmoontlik, dit kon nie gebeur het nie.

Haar gedagtes. Sy dink dié sal opgeskryf staan in die boek wat deur die Groot Regter oopgeslaan sal word op die oordeelsdag. As Mina se sonde aan die eenkant neergeskryf word, sal die angs en verdriet, die gebede van 'n moeder wie se hart gebreek is oor die verwoesting van 'n jong lewe, aan die ander kant staan.

Dit was maar gisteraand dat Lukas Meyer voorgelees het van die pottebakker. Sy was die pottebakker. Sy het die klei in haar hande gehad en haar werk het misluk.

Sy het haar uiterste gedoen om 'n sierlike voorwerp te maak, sy het haar bes gedaan om haar kind te help om 'n standvastige karakter te vorm. As sy liefde en geduld het, so het sy gedink, sal sy haar kind op die regte weg lei . . . Mina het groot geword en almal bekoor. Ou mense het haar lief gehad en kindertjies het van haar 'n maat gemaak. Toe kom die tyd dat Mina haar vroulike jare intree. Hoe moes Elizabeth nou handel? Haar eie moeder sou eerder gesterf het as om met haar oor geslagsprobleme te praat: en Elizabeth kon haarself nie so ver bring om met Mina daaroor te gesels nie. Sy het nóg die wysheid, nóg die taal gehad om dié dinge met haar dogter te bespreek.

Sy het haarself getroos met die gedagte alles sou wel regkom. Sy het 'n goeie man gekry, Mina sou ewe gelukkig wees. Een van die boere seuns wat sy en Jan ken, sou na haar kind kom vry. Mina sou trou en naby hulle woon. Sy sou Mina se kinders help grootmaak.

Mina se man en kinders . . . maar hier sit sy, Elizabeth Nel, in 'n tronksel. Sy dwaal. Mina het geen man nie. Sy het 'n kindjie gehad, en dié is dood. Dit word beweer dat Mina haar babetjie vermoor het, iets wat sy nooit sal glo nie. Dit is die rede waarom sy nou hier in 'n tronksel langs haar arme slapende kind sit en waak.

Daar kom 'n flou lig deur die hoë nou venstertjie. Die yster-staander met die waskom en beker, die greinhout-kassie teen die muur, die blikblaker op die grond, neem langsamerhand hulle gewone vorm aan. Die daglig wat troos bring ná die donkerste nag, sal vir Elizabeth Nel geen verligting skenk nie. Sy voel dat die donker van die tronksel 'n beskerming is. Met die koms van die dag moet sy en Mina hulle swaar kruis in die wêreld uitdra, en sal nuuskierige oë en lastertonge hulle dan nie spaar nie.

As Mina voor die Magistraat verskyn, sê sy geen woord nie, staan sy daar wesenloos. Hy vind dat daar nie voldoende getuienis is om haar skuld te bewys nie. Borgtog word toegestaan. Die papiere word na die prokureur-generaal gestuur. Dalk sal hy sê hulle moet verder ondersoek instel. Jan Nel neem sy vrou en kind huis toe. Soos mense wat van hulle spraak beroof is, sit die drie in die kapkar, elkeen met sy eie gedagtes.

Mina is soos iemand wat stom is in die weke wat volg. As iemand haar iets vra, antwoord sy. Uit haar eie maak sy geen aanmerking nie. As haar werk klaar is, stap sy die veld in. Niemand weet wat in haar gedagtes omgaan nie.

Vir Elizabeth word die spanning ondraaglik. Sy sou enigiets in die wêreld doen om die vertrouwe van haar kind te kry. As sy deur dié koue stilswye kon dring, as sy die innerlike dieptes van haar dogter se hart kon bereik, sou sy in staat wees om te help, om Mina van hierdie siel-dodende toestand te red. As sy haar maar net kon kry om te praat oor die angs en verdriet wat sy in daardie aaklige tyd deurgemaak het, te vertel wie die vader van haar kind is, hoe sy so ver gekom het om haar dooie kind op die veld te laat staan, dan sou daar hoop wees vir die begin van 'n nuwe lewe.

Op 'n tragiese, onverwagte manier kom daar uitkoms. Sarie, die bywoner se vrou, verwag 'n babetjie, haar agtste kind. Met die geboorte het dinge verkeerd geloop en Elizabeth word geroep. Daar is nie veel wat sy kan doen nie.

Die vader, 'n klein versukkelde mannetjie, sit in die kombuisie en huil terwyl sy vrou met die dood worstel. Hy kla en kerm dat hy nie sonder sy vrou kan klaarkom nie. Hoe sal hy die wesies groot maak?



BOSVELD. Hardekoolboom by Kransberg, Rustenburg. In besit van Haar Majesteit Prinses Wilhelmina, Nederland. [J. H. Pierneef.



'n Sterk, gesonde seuntjie is gebore; dieselfde nag is die moeder dood. Elizabeth besluit sy sal die kindjie huis toe neem, sy sal daarvoor sorg.

Toe sy tuis kom, neem sy die babetjie en lê dit in Mina se arms. Daar gebeur die wonderwerk. Mina druk die kindjie hartstogtelik teen haar bors. Dan kom die stortvloed woorde: „Moeder!” roep Mina uit, „waarom moes die vrou sterf, en ek wat die dood sou verwelkom, leef? Daar is niks om voor te leef nie. Moeder, die lewe was tog so aanloklik. Adriaan se liefde vir my en myne vir hom het alles mooi gemaak. Toe moes ek uitvind dat ek bedrieg is, dat Adriaan my laat staan het om al die ellende alleen deur te maak. Hy kon my nie lief gehad het nie. Hy moes my gehaat het, want 'n mens sou nie jou grootste vyand aan so 'n marteling oorlaat nie!”

Sy sou 'n ongetroude moeder wees. Sy wis maar alte goed wat van sulke meisies gesê word, met watter veragting op hulle neergesien word, dat daar geen plek in die samelewing vir hulle is nie. Sy was alleen, moedersielalleen. Daar was niemand na wie sy haar toevlug kon neem nie. Aan haar ouers was daar nie aan te dink nie. Sy sou 'n groot skande op hulle huis bring. Die Predikant, wie se seun die vader van haar kind is, sou haar sekerlik nie inneem nie. Die mense by wie sy skoolhou, sou haar gou genoeg uit hulle huis wegja . . .

Eindelik het die huisvrou agterdogtig geword. Toe Mina haar skimpe verstaan, het sy besef dat sy nie langer daar kon bly nie. Sy moes vlug . . . maak nie saak waarheen nie. Enige plek. Die veld waar daar geen nuuskierige oë, geen lastertonge is nie.

Daar was 'n ander uitweg. Sy kon haar eie lewe neem. Dit sou ook die lewe van haar kind beteken. Daarvoor het sy nie die moed gehad nie. Sy kry later 'n plan. As sy die dorp haal, sal sy die poskar kry en na die stasie gaan. Vandaar sal sy met die trein Kaap-toe reis, waar daar stellig 'n herberg sal wees vir verlore meisies.

Sy het van die plaas weggesluip toe die huisvrou ongesteld in die bed lê. Sy het myle gestap. Toe dit donker word, kon sy nie verder nie. In 'n leë sanderige spruit, onder 'n doringboom, het sy gaan lê en aan die slaap geraak. Toe sy wakker skrik, kon sy nie opstaan nie. Haar tyd was daar. Sy was soms flou, soms bedwelmd van die pyn.

Sy kan nie alles onthou nie. Toe die kindjie gebore is, het sy dit opgetel, teen haar bors gedruk. Sy moes bewusteloos geword het. Toe sy bykom, was dit dag, die kindjie in haar arms yskoud. Haar babetjie was dood.

Daarna het sy net een gedagte gehad. Sy moes daar wegkom. Swak soos sy was, het sy al haar kragte ingespan. Op haar knieë het sy die sand met haar hande weggekrab, die babetjie in die holte gelê en die lykie met blare en takke toegemaak. Sy het aangestruikel tot sy by 'n sinkhuise uitgekom het waar arm mense haar kos gegee het en 'n bed om op te slaap. Daar het sy 'n paar dae gebly. En daar het die polisie haar gevind. 'n Bokwagter het haar gesien wegstap en later die lykie onder die blare ontdek.

Elizabeth se arm is om haar dogter wat nog altyd die bywoner se kindjie in haar arms het. As Mina klaar gepraat is, skyn daar 'n nuwe lig in haar oë.

'n Maand later en Mina staan voor die regter in die Rondgaande Hof. Kalm en bedaard vertel sy haar verhaal. Sy word ontslaan. Saam met haar ouers keer sy terug na die plaas.

Oom Lukas kom weer op die plaas kuier. Soos dit sy gewoonte was, hou hy dié aand godsdien. Hy lees uit Markus: „Laat de kindekens tot mij komen en verhindert ze nie, want der zulken is de koninkrijk des Hemels . . .”

'n Ruklank sit die ou man en die jong vrou stilswyend langs mekaar, Mina met die slapende kind op haar skoot. Oom Lukas lê sy growwe hand op hare. „Mina,” sê hy, „die kindjie sal jou die weg wys . . .”

\* \* \*

Jare later toe Elizabeth hoor oom Lukas lê op sterwe na dood op die dorp, het sy hom gaan besoek. Sy eerste vraag was:

„En hoe gaan dit met Mina?”

Elizabeth vertel hom Mina is hoof van 'n kindertehuis, 'n huis vir ongewenste kinders.

„Die Groot Pottebakker is besig om 'n ander voorwerp te maak,” sê die ou man met 'n sagte glimlag, „een wat goed is in sy oë . . .”

# D. J. Malherbe

## *Die Hoogte*

Eenmaal het langs die grootpad van die Tyd  
die Liefde opgerig teen duister steil  
die Kruis wat Voor en Na gelyklik vat,  
vir baie tot ergernis, vir baie tot heil.

Toe het 'n stem die wêreld oor gegaan:  
dit is die hoogte van geheimenis,  
die wysheid Gods, vreemd vir die mensverstand,  
dit is die weg wat onverklaarbaar is.

Elkeen moet hierdie hoogte langs verby  
en buig of smaad, soos hom die hart beleer:  
die priester en geleerde, arm en ryk,  
die wind van hoogmoed en verstokte eer.

Hart, leer my, die beladene, dat ek  
die daad van ootmoed eensaam mag volbring,  
want anders klim uit mensvlak, swart van skuld,  
op tot sy vryheid nooit 'n sterweling.

## *Besoek*

Stil in die holte van die eensaamheid  
het een tot Hom genader sonder waan  
en met sy skat van kennis, half beskaamd,  
geluister na die Woord wat nooit vergaan.

Hy het ontvang wat was soos lentereën,  
dat sy geleerde vrae moes verstom,  
want uit die brak van Wet en Skrifte het  
plots opgespruit 'n lus van blaar en blom.

Min weet die wêreld wat die nagtyd bring,  
die stiltes van nagdonker sonder prys,  
maar eenmaal het 'n nagroos oopgebloeï  
met geurigheid tot altyddurende spys.

# Staats- en Volksverpligting teenoor die Skrywer

deur G. A. Watermeyer

Ons belewe nou al vir die laaste tien jaar 'n tydperk van immer stygende lewenskoste, van haas ongelooflike uitbreiding op die gebied van die handel en die nywerhede waarin die Afrikaner 'n steeds belangriker rol speel, van voortdurende agitاسie om hoër lewensduurte-toelae aan die kant van die werker. Oral is die staat verplig om in te gryp en tegemoet te kom; dink maar aan die ondersteuning van baie miljoene ponde wat toegesê is vir die ontwikkeling van brandstof uit steenkool, van die moontlikheid om alle waterbronne te beheer.

Ook die werkgewer is daartoe verplig om hoër lone te betaal en die vakman verdien vandag dikwels veel meer as die pedagoog. Alles in ag geneem, beleef ons 'n tydperk van ekonomiese welvaart soos selde in die geskiedenis en staan groter en altyd nuwer ontwikkelings ons voor die deur. Ons is vinnig op pad om die tweede Amerika te word, en die woorde wat die groot Spaanse digter Frederico Garcia Lorca in verband met Amerika gebesig het, word al meer en meer van toepassing op onself: „'n Koue, meedoënlose wêreld met 'n bloot tegniese vooruitgang wat 'n primitiewe stadium van beskawing verrai.”

Ons het reeds as volk vandag ons balans verloor; ons voel, dink en handel hoofsaaklik in terme van geld, en dit geld ongelukkig reeds al vir ons skrywers en kunstenaars self. O ja, ons gebruik nog graag sulke begrippe soos „die geestelike waardes van die volk,” „die kultuur van die Afrikaner,” maar ons doen dit in werklikheid alleen maar om die massa om die bos te lei, om ons eie sak te vul of ons eie saak te bevorder. Ons glo al lank nie meer wat ons sê nie en die massa, wie se gevoel ons daarmee



uitbuit, begin nou ookal nie meer daardie storiëtjie glo nie. Ons staan op die rand van geestelike bankrotenskap, maar ons weier en sal weier om dit te erken tot in lengte van dae.

Die voortbrenging van kuns van gehalte en omvang, 'n verskynsel wat in sy diepste wese 'n weerklank is van die algemene volksiel, 'n maatstaf waarby die kulturele peil van 'n volk gemeet moet word — kuns het bykans geen bestaansreg meer in ons hedendaagse samelewing nie. Die suksesvolle besigheidsman beskou dit as tydsverspilling en die beoefenaar daarvan as 'n bejammeringswaardige of veroordeelbare sukkelaar; die breë publiek vind hom 'n abnormale, selfs 'n ongesonde verskynsel — iets snaaks; geen regering van die verlede of die hede, selfs geen individuele staatsman, met die uitsondering van generaal Hertzog, het nog ooit 'n vinger verroer om sy moeilikhede te vergemaklik of sy talent te erken nie. En tog was dit 'n Eugène Marais wat met „Winternag” ons taal opgehef het tot 'n kultuurpeil; mens sou vandag 'n besondere interessante studie kon maak om vas te stel in hoeverre die werk van ons woordkunstenaars, en die gevolglike bewussynsvertroue wat daardeur aan die volk gegee is, bygedra het tot die oorwinning van die nasionale gedagte in ons land.

Sonder die moontlikhede tot selfagting en aansien in die oë van sy medemens kan geen persoon tot onafhanklike individu ontwikkel nie. Steeds sal hy by hierdie of daardie persoon aanleuning soek en so sy eie individualiteit prysgee. Wat vir die individu in besonder geld, geld vir die volk in die breë sin. As volk kon ons onmoontlik nie selfagting ontwikkel indien ons taal nie in ons eie oë en in die oë van verwante of aangrensende volkere as kultureel gelykstaande vertolkings- en uitdrukkingsmiddel beskou was nie. En wie het aan ons taal sy finale bestaansreg gegee? Wie het uiteindelik die Hollandse spotterny van „een aardig taaltjie” en die Engelse skimpe van 'n „Cape Dutch patois” figuurlik gesproke in die kele van daardie betrokke rasse afgedruk? Seer seker nie die leiers van kultuurorganisasies nie, geensins die politieke propagandiste nie, maar hoofsaaklik die geniale woordkunstenaar: Eugène Marais, Van Bruggen, Langenhoven en al die talle name van ons beste digters en prosaskrywers.

En hoe het ons as volk ons skuld en ons dankbaarheid

betoon? Eugène Marais, daardie aristokratiese figuur, het as brandarm man gesterf, en as Preller nie vir hom in die bres getree het nie, sou hy bes moontlik aan gebrek blootgestel gewees het. Een van ons bekendste skrywers word tegemoet gekom met 'n oudstryderspensioen van tien pond per maand, maar, as hy dit sou durf waag om 'n verder verryking aan ons letterkunde te bring, dit wat volksbesit is, dan word die inkomste wat so 'n werk mag meebring, van die pensioen afgetrek! Daar is jong belowende skrywers, wat as gevolg van ekonomiese omstandighede, genoodsaak is om drie boeke te lewer in dieselfde tyd waarin hulle slegs een werklik kan afrond — en die uiteindelijke verlies is 'n volksverlies.

Maar wat gaan sulke toestande ons volkspubliek, ons staatsmanne of selfs ons kultuurorganisasie aan? Ons is bereid om geld oorsee te stuur uit liefdadigheid, vergetende daardie beproefde uitdrukking: „charity begins at home.” Ons bestee geweldige somme aan die opvoeding van die naturel, selfs aan die Indiërs; ons is begaan oor die kultuur van die Boesmans en doen navorsingswerk in dié verband wat aardige sommetjies beloop — ons weier botweg om ons eie skrywer en gevolglik onself as volk te help deur dit vir hulle moontlik te maak om te skep, vir hierdie geslag en vir al die geslagte van Afrikaners wat nog na ons moet kom.

Laat ons, om meer perspektief op die rol van die kunsteenaar in die samelewing te verkry, twee beskawings as voorbeeld neem: een uit die antieke en een uit die moderne tydperk. Waarop berus die roem van die eens so hoogstaande Helleense beskawing vandag? Is dit te wyte aan die vroeëre militêre mag van Athene en Sparta? Is dit te wyte aan die ekonomiese krag waaroor die ou Grieke beskik het, die mate waarin hulle nywerhede ontwikkel was? Nee, hierdie materiële dinge, wat vandag die alfa en die omega van die Westerse Beskawing geword het, is vir ons by die waardering van die ou Griekse beskawing van heel minimale belang, van verbygaande aard. Maar die magtige epiese gedigte, die Ilias en die Odyssee van Homeros; die onoortroffe tragedies van die drie groot dramaturge, Sophokles, Euripedes en Aeschylus, oorblyfsels van beeldhouwerke, filosofiese en semi-wetenskaplike geskrifte, m.a.w. nie-materiële dinge, daarop berus die roem en die onverganklikheid van 'n heengegane beskawing.

Kom ons by die moderne geskiedenis, kan ons Duitsland ná die tweede wêreldoorlog as voorbeeld neem. Duitsland is militêr gebreek, stoflik verwoes en ekonomies lamgelê. Meer nog, die Duitsers is as barbare gebrandmerk en hulle militêre leiers as misdadigers veroordeel en gevonniss. En vreemd genoeg, in daardie omstandighede het die musiek-konserte groter opkomste as voorheen getrek, het die volk hom instinktief na sy kunstenaars gewend om morele steun en selfvertroue. Die Duitse woord, die Duitse gedagte en die Duitse musiek het ongeskonde oorgebly, al is selfs die monumente en die militêre prestige van die volk vernietig. En die dag toe Beethoven se musiek weer oor die Westerse Wêreld gespeel is, het die vyande van Duitsland die waarde en die noodsaaklikheid van die Duitse beskawing vanself erken. Ja, die kunstenaar is per slot van sake 'n belangriker, 'n groter en 'n veel meer durende figuur as die staatsman, die ekonoom of die militêre leier. Van Engeland is dit deur 'n bekende Britse staatsman gesê: „By nothing is England greater than by her poets.” Hierdie stelling is reeds bewys: Engeland moes Indië en die ekonomiese voordele aan so 'n besetting verbonde prysgee — Shakespeare se bydrae tot die Britse wêreldprestige bly onvernietigbaar, onmeetbaar!

Kom ons by Suid-Afrika dan vind ons die blanke bevolking verdeel in twee groot groepe, en die mees kenmerkende verskil tussen daardie twee groepe is dat die een Afrikaanssprekend en die ander Engelssprekend is, 'n primêre verskil dus van taal. En hoe belangrik die rol is wat die Afrikaanse woordkunstenaar reeds in die vorming en uiteindelijke afronding en gestaltegewing van die Afrikaanse taal gespeel het en nog *moet* speel het ek reeds op gewys. Ons letterkunde, tot stand gebring deur die arbeid van enkele individuele skrywers, het reeds in vyftig jaar die onmoontlike bereik, het ons reeds aansien gegee in die oë van die wêreld. Ek dink nou maar byvoorbeeld net aan een faset hiervan — die gunstige kritiek wat deur „The Quiet Adventure,” die vertaalde verse van Elisabeth Eybers, in Amerika verower is. So bly die kunstenaars die gesante van die volk in verre oorde, verleen hulle aan daardie volk 'n status wat geen politieke propaganda ooit kan bewerkstellig nie.

Die vraag is nou, waarom kan die Afrikaanse skrywer dan nie sonder hulp van buite oor die weg kom nie? En

waarom is die skrywer nou juis van meer belang as die skilder of die beeldhoukunstenaar vir die volk? Ek antwoord kortliks. Vereers lê die taalkunste nader aan die hart van die volk as die beeldende kunste. Weinig van ons kan skilder- of beeldhouwerke bekostig, nog minder kan ons dit ten regte waardeer. *Maar feitlik elke gelotterde persoon in die samelewing lees*, en dit is noodsaaklik dat dit wat hy lees, nie net in sy eie taal geskryf moet wees nie, maar dat dit ook 'n genoegsame spannings- en gehaltee-waarde sal waarborg dat hy, indien hy dit vergelyk met ander tale, hy nie minderwaardig teenoor die produkte van sy eie taal sal staan nie.

Die skrywer het dus 'n besondere plig om teenoor die volk te vervul. Ons as volk het 'n sekere reg om van ons skrywers te verwag dat hulle in Afrikaans *moet* skrywe en, nog meer, dat hulle alleen tot die beste van hulle vermoë sal skrywe. Maar nou kom ons voor die ander kant van die saak te staan. In watter opsig maak ons dit vir die skrywer moontlik en moedig ons hom aan om alleen in Afrikaans en slegs volgens die beste van sy vermoë te skryf?

Aleer ons daartoe oorgaan om die probleme van die Afrikaanse skrywer in besonder na te gaan, net 'n algemene praktiese benadering van die taak en produksievermoë van die skrywer. In die eerste plek skryf die werklike kunstenaar nie om ekonomiese voordeel nie, en hierdeur word hy al dadelik in 'n kategorie apart geplaas en spreek dit vanself dat, waar hy geestesgoedere van volkswaarde skeep, hy 'n besondere beskerming en besondere voorregte moet geniet ten einde hom in staat te stel om *aan die volk te gee wat hy alleen kan gee*.

Die ekonomiese struktuur van die Weste het meegebring dat ons vandag van algemene en gespesialiseerde arbeidskragte kan praat. Die oogarts is vanselfsprekend 'n meer gespesialiseerde persoon as die bestuurder van 'n vragmotor. Daarom is die ekonomiese vergoeding van die oogarts van so 'n omvang dat dit vir hom moontlik is om al sy besondere kennis van sy vak in 'n voltydse hoedanigheid aan te wend in diens van die samelewing. Vergelykenderwyse is daar 'n ewe groot gaping in spesialisasievermoë tussen die oogarts en die skrywer, as tussen die oogarts en die bestuurder van die vragmotor. Veelal elke persoon kan leer om 'n vragmotor te bestuur, 'n geringer persen-

tasie besit die potensieële vermoë om hulle te bekwaam as verdienstelike oogartse. Die skrywer beskik oor 'n godgegewe talent wat hom 'n gawe, 'n besondere verryking vir 'n volk maak, en hy is nie alleen uniek in sy besondere uitdrukkingsvermoë nie — *hy is absoluut onvervangbaar.*

Alleen Toon van den Heever kon „Werkstaking by die Kleigat” skryf, alleen Van Wyk Louw kon „Ballade van die Bose” skeep. 'n Prokureur of 'n mediese praktisyn wat normaalweg gesproke vervangbaar is, is geregtig om sy volle energie aan sy besondere taak of nering te wei, maar die skrywer verdien so min dat hy genoodsaak is om slegs in sy spaartyd te skeep. Skeppingswerk is myns insiens die *hoogste vorm van menslike arbeid, maar dit word pro rata met die laagste besoldiging vergoed.* Omdat daar nie voorsiening gemaak word vir die skrywer van talent om voltyds te werk nie is dit vanselfsprekend dat so 'n skrywer slegs 'n deel van sy produksievermoë kan verwerklik. Gevolglik is dit heeltetalogies om hiervolgens af te lei dat slegs 'n derde of miskien 'n vierde van die potensieële kunsvermoë van ons skrywers in boekvorm verwesenlik word, en waar hierdie persentasie in omvang styg, neem dit in gehalte af. Gestel nou maar al ons vrugte- en wynboere was mense wat bedags op kantoor moes werk of skoolhou en in die middag en Saterdag hulle boerdery behartig, waar sou ons wyn- en vrugtebedryf vandag gestaan het? Elke mens beskik nou eenmaal oor 'n beperkte geestesenergie en indien van so 'n individu geverg word dat hy hom agt ure uit die twaalf moet besighou met sake buite sy talentsfeer, is dit noodwendig dat hy nie dieselfde hoeveelheid en gehalte van produk kan lewer waartoe hy normaalweg in staat sou wees nie.

Maar, sal die vraag nou lui, waarom kan skrywers in ander lande dan 'n bestaan maak, waarom is daar soveel groot kuns in die verlede gelewer sonder direkte hulp. En hierby sal bes moontlik nog daardie afgesaagde en heeltetal ontoepaslike dwaasheid verkondig word dat kunstenaars noodwendig arme sukkelaars moet wees om te skryf! In die verlede is kunstenaars aan die howe van verligte vorste van die stoflike voorsien en sodoende in staat gestel om voltydse skeppingswerk te verrig. Leonardo da Vinci is 'n voorbeeld hiervan, om slegs maar een naam te noem. Tweedens, sal dit heel interessant wees om te ondersoek hoeveel van die werklike groot en produktiewe geeste van

die verlede dagwerk by hulle gewone skeppingswerk verrig het — ek meen die persentasie sal minimaal wees. Die persoon wat vandag in breë kringe as die grootste Nederlandse digter beskou word, Roland Holst, doen niks anders as om hom aan sy skeppingswerk te wy nie. Shelley en Byron was finansiëel onafhanklike persone, en so kan die een voorbeeld na die ander opgenoem word.

Die feit bly staan dat ongeveer al ons Afrikaanse skrywers van belang in die begin onvermoënde persone was en hulle gevolglik op 'n beroep moes toespits waardeur veel van hulle produksie- en gehaltevermoë verlore geraak het. Waar 'n Charles Dickens van 'n arm bottelwassertjie tot 'n welgestelde man kon ontwikkel as gevolg van sy skryfkuns alleen, sal 'n Afrikaanse Tolstoy, wat hom alleen op sy skryfwerk beroep, vër onder die broodlyn in hierdie land moet lewe. Ons klein volkie en die gevolglik beperkte afset wat dit meebring, lei daartoe dat daar skaars van vergoeding sprake kan wees.

'n Romankunstenaar kan hoogstens op 'n paar honderd pond vir 'n manuskrip reken, en, indien ons Flaubert as voorbeeld neem, kan hy hoogstens elke vier jaar 'n boek van gehalte op die mark bring en Flaubert het voltyds geskryf! Die Afrikaanse romankunstenaar wat hom dus alleenlik op sy kuns gaan toelê, soos feitlik alle groot romanskrywers in die wêreld tog vandag doen en gedoen het, so 'n skrywer sal dus bereid moet wees om op minder as 'n honderd pond per jaar te bestaan. Van die digkuns praat ek liever nie; ook hiervoor is minstens vier tot vyf jaar vir die gestaltegewing van 'n bundel nodig en dan beloop die vergoeding normaalweg 'n sestig pond vir 'n duisend eksemplare wat oor jare verkoop word.

Gestel nou maar „Cry, the Beloved Country” was in Afrikaans geskryf. Die skrywer Paton sou dan moontlik driehonderd pond of wat daarvoor ontvang het, en vir die res van sy lewe sou hy nog maar 'n voltydse betrekking moes beklee. Toevallig is die boek in 'n taal geskryf wat deur miljoene lesers gepraat en gelees word, gevolglik was dit vir hom waarskynlik so lonend dat hy hom in die toekoms slegs op skrywe kan gaan toelê. Bestaan daar nie 'n moontlikheid dat Afrikaanse skrywers, wat tog ook Engels magtig is, skrywers bewus van hulle talent, nie kans sien om 'n kompromis aan te gaan deur roetiewerk te gaan verrig om liggaam en vlees aanmekaar te hou nie,

liewer dan na Engels sal oorslaan nie? Daar is sulke skrywers wat alreeds kortverhale in Amerika publiseer teen 'n bedrag wat ruim tien keer soveel beloop as wat die vergoeding in Afrikaans sou gewees het. Iets dergelyks is met sukses in die verlede deurgevoer toe Joseph Conrad, 'n Pool van geboorte, op reeds gevorderde leeftyd Engels aangeleer het, en vandag staan hy bekend as een van die klassieke skrywers in die Engelse letterkunde. En daar is Maeterlinck, die Vlaming, wat 'n wêreldnaam verwerf het toe hy in Frans geskrywe het.

Persoonlik glo ek nie dat enige Afrikaanse skrywer iets dergelyks met graagte of sonder tweestryd sal regkry nie. En tog bestaan hierdie gevaar reeds en mag dit in die toekoms toeneem. En as daardie bose kringloop die dag voltooi is, wanneer die Afrikaanse woordkunstenaar, die latere broers van Eugène Marais wat, deur hulle in Afrikaans uit te druk, aan die taal sy finale bestaansreg gegee het, in Engels gaan skryf, omdat die kunstenaarskap groter verantwoordelikhede eis as nasieskap — as daardie dag moet aanbreek, dan sal ons as staat, as breë publiek en as kultuurliggame geen morele reg hê om sulke mense uit te kryt nie — *want onself en ons voorgeslagte sal die volle verantwoordelikheid en die skuld daarvan op ons gewete hê.*

Onlangs nog het een van ons bekendste skilders, tydens 'n kunsuitstalling in Bloemfontein, die opmerking gemaak dat, indien 'n skilder in hierdie land werk van universele gehalte sou lewer, dan *moet* die staat sy vrou en sy kinders versorg om hom in staat te stel om hom te wy aan die Afrikaanse volk. Indien 'n skilder dit kan verg, dan glo ek dat die skrywer 'n dubbele aanspraak op sulke ondersteuning het, en wel om die volgende redes: die skryfkuns in hierdie land het alreeds 'n universele standaard bereik waartoe die skilderkuns myns insiens nog nie geraak het nie. Ek neem as voorbeeld die kommentaar gelewer by geleentheid van die uitstalling van Afrikaanse skilderye in die buiteland 'n tydjie gelede en die algemene beskouing wat heers oor die standaard van ons beste Afrikaanse poësie. Ten tweede, skilders wat dus 'n mindere gehalte soort kuns voortbring as wat reeds in die Afrikaanse letterkunde gelewer is, kan vandag in sommige gevalle heelwat verdien deur hulle uitsluitlik op hulle kuns toe te lê. Derdens, die skilder het 'n potensiele wêreldmark, omdat

hy hom van 'n universele medium bedien, terwyl die Afrikaanse skrywer beperk is tot die klein aantal Afrikaanssprekende lesers.

Waar die Engelse publiek van Suid-Afrika skilderye opkoop, skaf hulle feitlik geen Afrikaanse boeke aan nie. Maar indien die Afrikaanse skrywer hom tot die Engelse mark sou wend, sou hy onmiddellik as 'n volksverraaier bestempel word. Die skrywer het dus uit die aard van die saak 'n bykomstige nasieplig wat gevolglik groter verantwoordelikhede van die volk teenoor die skrywer behoort mee te bring.

Gelukkig het die huidige regering al so ver gevorder om 'n Ministerie vir Onderwys, Kuns en Wetenskap in die lewe te roep. In hoeverre hierdie jong Ministerie van praktiese nut vir die skrywer in Suid-Afrika gaan wees, moet nog eers blyk. Om in hierdie verband enige voorspellings te waag, sou alleen voorbarig wees, en die skrywers van hierdie land kan slegs hoop dat daar iets positiefs uit gaan voortkom. Indien so iets nie gebeur nie, sal daar op een of ander wyse vertoë, en sterk vertoë ook, tot die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap gerig moet word. Dit is 'n saak wat nie alleen die huidige geslag van skrywers raak nie; dit het betrekking op almal wat na ons kom en dit moet beslis voorsiening maak vir daardie veterane wat alreeds hulle bydrae tot die Afrikaanse Letterkunde gelever het en vandag weens ekonomiese moeilikhede moontlik swaar oor die weg kom.

Mag ek hier 'n aantal praktiese wenke aan die hand doen om dan ook, wat ek as staats- en volkshulp beskou, beter aan die lig te bring. Vereers moet daar letterkundige pryse ingestel word; nie 'n vierjaarlikse prys van vyftig pond wat op sigself 'n bewonderingswaardige gebaar is nie, maar wat ook by gebrek aan aanvulling as skrynende voorbeeld van gebrek aan geestelike belangstelling van die volk daar staan. Dit sou miskien goed wees om daarop te let dat Vlaandere, 'n land wat soortgelyke taalprobleme as Suid-Afrika het, meer as dertig letterkundige pryse ingestel het waarvan die meerderheid jaarliks toegeken word en waarvan die bedrae in verskeie gevalle aansienlike somme beloop. Ek doen jaarlikse pryse vir elke provinsie en vir elke genre van die skryfkuns aan die hand waarvan die individuele bedrae nie minder as ongeveer £500 sou beloop nie. Daarbenewens sou ek ook 'n jaarlikse uniale prys van minstens



£1,000 vir elke skryfgenre daarstel. Waar die gehalte van die werk dit nie regverdig nie, sal natuurlik geen pryse toegeken word nie. Dog die feit dat alleen gehalte 'n prys kan verower, gaan alreeds 'n geweldige omwenteling in die letterkundige wêreld teweegbring, en veral op gebied van die prosa en die drama behoort dit 'n besondere heilsame uitwerking te hê.

Indien 'n skrywer reeds twee werke van werklik hoogstaande gehalte gelewer het, behoort die staat hom in so 'n mate te ondersteun dat hy wel sy volle aandag aan sy skryfwerk alleen kan wy. In gevalle waar gevierde skrywers na die oukant toe neig, moet die staat 'n genoegsame voorsiening vir hulle tot die dag van hulle dood toe maak. Persone wat reeds bewys van besondere talent gelewer het, behoort verder in staat gestel word om kostelose studiefasiliteite aan ons universiteite te bekom. Op die huidige oomblik word daar geen voorsiening of toekenning vir sulke mense gemaak nie.

Nadat ek self onlangs 'n jaar aan 'n universiteit gestudeer het en my professore in alle opsigte bevredig het wat die akademiese sy van my werk betref, is daar vir die volgende jaar 'n beurs van £5 aan my toegeken, en dit nieteenstaande die feit dat die outoriteite daarvan bewus moes gewees het dat ek soveel as £300 jaarliks moes leen vir studiedoeleindes!

'n Skrywer kan nie te veel weet nie; hy behoort etlike tale te ken ten einde hom te verryk aan die kulture van ander volke, want alles wat op die wyse opgeneem word, word indirek by wyse van volksverryking aangewend. Daar is vandag meer as een jongman met talent wat gewoonweg nie oor die middele beskik om 'n universiteit te besoek nie, en by gebrek aan agtergrond is hulle selde by magte om 'n ryp, afgeronde kunsprodukt te lewer.

En dan kan skrywers natuurlik ook tegemoet gekom word deur hulle in staatsbetrekkings te plaas waar hulle meer ondervinding sal opdoen en tog nog veel vry tyd tot hulle beskikking sou hê. In Venezuela, een van die Suid-Amerikaanse republieke, word verskeie vooraanstaande letterkundiges gebruik vir buitelandse en hoë onderwysposte. In een van die republieke het 'n letterkundige selfs daarin geslaag om diktator te word!

Ons bly ten slotte 'n klein Afrikaanse kultuur, aan beide kante omgrens deur vreemde kulture: die gevestigde

skryftradisie van die Engelssprekendes en die ontwakende kultuur van die Bantoe. Dit is dringend noodsaaklik dat ons geloof in onself as volk sal hê, en as hierdie neiging wat nou reeds posgevat het onder die intelligente Afrikaner om liefs Engelse romans as Afrikaanse werke te lees, omdat laasgenoemde nie 'n genoegsame standaard sou handhaaf nie — met uitsonderings natuurlik — dan is ons reeds op pad om onself te ondermyn. Laat ons as staat, as volk, as kultuur-organisasies hierdie feite vierkantig onder die oë sien en in die lig daarvan werk maak; die dag mag kom dat dit te laat is, dat ons skrywers sal lewer wat die Britse tradisie gaan voed, omdat ons hulle nie wou erken en ons nie aan hulle 'n menswaardige bestaan wou gun nie. Mag daardie dag nooit aanbreek nie, maar ons blindheid om ons geestelike besit te waardeer, sal vir ons eersdaags suur bekom.

Ten slotte wil ek graag die aandag vestig op die beskouings van een van die oudste volkere in hierdie verband soos dit in een van die jongste state vandag tot uiting kom, naamlik staatsondersteuning van Israel aan sy kunstenaars. Ons dink gewoonweg aan die Jode as 'n ras wat die klem alleenlik op die ekonomiese laat val. En tog word daar deeglik voorsiening vir die kunstenaar in hierdie jongste staat gemaak. So byvoorbeeld is daar 'n veel belowende Joodse beeldhouer van wie verwag word dat hy twee uur per week in die lande sal werk en die res van die tyd is dan syne om skeppingswerk te verrig. Indien so 'n kunstenaar se talent dit regverdig, word hy dan op staatskoste oorsee gestuur vir verdere studie. Op ekonomiese gebied het ons in hierdie land veel van die Jode geleer; laat ons dan ook van hulle leer hoe om ons self as volk geestelik en kultureel te handhaaf.

# *C. M. van den Heever*

---

## *In Memoriam*

### I

Hoog op sy perd het hy doodstil gesit,  
die dier was gitswart en 'n goue gloed  
was in sy oë na die haastige rit  
en die oorwinning oor die aarde en bloed.  
Ver onder hom was soos 'n see van glas  
die groot verstillings wat na worsteling kom,  
en waar hy staan, was net die wintergras,  
met hier en daar 'n bruinverlepte blom.  
Waar hy gegaan het, is slegs leegte en leed,  
en rooi, verskrikte oë volg die spoor;  
'n huis staan toe, in gryse angs verloor,  
en niemand wat die ruiters weer vergeet,  
al sink die silhoeëte na baie mane  
oor verre eindings van die langvergame.

### II


Hy het nou stil en ingekeer gelê,  
die witgekalkte mure hoog en strak,  
sy hande in skaduwees, soos in 'n vlak  
van diepblou waters; geen woord gesê,  
net saggies het sy hol, smal bors gedein.  
En in die kers se wikkende lig  
was wit verlatenheid oor sy gesig —  
die voorhoof en die neus 'n helder lyn.  
Toe is ek opgeneem in daardie tye:  
ons was op eindelose vlaktes, hy  
nog groot en kragtig en so ver van lye,  
wat hom, nou nietig, vir die dood berei.  
Die kamer was die grense van die lewe,  
klein het dit ingekring tot aarsel-bewe.

### III

Die pyne het sy fyn gelaat verwring,  
maar onversetlik was sy taai gestel,  
en op die Maandag was die pyniging  
so groot dat ons die ure stil moes tel  
en wonder of daar nog genesing is,  
want telkens het sy krag teruggekeer  
weer na die volle lewe; geeneen wat wis:  
vir hom, die sterke, wag geen redding meer.  
Dan het hy weggesink en swaar gesterwe,  
maar toe hy dood is, het 'n ryke wonder  
oor hom gekom: jonkheid het hy geërwe  
uit vroeër dae, en 'n gelaat het onder  
die pyntrek deurgekom en mooi en fris  
was hy of daar geen ouderdom meer is.

### IV

Met hom sterf nou 'n hele, lange lewe  
en haas 'n horison van berge weg  
vir altyd, word skoon uitgewis 'n strewe  
om hom steeds dieper in my in te vleg.  
Sy hand wat op die ploegstert trillend bewe,  
die saaiër wat oor donker aarde gaan,  
sy woorde wat diep in my vesels lewe —  
die dood se stroom daal op my denke aan!  
Die blare voel 'n vaste wortel knak  
ver in die duister koelheid weggeskuil,  
en daar is siddering van stam en tak.  
Wat baat dit dat die stowwe droewig huil?  
Een mens is maar die mensheid, en sy dood  
wek in ons almal wilde skrik en nood.



J. H. Pierson.

HOUTSKOOLTEKENING. Bosveld, Noord-Transvaal.



## V

Sink dan maar weg in die vergetelheid,  
dit is die bitter lot wat altyd wag;  
neem weg sy klere, al die kleinigheid,  
want in die aarde moet hy nou vernag.  
Laat elke dag nou swaarder oor hom lê,  
laat somer groenheid oor die velde skep,  
nog draal in ons wat hy vir laas wou sê,  
maar op sy graf lê kransies reeds verlep.  
O God, wat in die tye ewig gaan,  
bewaar hom in u diep geheimenis;  
hy het 'n rukkie in u vloed gestaan  
hier in 'n tydskring wat beëindig is,  
en waar die mens verdof en gou vergeet,  
vir altyd, God, sal u van hom bly weet.

## VI

Met elke dag wat nou verby sal gaan,  
weet ons dat hy tot stof word van die aarde;  
wat hy as mens was, wyk nou hiervandaan  
en God bepaal uiteindelik sy waarde,  
want ander dinge sal nou tussen-in  
'n floers, wat swaarder word, oor hom laat lê,  
al valer word sy einde en begin,  
totdat geen mens meer iets oor hom kan sê.  
Die maan skyn helder na sy lydingsnagte  
en donker buk die bome langs die straat  
wat mild is van die voorjaar en 'n sagte,  
'n stil herrysenis. Wat sal dit baat?  
Vir hom geen lang seisoene meer, geen more;  
die dood word saam met ons ontstaan gebore.

# Dolfyne en Vlieënde Visse

*deur Willem van der Berg*

Dis 'n pragtige, sonnige lentedag wat reguit van die hemel af gekom het. Klein Bresler loop deur die vlak groen lande in die laat middagson en kyk ingedagte na die werkers wat met afgewende gesigte traag beweeg in hierdie laaste uur voor uitskeityd. In sy een hand hou hy sy voëlrek vas en in die ander swaai sy pa se koffiekannetjie, die nuwe een wat met 'n dun lagie glas in die binnekant uitgevoer is sodat die koffie lank kan warm bly en die kannetjie self altyd skoon en fris. Oorkant die rivier en reg voor hom sien hy hulle plaashuis met sy hoë wit géwels nou glinsterend in die son en omring deur talryke dun en blaarlose lentebome, stil-groeiend in die sonsilwer. Baie hoog bo vlieg daar 'n swerm voëls verby soos 'n lewende wolk, terug van die verre noorde af, en nou met die bloute as hulle tuiste en die horison hulle doel.

Bresler voel moeg na die lang ent wat hy moes loop, eers van die huis af in die warm middag na die landerye toe waar hy geduldig in die skerp son moes wag totdat sy pa klaar koffie gedrink het, en nou weer die hele ent pad terug. By die oorgaanplek in die breë maar vlak stroom van die rivier swenk hy eers links, loop 'n ent ver langs die watersoom en gaan daar onder 'n wilgerboom net duskant die seekoegat sit om te luister na die voëls en die sagte, aanhoudende geskinder van die miljoene blaartjies in die wind. Hy sit sy verslete petjie en die nuwe, blink koffiekannetjie langs hom neer, vat 'n stokkie van die grond af op en roer ingedagte daarmee in die stroom. Die klamheid van die aarde slaan op en omvou hom soos 'n sagte streling, en die water dein in blink rimpels voor hom en murmel soos 'n geheim wat roep . . .

En sy verbeelding gee gehoor.

Meteens wel daar 'n golf van onredelike geluk in hom op soos 'n sagte wind wat oor hom waai. Hy sien nog aan



die oorkantse oewer een hoë boom vol in die sonlig soos 'n bal vuur, en dan is sy gedagtes los van hierdie wêreld en sy onmiddellike omgewing, en alles versmelt tot vae beelde en wasige gestaltes wat voortdurend verander en beweeg en kom en verdwyn . . . Sy skraal figuurtjie sit gebukkend langs die kabbelende water, sy tengerige seunshandjies gekruis op die knieë en sy dromende oë stip gerig op die blink watervlak voor hom . . .

Die klein golfies, skaars meer as rimpelings, swel aan voor sy blik, word breed en hoog met spierwit kruine en skuim en diep valleie tussen hulle, en netnou is hulle branders op die ver en groot oseaan wat berghoog opslaan rondom sy skip, wat spoel oor die dek waar hyself as kaptein die stuur geneem het en so, ontbloot aan wind en water, voel hoe die houtperd onder hom sidderend en huiwerend maar onverskrokke oor die rug van elke brander klim. Die wind loei deur die toue en die maste en sy bemanning is beangs, maar sy eie hand is stewig op die roer en daar is geen vrees in sy hart nie. Agter hom staan sy eerste stuurman, hy met die gesig nes dié van klein Bennie van oom Herklaas, en sy gesig is nou doodsbлек en sy oë groot van skrik. Eindelik, na baie ure se stryd tussen hom en die see, bedaar die storm en vaar hulle skielik in stil waters waar die see donkerblou-en-pers is en die golwe lomerig dein, en waar daar vér op die horison die kruine van vulkane en die toppe van palmbome op tientalle tropiese eilandjies verrys.

Nou staan hy op die voordek met sy verkyker teen die oë, sy linkerhand rustend op die diamant-beslaande hef van sy sabel. Ander skepe vaar by hulle verby, skepe uit die vier hoeke van die aarde, met vreemde vlae aan hulle maste en party van hulle met donkervellige bemannings. En almal wat by hulle verbyvaar hys hulle vlae van groete, want hulle herken hom dadelik — hy, die beroemde kaptein Bresler wat die sewe seë deurvaar het en baie rowerskepe na die bodem gestuur het. Daar is sierlike seilskepe belaaï met sederhout uit Libanon, goud, ivoor, ape en poue, hoog-gemaste skepe met seile wit soos die vlerke van die albatrosse wat oor hulle vlieg, skepe wat hy voorheen al gesien het in die verre noorde tussen ysberge en bevrore eilande. Maar nou sien hy rondom hom net die ylblou lyne van skitterende koraaleilande met hulle dadeipalms en kokosneutbome waarin apies rondklouter, en duisende

seemeeue, en in die stil waters dolfyne en vlieënde visse. En af en toe is daar hawens waar hulle aandoen en waar die seelui vertel van hulle avonture ter see en in vreemde lande, en altyd is dit sy daade wat besing word en sy roem wat weerklink. En op een van die eilande wag daar 'n prinses, 'n skone prinses gekleed in 'n lang, vloeiende wit tabberd en met oë en gelaatstrekke soos die, nét soos dié van klein Maria van oom Koot op hulle buurman se plaas. Sy wag daar op hom, jarelank al, solank hy rondom die wêreld gereis het op soek na avontuur. Maar nou keer hy terug, ryk en beroemd, na die eiland van sy skone prinses . . .

Die songoud verdwyn van die bome af. Die water verloor sy skittering en word grys. Skemer sak neer op die aarde soos 'n vlinder op 'n blom, en as hy eindelik ontwaak uit sy drome hang die aandster aan die lug en seil die bootjie van die sekelmaan reeds blink oor die donker waters van die lug.

Hy staan gou op, plak sy petjie op die kop, gryp die koffiekannetjie en haas na die oorlooplek toe. Die paar oorstapklippe in die stroom, groot en plat en mosbegroei, lê helder en duidelik voor hom soos knope op 'n blink kledingstuk. Sy voet is op die eerste, die tweede, die derde. Dan, in sy haas, trap hy die vierde mis, gly en val plassend in die stroom sodat die koffiekannetjie ver voor hom plons en sy pet wegdryf op die silwer rimpelings. As hy weer proesend orent kom en die koffiekannetjie optel hoor hy dadelik dat die glas binne gebreek is. Sy pet is weg en hy staan daar bedremmeld in die middel van die stroom, waternat en bibberend van die koue en met angstige gedagtes oor wat op hom wag daar voor in die plaashuis waar die lamplig reeds in die venster skyn . . .

Wanneer hy op die drumpel van die ruim spens staan en saggies kug om sy aanwesigheid aan te kondig, kom sy pa se donker, breedgeskouerde figuur half orent agter die reeds gedekte etenstafel. Hy sit reg agter die olielamp en sy skaduwee teen die muur is monsteragtig groot en dreigend met elke beweging. Bresler se hart krimp ineen as hy merk dat sy moeder nie daar is nie, en van die geluide in die kombuis lei hy af dat sy daar besig is met die aandete. Op tye soos hierdie wanneer hy oortree het en skuldig voel, is haar simpatieke stilswye en haar blote

aanwesigheid altyd vir hom 'n troos, selfs al tree sy nooit openlik as voorspraak vir hom op nie.

„En toe, waar kom jy nou vandaan?” vra die skor stem daar anderkant die lamplig.

Hy kom beteuterd nader tot in die kring van goue lamplig.

„Pa . . . Pa . . . ek was by die rivier,” stamel hy.

„En hoekom kom jy nou eers hier aan?”

Hy weet nie wat om te antwoord nie. Sy mond beef en hy sluk en sluk, maar kan geen woord uitkry nie.

„Kom hier!”

Hy bly versteend staan, magteloos en willoos.

„Kom hier! Hoeveel keer moet ek jou vra?”

Hy sit die koffiekannetjie met bewende hand op die tafel neer, en dan is daar die geklingel van die glasskerfies binne wat sy pa se vertoornde aandag onmiddellik trek.

„Wat het jy met die koffiekannetjie aangevang? Gee dit hier!”

Nou weet hy dat sy oordeel gevel is, en opeens sypel alle aarseling en alle vrees uit hom weg en word hy gevul met die krag en die moed van wanhoop. Terwyl hy in sy deurdrenkte klere naderskuifel vat hy die koffiekannetjie en sit dit voor sy pa neer. Net een blik is genoeg om die omvang van die skade te verrai. Hy staan nou met 'n regop figuur en opgehefde hoof die storm en afwag.

„Jou klein niksnut!” kom die eerste woede-vlaag sissend, en teen die muur is daar 'n dreigende beweging van die monsteragtige skaduwee-hand. Hy kyk sy pa reguit aan:

„Pa,” begin hy dan in 'n huiwerende en tog stewige stem: „Dit was 'n ongeluk. Ek het by die oorloopplek in die water geval. Dit was al donker en ek kon nie mooi sien nie. My voet het op een van die klippe gegly. Ek sal dit mos nie aspris doen nie.”

„O so, dit was al donker toe jy nog anderkant die rivier was. En waar het jy die hele tyd rondgevoeter?”

Hy wil graag die waarheid praat maar vind dit onmoontlik. Hoe sal hy vir sy pa kan sê dat hy maar net daar langs die saggies-kabbelende water op die naat van sy rug gelê en droom het van hooggemaste skepe en die wye, sagdeinende see en dolfyne en vlieënde visse? Eindelik antwoord hy:

„Pa . . . ek . . . het daar onder die wilgerboom duskant die seekoegat gespeel . . . klei-osse gemaak en so aan . . . en toe ek sien was dit al donker.”

Hy merk nou dat sy ma reeds in die deur staan, en 'n vlaag van verligting wel in hom op en verdring die koue wanhoop. Maar weer is daar die skor, bars stem:

„Dis net soos jy is, onbetroubaar soos 'n . . . scos 'n Hot . . . ”

„Gerrit!” kom sy ma se stem sag maar vermanend.

„As ek my sonde nie ontsien nie,” gaan sy pa voort, „gee ek jou 'n loesing soos jy nog nooit in jou lewe gehad het nie. Hier sit ons almal vir jou en wag en ons bekommer oor jou, en jy sit jou tyd en verspil en omdroom daar langs die seekoegat. Wat van jou skoolwerk? Wanneer gaan jy jou huiswerk doen?”

„Ek sal dit alles vanaand doen, Pa. Daar is nog net die somme en . . . ”

„Kom nou, Bresler,” val sy ma hom in die rede, „gaan trek vir jou droë klere aan en kom eet.”

„O nee, hy sal nie eet nie. Dit sal jou straf wees. Jy gaan trek jou klere aan en gaan sit daar in die voorkamer en doen jou huiswerk. En vanaand kry jy nie 'n stukkie kos nie. En nege-uur moet jy klaar wees en slaap. Gelloor?”

„Ja, Pa!”

Om half-tien lê hy reeds in sy bedjie in die stoepkamer. Die skaduwees dans teen die mure en die plafon op maat van die flikkering van die kerslig, en deur die oop venster kan hy 'n vierkantige stuk van die hemel sien, pragtig versier met talryke lentesterre. Op die tafeltjie langs die blaker lê sy leerboeksak, klaar ingepak en toegegespe en gereed vir more-oggend se skool toe gaan. Sy klere hang oor die stoel aan die voetenent van die bed. In die kamer naasaan, dié waarin sy ouers slaap, is alles eers stil, en dan dring daar saggies tot sy bewussyn deur die rustige, diep, bas-gesnoerk van sy pa. Daar is 'n knaende gevoel van honger in sy maag en in sy hart 'n broeiende ongeluk oor hierdie straf wat hy verdien het en tog nie verdien het nie. Was dit dan so 'n sonde gewees om daar onder die wilgerboom te lê en dink aan al die dinge waarvan hy gelees het, die wonderlike avonture in daardie wonderlike wêreld anderkant die vér blou berge, oor die horison? Eendag sal hy nog self daar uitkom — eendag!

Hy vat 'n boek van die tafel af op, skuif die kers nader, soek die plek waar hy nog laas gelees het, luister nog 'n keer na die gerusstellende gesnork uit die kamer naasaan en begin dan gretiglik lees. 'n Paar oomblikke later het hy die honger en sy gevoel van verontregting vergeet, is hy onbewus van sy hele omgewing en leef hy in 'n roes van geluk terwyl hy die lotgevalle van die held deel. Eindelik begin sy oë brand en val die boek vanself toe op sy kaal borsie. Hy kom orent met knippende oë en asof hy uit 'n verre wêreld teruggepluk is na hierdie kamertjie toe met sy ysterbedjie en sy klein besittings. Dan draai hy om en blaas die kers dood. 'n Oomblik lank lê hy nog en kyk na die gloeiende pit in die donkerte en ruik hy die warm kersvet. Dan maak hy sy oë toe, en skaars 'n minuut later oorweldig die slaap hom en vul dit sy onbewuste met 'n onafgebroke optog van droombeelde . . .

Hy sien homself staan op die stoep van hulle plaashuis op 'n laat somermiddag, en voor hom, baie ver op die horison, is daar 'n groot reënboog met kleure ryk en helder soos dié van stringe pèrels. Dan hoor hy opeens die geruis van vlerke, en as hy opkyk sien hy hoe 'n groot skoelapper, groter as die grootste voël, rakelings oor die toppe van die dennebome om hulle werf aangevlieg kom en langsaam grond toe daal en eindelijk reg voor hom neerstryk soos 'n bont-geverfde vliegtuig. Sy vlerke gloei in die sonlig soos die stert van 'n pou, en op sy rug is daar 'n saal van blink leer wat met goud en perle beslaan is. Sonder om te aarsel, klim hy in die saal en roep uit:

„Trek maar weg, ek is op!”

Die groot vlerke vou langsaam oop, beweeg, en met die suising van die wind in sy ore sweef hulle deur die suiwer somerlug, oor die plaas en die rivier en die leidam en die boord, en netnou sien hy al hierdie bekende dinge nog net as spikkeltjies op 'n vaalbruin grondblad, en dan is hulle oor die dorpie agter die heuwels, oor groot stede en magtige vlaktes en yslike berge en die see, en as hy hom weer kom kry, vlieg hulle oor die punt van die reënboog en lê daar voor hom 'n heerlike, skitterende wêreld met vreemde mense en vreemde dinge en alles in die wonderlikste kleure. Hy klim hier af wanneer die skoelapper op 'n groen grasryke vierkant in die middel van 'n hawestad neerstryk, en terwyl hy onder trompetgeskal tussen lang rye seesoldate wat op aandag staan, deur marsjeer, is daar luide toe-

juiging van die duisende mense wat op die kaai saamdrom en hom toeroep:

„Lank lewe kaptein Bresler!”

En dan, daar op die blink vlak van die baai, lê sy skip, *Die Wit Meeu*, wiegend op die stil roering van die branders, bedek met vlae en gereed vir die reis. Die magtige, spierwit seile bol reeds in die bries, en as hy naderkom klink daar die eerste saluutskoot van die kanonne op die dek, dan nog een en nog een, en eindelijk twintig altesaam. Hy beantwoord die saluut van sy matrose, stap op die dek, wink vir die skare, en terwyl hy met genoeë sien hoe die son skitter op die goue knope en armbande van sy uniform, beweeg die boot stadig van die kaai af weg, swaai om op die diep-blou en rustige water van die baai, en kies dan koers na die oop see toe tussen koraal-eilande deur wat glinster soos saffiere. En ver op die horison sien hy reeds die donker rif van berge en palmbome van ander eilande, een van hulle die vesting van die prinses na wie hy op soek is, die prinses met die ligblou oë en gelaats-trekke nes dié van Maria . . .

Op daardie oomblik skrik hy wakker, nog met die salige gevoel van die oorwinnaar van die liefde in sy hart, nog bekoor deur die skone beeld van sy droom. Hy lê 'n ruk lank so en geniet van die herinnering. Opeens hoor hy weer uit die kamer langsaan die diep gesnork van sy pa. In die skemerlig wat deur sy oop venster syfer, sien hy vaagweg die regop wit kers in die blaker, en daarnaas die donkerder kol waar sy boeksak met die skoolboeke lê. Sy blik sweef na die venster toe. In die klein vierkant van die naghemel wat sigbaar is, is daar honderde, seker duisende sterre, almal glinsterend soos die koraal en perlemoer uit die land anderkant die reënboog, skitterend en lonkend. Hy staan op en beweeg nou vinnig. Geruisloos neem hy sy klere van die stoel af en trek in die donker aan. As hy klaar is, vat hy sy boeksak, haal die boeke uit en laat hulle op die tafeltjie lê, sluip dan met die leë en oop boeksak in sy hand by die kamer uit, by sy ouers se slaapkamer verby na die kombuis toe. Hier soek hy 'n ruk lank rond, sit 'n stukkie brood en koue vleis in sy boeksak, steek sy arms deur die gespes, en loop dan op sy tone deur die donker kombuis. By die deur aarsel hy net 'n oomblik, maak die knip geruisloos oop, en dan is hy buite, in die nag, onder die sterre, vry!

Die pad loop oor die werf in 'n wye halfmaan, dan tussen die laan dennebome deur, swaai links van die leidam weg, en klim uit oor die eerste hoogtetjie. As hy daarbo kom, kyk hy nie terug nie. Sy gedagtes is nou almal toegespits op wat voorlê, op die toekoms en die wêreld anderkant hierdie randjies en anderkant die vlaktes en anderkant die hoë berge wat troon in die ooste. Daar iewers moet die see wees, en die wêreld van skepe en eilande en palmbome en dolfyne en vlieënde visse . . .

As die dag breek, trek hy al myle ver van die plaas af. Die vroeë morewind waai koud en troosteloos oor die oop wêreld en slaan hier en daar 'n stofwolkie op. 'n Enkele droë doringbos waai oor die pad en raak eindelijk verstrik in die jakkalsproefdraad. Sy skraal figuurtjie met die boeksak op die rug beweeg vinnig aan die kant van die pad wat in die oggendskemering grys en geheimenisvol oor die vlak heuweltjies kruip. Sy hande is yskoud en daar hang 'n druppeltjie aan die punt van sy neus. Maar in sy hart brand 'n gloed van vreugde en hoë verwagting, en al hierdie dinge om hom sien hy nie raak nie.

Uit  
Die Nagwaak van Venus

vertaal deur J. J. Haarhoff

*Die gedig wat deurgaans onder die naam van „Pervigilium Veneris” is van onbekende oorsprong. Uit die ritme, taal en inhoud sou ons kon opmaak dat ons by die oorgang van die antieke tot die moderne wêreld staan: die romantiek van die beskrywing is die voorloper van die middeleeuse liriek.*

*Die drie-nagtelike fees van Venus was een van die staatsfeeste onder die Romeinse Ryk. Eenvoud en frisheid kenmerk die skoonheid van die oorspronklike, waarvan die ritme hier nagevolg word: Cras amet qui nunquam amavit, quique amavit, cras amet: ’n reël wat een van die voorlopers was van die refrein in die latere liriek.*

\* \* \*

Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min,  
fris die lente nou en klankvol, lente’s aardvernuwing steeds,  
in die lente min geliefdes, in die lente trou die voëls.  
En die bos maak los haar lokke, liefdesbuie reën daar reeds.  
Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min!

Môre sal dit wees die troudag van die eerste hemellug:  
toe, uit eter-vog gebore en die see se skuimgewelf  
tussen wemelende diere wat die oseaan bewoon,  
rys daar, onder reëns bevrugter, rys daar toe Dione<sup>1)</sup> self.  
Sy met blom-juwele skilder self die purperende jaar,  
self met lente-luggies streel sy vrugteknoppies tot hul swel,  
laat hul aangroei warm en welig: self gaan sy die skitter-  
dou  
afskud, wie se skoon die nagwind sag vergeet het om te  
kwel.

Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min!

1) Dione is hier dieselfde as Venus.



Kyk maar net die purperbloeisels deur hul blose nou  
verraai,  
en die vlam van rose breek nou deur die warme rosetros:  
self gebied sy dat hul boesems van die kleding word bevry,  
in die môre-frisheid moet hul huwelik hou met maagde-blos.  
*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min!*

Bloed van Venus en die Son van Liefde self het hul laat  
groei  
—son-juwele, sonlig-vlamme en die son se purper gloed;  
môre sal die blom haar bloeisels, diep in karmosyn gedos,  
openlik, met vog bepêrel, oopvou vir die liefde soet.  
*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min.*

Blom-bekroon en in die mirte-hutte is die gode nou,  
daar is Ceres, daar is Bacchus en die god wat verse bou;  
sonder moeg word sal die nagwaak lewe met sy lied op lied,  
laat Dione koningin wees; Maagd van Delos<sup>2)</sup>, weg met jou!  
*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min!*

Bont met Hybla-bloemme<sup>3)</sup>, sê sy, moet haar troon verlieflik  
staan,  
self sal sy haar wet verkondig, Grasië die staan haar by;  
Hybla, wees met blomme kwistig — al die volheid van  
die jaar,  
oor die veld van Enna, Hybla, laat jou kleed van blomme  
sprei.  
*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min!*

Hier sal wees die land se maagde en die maagde van die  
berg,  
hul wat woud bewoon en bosland, hul wat van fonteine hou,  
almal het die Venus-moeder naby haar gebied te bly:  
glad nie moet hul vir Cupido, glad nie moet hul *hom*  
vertrou!  
*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar  
min!*

2) Die Maagd van Delos is Artemis, wat die huwelik verafsku.

3) Hybla is 'n berg in Sicilië beroemd vir sy heuning.

Van die lente-wolke kom die Reën as bruidegom, bevrug heel die jaar en in die boesem van die aarde daal hy neer (skoon sy gade!) leweskeppend, deur die hemel, deur die see gaan hy, één met heel die wêreld, voed haar vrugte altoos meer.

*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar min!*

Vreugde lewe in die velde: velde voel haar lieflikheid: liefde, seun van Venus, sê hul, is gebore op die veld, hom, te midde van die bloeisels, neem sy in haar boesem op, blommesoentjies sag soos veertjies, moes vir hom as voedsel geld.

*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar min!*

Kyk hoe by die besembos die stier sy lende breed ontplooi; saamgebind in huweliksbande word nou elke diereras; in die skadu staan die ooie en die ramme reeds te blêr; liedere verlang haar godheid van die voëls wat sangloos was.

*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar min!*

Oor die vlei met hees geluide raas die skelstem-swane reeds, in die skadu van pop'liere sing die sagte nagtegaal, en jy meen dis liefdesliedere wat haar stem so teer laat tril, en vergeet die wrede dieptes waar 'n suster heen moes daal<sup>4</sup>).

*Môre laat wie nooit bemin het, min, en laat die minnaar min!*

Sy kan sing, maar ons moet stilbly; wanneer sal my lente kom?

wanneer word ek soos 'n swaeltjie, wanneer sal ek weer kan sing?

Swye het my lied laat uitsterf, en Apollo ken my nie: swye het Amyclae eenmaal tot haar laaste val gebring<sup>5</sup>).

4) Die verhaal van die susters Philomela en Procne wat hul onreg wou wreek en in voëls verander is, word deur die digters baie vertel.

5) Die mense het so dikwels die nuus versprei dat die vyand kom dat 'n wet gemaak is dat elkeen oor die onderwerp moet swyg: so het die vyand dan eendag werklik gekom en die stad is ingeneem, omdat niemand gewaarsku het nie.

# Atavistiese Aanhangsel

deur W. A. de Klerk

Volgens afspraak het ons op 'n aand in 'n bekende Soho-restaurant saam gaan eet. Ek was toe al 'n hele paar maande in Londen, maar hy het pas van Suid-Afrika aangekom om 'n belangrike betrekking in 'n beroemde kunsmuseum te aanvaar. Dit was my eerste besoek aan dié kolos van 'n wêreldstad; maar Louis het as kunststudent (later as kunstenaar) reeds voor die oorlog etlike jare daar deurgebring.

Ja, ons het onophoudelik en oor alles die aand gesels — soos dit gewoonlik maar gaan as mens mekaar so in die vreemde raakloop. Onvermydelik was dit later oor vriende en kennisse. Dit bly maar 'n bekoorlike, hoewel soms gewaagde tydverdryf om die loopbane van tydgenootlike universiteitsvriende haarfyn na te gaan en te bespreek.

„Terloops,” het ek eensklaps die vraag gestel, „ek wou jou altyd nog gevra het: wat het van Marianne M— geword? Ek het destyds allerlei gerugte gehoor — onder andere dat sy hier in Londen op 'n kunsskool sit. Ai, dáár was vir jou 'n gawe kind, hoor.”

„Ja,” het hy beaam, „om die waarheid te sê: ons was 'n jaar of twee nog saam. En toe ek later besig was met die fresco's vir die nuwe Cunard-skepe, het sy my 'n tyd-lank bygestaan en sommer ook as sekretaresse opgetree.” Hy het versigtig geproe aan sy wyn, terwyl sy oë meteens op 'n ongewone manier glim. Hy het tersluiks na my geloer. Ek het gewonder wat daar alles in sy gemoed omgaan.

Marianne het destyds dieselfde B.A.-kursus as ons geloop. En 'n gawer, meer sjarmante mens moes ons nog vind. Dat sy ook 'n soort eenselwigheid by tye bewaar het wat haar maar te dikwels, „onbereikbaar” gemaak het vir haar talle bewonderaars, het ek persoonlik toegeskryf aan daardie temperament wat gewoonlik by kunssinnige siele voorkom.

„Ja, sy wás 'n lieue mens,” het Louis weereens beklemtoon. Ek het na hom geloer en weer gesien hoe ondeund die liggies in sy oë dans.

Ek het nader oor die tafel geleun. „Wat het van haar geword?” het ek weer gevra.

„Heelwat,” het hy geglimlag. „En soos die Engelse sê: daaraan hang 'n stertjie.”

Min het ek op daardie oomblik besef hoe letterlik hy hierdie woorde bedoel.

„Vertel man,” het ek aangehou, „is dit waar dat sy onder andere hier ook Katoliek geword het? Ek het destyds so iets in die Kaap verneem.”

Hy het nie dadelik geantwoord nie, net stadig geglimlag, terwyl hy op sy tyd die vlam van een van die kerse op die tafel nader trek en sy sigaret opsteek.

„Ja en nee,” sug hy toe meteens, „of beter nog: *ja-nee* — soos ons Boere mos sê.”

\* \* \*

Die vraag wat ek gestel het, was 'n spontane een — waarskynlik geïnspireer deur 'n onlangse ervaring van *Anno Sancto* in Italië, waar iedere muur in groot letters die leuse gedra het: *Assunta est Maria in Cielo*; en nie ondikwels nie die neweskrif: *Bevete Coca Cola!*

Daarby was daar natuurlik ook die herinnering aan die toenemende mode onder intellektueles (ook in my eie land) om toevlug te soek in die Katolisisme.

„Wil jy die geskiedenis hoor?” Louis het die laaste van sy koppie mocca gedrink. „Ek sal jou vertel.”

Ek het teruggeleun in my stoel en 'n sigaret tussen my lippe gerol.

\* \* \*

„Jy onthou seker dat ek toentertyd belas was met die muurskilderye in die nuwe skepe?”

„Ja.”

„Nou-ja, dit het gladnie so maklik gegaan soos wat die meeste mense destyds gemeen het nie. Om die waarheid te sê, 'n week voor die eerste vaart van die grootste van die twee was my werk nog ver van ,af’.”

„Hoe bedoel jy?”

„Daar was veral een paneel waar die sentrale figuur nog makeer het. As jy my nou vra waarom ek dit laat oorstaan het, dan sê ek: eenvoudig omdat ek nie 'n geskikte model kon vind nie. Die een dametjie wat ek al lank in die oog gehad het, dié doen meteens 'n aanval van blindedermontsteking op. Ek het natuurlik nog bly hoop dat sy my wel nog sou kon uithelp; maar ongeveer 'n week voor . . . laat ek maar sê D-dag, ontvang ek 'n brief van haar waarin sy sê: dit spyt haar maar sy kan nie en ek moet maar iemand anders probeer vind.”

„En dit neem ek aan was nie maklik nie?”

„Gladnie,” gaan hy voort; „sien, ek het 'n besondere soort postuur en gesig in gedagte gehad. En glo my dat ek letterlik dosyne meisies laat kom het en geen enkele het naasteby voldoen aan die vereistes wat ek gestel het nie.”

„Is dít nou waar Marianne haar rol begin speel?” loop ek hom vooruit.

Hy kyk weer 'n oomblik tersluiks na my, lag stil en sê dan: „Ja, maar nie heeltemal op so 'n eenvoudige manier soos wat jy jou dit nou wil voorstel nie.”

„Ek brand al van nuuskierigheid,” het ek dadelik geantwoord.

Ingedagte het hy die as van sy sigaret teen die rand van die leë koffiekoppie afgeskuur, en toe op sy intieme, boeiende geselstrant sy verhaal voltooi.

„Om die saak behoorlik in sy regte perspektief te plaas,” het hy gesê, „moet ek eers vertel dat Marianne toe ongeveer 'n ses maande al met my saamgewerk het aan die fresco's — en 'n beter werksmaat sou 'n mens moeilik kan vind. Jy weet mos hoe sy altyd was — intelligent, bekwaam, pittig, sjarmant. En jy wonder ook nou seker waarom ek nie met haar getrou het nie. Miskien hét jy ook rede. En al verskoning wat ek kan aanvoer, is dat ek nou maar ten enemale 'n geharde ou eenloper geword het.”

„Hoe ookal . . . ” Hy het geglimlag by die herinnering, „ . . . ons was baie goeie maats. Ek het haar met alles vertrou . . . ook gevra om tog maar 'n model te gaan soek toe my eie pogings nie meer wou help nie. En ek het geweet dat sy wel uitkoms sou bewerkstellig. Maar die vertrou was wedersyds. Sy het my blykbaar beskou as 'n soort ouer broer of voog of beskermheer, of wat ookal. Elke hartsgeheimpie het sy aan my kom blootlê. So het

ek ook in 'n heel vroeë stadium te hore gekom van haar verhouding met Tayfield. Jy ken hom?"

„Die Engelse romanskrywer?"

„Nog reg."

„Ja."

„'n Karnallie van 'n mens, soos jy seker weet."

„So verneem ek. Maar dís bietjie eufemisties gestel."

„Moontlik. In ieder geval . . ." Hy glimlag weer en roer ingedagte met die koffielepeltjie in sy leë koppie, „ . . . waarom sou ek haar nou juis oor die man inlig? Sy was gelukkig — dit was duidelik."

„Hoe lank het dit geduur?" het ek gevra.

„Só . . ." Hy het sy skouers opgehaal, „ . . . seker darem 'n paar maande. En toe raak dit uit. Maar dis eintlik die nadraai wat betrekking het op alles. Ek het op 'n aand in Tayfield se woonstel gekom en hom daar met etlike van sy drinkebroeders getref. So in die loop van die fuiwery het hy sekere dinge kwytergemaak aangaande sy *affaire* met Marianne wat my nie slegs as swak smaak voorgekom het nie, maar ook as 'n min of meer flagrante breuk van die *fides* wat daar na my mening selfs ná die tot niet raak van 'n verlowing behoort voort te bestaan."

Ek het hom vraend aangestaar.

„Om terug te kom: toe ek so in die moeilikheid sit om 'n model te vind, het Marianne na 'n paar dae se soekery na my gekom en gesê dat sy heeltemal bereid is om as sulks op te tree *mits* . . ." Hier het hy meteens geswyg en na my gekyk. „Die *mits* sal ek nou-nou meer van vertel. Genoeg dat ek hier eers sê dat ek nogal taamlik verbaas was toe die voorstel so onverwags van haar kom. Daar was geen twyfel dat sy die regte tipe was nie. Sy het ook genoeg ervaring op die kunsskool opgedoen om presies te weet hoe om die saak aan te pak."

„Waarom het jy haar dan nie in die eerste instansie genader nie?"

„Omdat ek dieselfde gerugte gehoor het as jy!"

„Die Katolisisme?"

„Presies."

„Nou! Dan hét daar tog iets in gestee?"

„Daar het, ja."

„Gaan voort, my vriend.”

„Om 'n lang storie kort te maak: etlike maande vantevore, om presies te wees, net 'n rukkie nadat haar verhouding met Tayfield uitgeraak het, het sy merkbaar begin agteruitgaan. Sy het stil en ingekeerd geraak, altyd bekommerd voorgekom, ponde seker afgeval, donker kringe onder die oë gehad. Kortom: dit was my duidelik dat sy haar bitter-baie oor iets kwel en dat dit haar gesondheid nadelig beïnvloed. 'n Paar maal het ek pogings aangewend om uit te vind wat eintlik skeel; maar elke keer het sy te kenne gegee dat sy liewer nie oor die saak wil praat nie. In my enigheid het ek natuurlik toe meer gemeen dat dit hartseer is oor die ongelukkige verloop van haar amourette. Ek het selfs dit eenmaal gewaag om op te merk dat Tayfield werklik nie die moeite werd is om oor te sit en tob nie . . . waarop sy my net een maal vinnig aangekyk het en toe geswyg het.”

„Die waarheid was dat daar méér in gesteeek het?”

„Aansienlik meer,” het hy geantwoord.

„Ek het ook op 'n dag gehoor dat sy besoeke aan die priesters aflê. En iemand het selfs weet te vertel dat sy dit ernstig oorweeg om in 'n klooster te gaan.”

„Nou toe nou . . . !”

„Daar het nogal waarheid in gesit. Op 'n middag het ons saam in Regents Park gaan tee drink, toe vra ek haar sommer padlangs uit. Sy het nie veel gesê nie, net erken dat daar wel so iets in die weer is, maar verseg om meer te sê. Ek het ligsinnig sit en vertel van 'n besoek aan die *Ars Coeli*-kerk in Rome en — soos ek dit ietwat oneerbiediglik gestel het — die abrakadabra van *Il Sancto Bambino*, dié opgesmukte houtpop! Toe raak sy skielik bewoë en ék sit daar ewe verleë voor haar met my mond vol tande.”

Ek het geglimlag.

„Jy kan dus verstaan dat toe Marianne die dag kom aanbied om as model op te tree dit as 'n verrassing gekom het. Dis natuurlik ook nodeloos om te sê dat ek haar aanbod dadelik en met graagte aanvaar het.”

„Mits?”

„Ja, die *mits* — soos ek vaneffe gesê het -- die *mits* was daar en ék was tevrede om dit so te aanvaar.”

Hy het weer na my gekyk op sy eenaardige, veelsegende manier. „Die *mits* wat sy gestel het, was dat sy toegelaat sou word om 'n swembroekie te dra.”

Hierdie mededeling het my bietjie onverwags getref. Ek het regop gesit uit pure verbasing en my vriend half-laggend aangestaar.

„Jy lag,” het Louis bygevoeg, „en ek kan goed verstaan dat dit vir jou vreemd voorkom. Jy weet ook hoe dit op 'n kunsskool gaan. 'n Mens beskou jou model suiwer objektief. Marianne het natuurlik ook genoeg ervaring gehad om dit goed te weet, en tog . . . !” Hy het 'n gebaar met die hande gemaak. „. . . Sy het seker 'n goeie rede gehad om die versoek te stel; en waarom sou ék nou juis beswaar maak?”

'n Paar oomblikke het hy geswyg. My nuuskierigheid het byna te veel vir my begin word. „En toe?” het ek stil gevra.

„Ons het die volgende dag aan die werk gespring. Marianne het as model gedien en ek het my ontwerp voltooi — en sommer 'n goeie een daarby. Toe ek die middag die laaste paar strepies staan en trek, kyk ek meteens op en sien dat die liewe mens sommer skielik aan die snik geraak het. Ek gaap haar 'n oomblik aan en staan toe verbaas nader. „Wat op dees aarde gaan nou aan?” vra ek haar. Maar sy sê geen woord nie, sit net daar voor my op die ou harde bankie en snik asof haar hart wil breek. Ek voel ook natuurlik maar verleë en doen my lompe beste om haar tot bedaring te bring. En al wat ek uiteindelik uit haar kan kry, is dat sy ,aan die gek word is' en dat sy eenvoudig ,met iemand móét praat'.”

„En het sy?”

„Sy het, ja. En, ou maat, die bekentenis was seer seker nie wat ek verwag het nie.” Hy glimlag weer met die oë. „Sy het haar geklee en ons het in my kantoor gaan sit. Ek het haar gelawe met 'n koppie tee en 'n kelkie Kaapse brandewyn . . . en tóé die vreemde waarheid uit haar eie mond gehoor.”

„,Ek weet gladnie, gladnie hoe ek dit aan jou moet sê nie’,” het sy net herhaaldelik gesê . . . totdat ek haar naderhand aan haar skouers gevat het en goed geskud het en gesê het: „,En nou práát jy, asseblief’.”



„Sy was dus verlief op jou?” het ek onwillekeurig ingelas.  
„Moenie glo nie! Die abnormaliteit waarvan sy ’n slagoffer was, was ’n baie seldsamer een.”

„Abnormaliteit?”

„’n Byna ongelooflike atavisme . . . om die ding sy geleerde naam te gee,” het hy geantwoord.

Ek het hom fronsend aangestaar. „Nou verstaan ek jou gladnie.”

. . . „Maar om die ding nou sommer op sy boerenaam te noem: sy het teenoor my erken dat sy — soos hond of kat of aap, of embrioniese mens — *oor ’n stertjie beskik.*”

„Wat?” Ek het Louis oopmond aangestaar.

„Dis die eenvoudige waarheid,” het Louis gelykmatig voortgegaan. „Wat dit presies was — ’n uitgroei van die ruggraat, ’n verlenging aan die stuitjie, of wat ookal — sal ek jou moeilik kan sê. Maar daar wás dit — ’n waarheid soos ’n koei; en ons liewe Marianne het haar die afgelope maande en jare tot siekwordens toe oor die saak sit en bekommer.”

„Op dees aarde . . . !” het dit met langsame verbasing weer van my gekom. „Maar waarom in hemelsnaam het sy nie ’n dokter oor die ding gaan raadpleeg nie?”

„Ek het haar natuurlik sommer uit die wans uit dieselfde vraag gestel. Sy het geen bevredigende antwoord daarop kon gee nie; en ek het dit maar uiteindelik toegeskryf aan beskroomdheid, vrees, of selfs — in ’n vroeë stadium — onkunde dat dit wel ’n fisiese abnormaliteit was. Die arme mens . . .” Hy het laggend sy kop geskud. „. . . Sy het daar voor my gesit en só tussen die trane stuk-stuk vertel, ook natuurlik van haar besoeke aan die priesters en hulle raad aan haar om die saak maar te aanvaar as die doring in die vlees en haar daarmee te versoen.”

„Moenie vir my sê sy hét nie?”

„Jy loop my vooruit. Na ’n uur se bieg en trane en mooipraak en stilletjies oor die komiese van die ding lag, het ek haar gesê sy moet ’n rukkie daar sit. Ek is toe langsaan na ’n telefoon en bel my vriend John H — van Harleystraat en vertel hom presies wat ek so pas van Marianne verneem het. John het haar geken, en, geliefde geneesheer soos hy is, het hy hartlik aan die lag gegaan en gesê: „Die arme, dierbare mens. Stuur haar dadelik

na my toe. Ons sal haar binne veertien dae van haar doring in die vlees verlos!"

„Ek hóóp sy het gegaan!"

„Ek is terug na Marianne en het haar vertel van John se raad. Maar moenie glo nie, sy wou niks daarvan hoor nie. En hoe ek ookal met haar gespook het, sy het net bly sê: ‚Ek sal dit nóóit, nóóit doen nie . . . !’ Waárom presies, val vir my moeilik om te sê. Ek het ook toe maar later tou opgegooi en gereken dat Marianne nou maar haar eie oplossing moet vind. Die Vrydag moes ek af na Southampton om toesig te hou oor die aanbring van die fresco’s in die skip. ’n Week later was ek ook op reis na Amerika. En Marianne? . . . Nouja, ek het ewe hartseer die dag van haar afskeid geneem, ook nog vir oulaas haar weer ’n maal vermaan om John te gaan spreek, maar dit het blykbaar nie veel indruk op haar gemaak nie. In Amerika het ek dikwels oor haar gedink en gewonder of sy toe uiteindelik haar pad na die klooster gevind het.”

Hy het weer ingedagte die assies van sy sigaret teen die koppie afgeskuur. Daar was weer vrolike liggies in sy oë.

„En was dít die treurige einde . . . ?” het ek half-teleurgesteld gevra.

„Nog nie,” het hy geantwoord en teruggeleun in sy stoel. „Ongeveer vyf jaar later word ek op ’n dag gevra om ’n kunsuitstalling in die Kaap te open. Dit was ’n groot geleentheid en daar was mense van oor die hele land. Ek het my toesprakie gaan afsteek, die affêre geopen verklaar, met ’n dosyn mense gelyktydig begin gesels . . . toe daar meteens vanuit die skare ’n blosende, blakende, pragtige vrou na my kom, met ’n kind aan elke hand.”

„Marianne,” het ek gefluister.

„Marianne, ja. Mooier en aantrekliker en liewer as wat ek haar nog óóit gesien het. Ek het terstond almal om my gelos en met haar saamgestap na die kantoortjie van die kurator. Daar het ons gaan sit . . . en so tussen die lag en die huil deurmekaar kon ek die slot van die verhaal uit haar eie mond verneem. ‚Ek sukkel al jare om aan jou te skrywe,’ het sy gesê, ‚maar ek kón eenvoudig nooit sover kom nie. Want nes ek pen op papier wil sit dan raak ek sommer weer aan die grens en die lag — soos nou — en dan kan ek nie verder nie. Louis, ek wil jou vertel, ek was toe by jou vriend John H——’

„Wel . . . !”

„O ja, sy was daar. John het my later self verder ingelig. Sy was daar, ja. En John het haar hospitaal toe geja en haar . . . ”

„Atavistiese aanhangseltjie afgesny!”

„Presies. En binne veertien dae — so vertel Marianne my — binne veertien dae was sy weer perdfris en op die been en sonder haar doring in die vlees. ’n Maand later was sy verloof . . . en hierdie keer het dit nié weer uitgeraak nie. Die huwelik het gou daarna gevolg . . . én twee pragtige kinders. En, soos sy self die môre daar in die kurator se kantoortjie verklaar het: ‚Louis . . . ek is wonderlik gelukkig. En ek weet nie *hoe* ek jou moet bedank nie.’ ‚Bog’ het ek geantwoord. ‚Sê dankie vir jou eie gesonde verstand en John H—— vir ’n geslaagde operasie.’”

’n Rukkie het ek die saak sit en bepeins, toe meteens hartlik aan die lag geraak. „En dít met Marianne!” het ek gesug. „Wie kon dít nou ooit gedink het. Terloops, wat het toe geword van haar voorneme om die nuwe geloof te aanvaar?”

„Dié,” het my vriend geantwoord, „het blykbaar ook in die slag gebly . . . met haar lastige stertjie.”

# Uys Krige

## Die Minnaar en die Dood

„Vannag het ek 'n droom gedroom.  
Dit het my hart verbly.  
Ek droom mooi van my nooi, my lief.  
Sy lê daar aan my sy.  
Toe skielik staan 'n vrou vlak langs  
my bed — en dit was sý,  
wit, witter as die koue sneeu;  
en sy kyk stil na my.”

Haar blik is streng en strak. Die maan  
blink bleker in die ruit  
en in die deur se sleutelgat  
begin die wind te fluit.

„Hoe het jy ingekom, my skat,  
so stil, sonder geluid,  
want elke hek of poort is toe  
en elke deur gesluit!”

„Ek is nie sý van wie jy droom  
met soveel drif en vuur.  
Ek is 'n ander, ja, die Dood  
deur God aan jou gestuur . . . ”

„O laat my lewe, strenge Dood,  
net één dag langer duur!”

„'n Dag is glad te lank, jonkman,  
ek gee jou net een uur.”

(Één uur! Één uur! Dis of die wind  
dit kerm, koud en guur.)

Hy trek hom vinnig aan. Hy stap.  
Vér kraai 'n vroeë haan.  
Die skaad'wees spring soos wolwe rond  
woes in die donker laan.  
Die maan's 'n kopbeen wit wat gryns  
waar die swart waters gaan.  
Die liggie van haar groot stil huis  
lyk soos 'n silwer traan.

„O dierbaarste, maak oop die deur,  
maak oop die deur tog, kind!  
Hoor jy nie my geroep, geklop?  
Of dink jy dis die wind?”

„Sou ek dink dis die wind wanneer  
jy in my hartslag klop?  
My vader het nie weggegaan.  
My moeder's lankal op.  
Jy kom te laat. Elke ster verbleik.  
Dit is al byna dag.  
My kop is seer, my oë dof  
van al die waak en wag.  
Ek het jou lief, ek het jou lief,  
o kom tog weer vannag!”

„As jy nie vir my oopmaak nou,  
maak jy nooit vir my oop!  
Ek het 'n afspraak met die Dood.  
By jou's my enigste hoop.  
Alleen jou liefde kan my red.  
Maak oop, liefeling, maak oop!”

„Gou, gou! Gaan na die venster waar  
ek altyd sit en brei.  
Ek gooi, sodat jy op mag klim,  
vir jou 'n koord van sy.  
En as die koord jou nie bereik,  
voeg ek my lokke by!”

Toe breek die fyn sykoord en staan  
die Dood stil aan sy sy.

„O hier is jy, maar jy's betyds.  
Jou uur, minnaar, is om.  
Laat ons nou aanstap, want die reis  
is ver en moeilik. Kom . . . ”

Die dag breek stil-stil aan. En selfs  
die Noordewind verstom.

# Die Plek van die Oues

deur Ada Negri

(Uit die Italiaans vertaal deur F. P. van der Merwe.)

Feliciana is nie baie verbaas of besonder aangedaan nie as sy een Donderdag tydens die besoekuur by die hospitaal aankom en die diensdoende klerk op haar gewone navraag kortaf en saaklik antwoord, terwyl hy 'n register deurblaai: „Nommer nege-en-vyftig? . . . van die afdeling San Giuseppe? . . . Hy is vannag oorlede.”

In 'n hoek van haar kamer in Vètere-straat, steek sy nou al die afgelope maande iedere dag 'n lampie op voor die beeld van die *Madonna di Caravaggio*: en sy is die enigste een wat weet waarom sy dit doen, sy alleen dra die gebed stil in haar om. En hier het die Madonna nou die nodige wonderwerk verrig: aan die lewe en die kroeg is ontruk: Gigi Gracchia, ook genaamd Rossini, gewild in die drinkplek in die *Porta Ticinese* vanweë sy heerlike tenoorstem en sy goedaardige grapmakery, sy woordryke kwistigheid as hy sy verdienste (hy is koetsier) en sy vrou s'n wat met die naald werk, in die purper bodem van die glase gooi.

Feliciana se lewensbeskouing is reguit en logies: wat nutteloos is, is skadelik en wat skadelik is, behoort te sterf. Haar man is net betyds dood. Twee klein seuntjies kan baie beter versorg word deur 'n weduwee-moeder wat aktief en gesond is, as deur honderd vaders wat dronklappe is. En dit is ook klaar met mans in haar lewe. Hierdie een het haar na 'n droewige huwelikslewe wat sewe jaar lank geduur het, met walging gelaat. Sy sal die las alleen dra, solank sy die nodige krag het. As die seuns dan groot is en betrekkinge beklee, sal hulle hulle oor haar ontferm.

Nogtans is sy heeltomal tereg oortuig daarvan dat die inkomste van 'n arme vrou wat naaldwerk doen, heeltomal te onseker en wisselvallig is om 'n leeftog vir drie hongerige monde te waarborg. Daarom gaan Feliciana sonder enige aarseling na meneer Agliardi vir wie sy nou al jare lank

hemde en boordjies bring namens 'n elegante winkel en wat die eienaar van 'n fabriek van wolstowwe is.

Meneer Agliardi is baie verbaas:

„Maar hoe op aarde?” . . . hy hakkel effens, en dit is sy gebrek en sy smart. „Hoe op aarde? . . . Feliciana? . . . In 'n fabriek, jy? Maar besef jy dan nie hoe broos jy is nie? Sal jy dit kan uithou op so 'n verskriklike plek?” Die vrou tjie wat voor hom sit, lyk inderdaad baie tingerig. Maar sy kyk hom stip aan met twee groot oë wat glinster van die lewenskrag.

Meer nog as deur sy medelye, word die goeie man oorweldig deur 'n onbewuste gevoel van eerbied vir die vroulike krag wat gevorm, geplooi is deur harde werk. En Feliciana kan in die fabriek gaan werk en 'n paar maande later word sy assistent van 'n groep weefsters — vir twee lire per dag.

Ja. Twee lire per dag en nie 'n blou duit meer nie . . . omdat meneer Agliardi 'n goeie man is. Maar, indertyd, teen die tagtigerjare van die vorige eeu, het vrouens nooit meer gekry nie. Sy het haarself daarmee tevrede gestel, die moedige vrou, sodat sy verseker kon wees van haar daaglikse brood. In daardie dae het hulle nog nie van klerewerkstersverenigings, vakbonde of stakings gepraat nie. En tog het sy daarin geslaag om met die geld gelukkig te wees en om haar en haar seuntjies te onderhou, wat ná skool deur 'n buurvrou opgepas is. En sy self? O . . . ! 'n Kommetjie brood en melk om twaalfuur, sop, 'n sny stywe mieliepap in die aand . . . Sy sê gewoonlik lag-lag: „Die mense wat sê dit is nie genoeg om van te lewe nie, vertel 'n opsetlike leuen: die res is weelde-artikels.”

Feliciana is uiters optimisties. Op die balkon van haar enigste kamer bloei 'n skarlaken malva, wat sy vyfuur soggens water gee voordat sy fabriek toe gaan en wat sy saans vrolik en vriendelik groet, byna asof dit 'n derde kind is. Sondae as sy met haar twee klein skelms oor die stowwerige skraal veld buitekant die stad se poort gaan stap, sing sy met 'n helder stem die gewildste wysie van die oomblik en met al die porieë van haar liggaam en haar gees geniet sy van die vreugde van die son, die veld en die paar uur vryheid.

En die tyd gaan verby. Waarom gaan die tyd so vinnig verby? . . . Dit wat ons agterlaat is altyd die beste, ook al is dit smart. Die vrou het ongemerk deel geword van die ritme en die gang van haar daaglikse werk.

Francesco wat reeds in 'n winkel is, gee blyke van aanleg vir die werktuigkundige en bring 'n paar pennies huis toe. Leonardo, 'n senuweeagtige, gespanne, ywerige seun, met die tingerige bou en die energieke voorkoms van sy moeder, het dit in die kop gekry om te studeer en om iets te word. Met behulp van 'n beurs is hy na 'n hoërskool toe en in sy vry tyd het hy begin klas gee, sodat hy vir hom die nodige boeke kan koop. In sy senuweeagtige geaardheid, sy onderdrukte ambisie en in sy verbeeldingrykheid herken Feliciana haarself: so sien sy in Francesco se gesonde gelykmatigheid haar beste eienskap: haar onoorwinlike optimisme. So gaan die lewe voort. Sy is oortuig daarvan dat hulle nog vir haar op haar oudag sal sorg.

As sy haar vyftigste jaar nader, gaan sy 'n tydperk van krisisse binne. Dit voel vir haar asof sy volkome verander. Skielike moegheid druk haar neer by die werk: sy word slapeloos, verwarde nagmerries steur haar slaap, nagte lank lê sy wakker, sodat sy soggens juis as sy moet ontstaan en werk toe draf, lendelam van uitgeputheid voel.

Sy ly baie. Soms voel sy jammer dat sy nie 'n paar jaar gelewe Gianni Forgia, die hoof-wewer, se huweliks-aansoek aangeneem het nie. Hy het haar so lief gehad dat hy graag ter wille van haar ook die las van die twee seuns op hom sou wou geneem het.

Maar geleidelik begin sy beter slaap, haar bloed bedaar, haar senuwees ontspan, die spiere van haar liggaam en haar gesig verslap — en Feliciana het oud geword.

Oud, maar nie ongeskik om te werk nie. Nog tien jaar sien die breë voorstedelike laan wat by die fabriek verbyloop, die heel klein figuurtjie met haar swart tjalie en die silwerhare sonder hoed, vinnig in die oggend, stadiger in die aand, tussen die skare van mede-werksters aanstap. Eers as 'n jigaanval haar, met koors en pyn, in 'n hospitaal vasgepen het en dit haar sover gebring het dat sy nie meer op haar twee voete kan staan nie, gooi Feliciana tou op. Sonder 'n pennie pensioen, arm soos 'n luis, met net die een rok wat sy aan haar liggaam het, maar blymoedig en vol vertroue, soos Sint Franciscus sê sy dan aan haar twee seuns, terwyl sy haar arms kruis:

„Sover is ek nou. Ek is klaar. Nou is dit julle beurt.”

Francesco, die oudste, antwoord haar:

„Kom na my toe.”

Hy is 'n goeie seun, die Francesco; en hy verdien al



meer as vyf lire per dag in 'n motorfabriek. Maar vandag is alles drie keer so duur soos vroeër: huur, vleis, groente.

En Francesco is nie meer alleen nie: hy het ondertussen vrou gevat: 'n blonde kleremaakster, mooierig, energiek, wat in die huis werk.

Daar is drie kamers in die huis: die moeder moet haar daarmee vergenoeg om in die kombuis te slaap, op 'n voubedjie, agter 'n kartonskerm: want die sogenaamde sitkamer, langs die slaapkamer, dien ook as werkkamer vir Teresella gedurende die dag en in die aand word dit as eetkamer gebruik.

Die kombuisie ruik na skottelgoedwater en is baie muf: die enigste venstertjie, met matglas, gaan oop oor 'n putagtige binnehof wat donker en verweerd is. Die jeugdige hart van Feliciana ly. Sy dink terug aan die vaas met die skarlaken malva op die balkon van die ou songedrenkte nessie waarin sy haar kindertjies grootgemaak het.

Nou in die aanwesigheid van die vreemde vrou, van die skoonogter met die skerp oë en die sproetgesig, voel sy haar nie meer tuis nie, voel sy haar seun behoort nie meer aan haar nie.

Op haar beskeie manier help sy waar sy kan: sy maak die beddens op, die kamer aan die kant en was die skottelgoed. Sy sou graag naaldwerk wou gedoen en gekook het terwyl sy haar ou liedjies sing: maar vyf-en-twintig jaar in die fabriek met 'n dieet van brood, melk en mieliepap het haar vermoë om naaldwerk te doen en te kook vernietig; en die slegte humeur van Teresella, wat altyd te kere gaan oor die lewensduurte, en die aanmatigende inhaligheid van klante, smoor die ou deuntjies in haar keel. Arme vrou! . . . Sy kan hier diep in haar binneste maar nie die pynlike gevoel onderdruk dat sy in die huis van haar eersgeborene byna 'n bediende is nie — iemand wat net verdra word nie.

Maar Leonardo, in die dorpie waar hy laerskoolonderwyser is, skryf: „Geduld, my moeder! Een van die mooi dae kan moedertjie by ons kom woon.”

. . . „Ons.” Ook hy is nie meer alleen nie. Die gewone ding: oorhaastige huwelik; hy het holderstebolder uit sy ambisie in die liefde getuimel: die jong digter in wie die besieling brand en wat drome gedroom het, moet sy sertifikaatjie gebruik om mee te ding om 'n onderwysers-

pos om iets te verdien om van te lewe. Dan die liefde met die eerste oogopslag vir die swart krulle en die bloemryke taal van die onderwyseressie wat saam met hom werk: baie meningsverskil, veel hartstogtelike gepraat, 'n huisie en jou hart, verse wat in 'n tafellaai weggebêre word, die man wat vir die res van sy lewe vasgeketting word aan daaglikse werk, die ketting deur homself om sy bene vasgeklank.

Maar Titti word al veertien maande oud en op sy ou krom beentjies waggel die outjie al rond. Leonardo skryf weer aan sy moeder:—

„Ons kom Moeder haal. Moeder gaan by ons woon.”

Dis nie vir haar pynlik om die kombuisie op die vierde verdieping en die bittere verwyte van Teresella te verlaat om die kindermisie van Titti te gaan word nie. Sy kan die Here nie genoeg dank nie! Daar is darem nog iemand wat haar nodig het!

Hierdie keer kry sy 'n klein kamertjie waarin die kindjie se wiegie langs haar bed staan. In die loop van die nag word die kindjie dikwels wakker; die skoondogter mag nie in haar slaap gesteur word nie, want ter wille van die geldjies het sy aanhou werk.

En dit lyk of Feliciana jonger word, of sy weer in die ou dae lewe, toe Francesco en Leonardo nog maar twee bondeltjies sagte, rosige vleis was . . . net hare. Op haar vensterbank plaas sy 'n paar vase met plante van die Kanariese eilande en met angeliere; as jy die venster oopmaak, sien jy veld en lug: Titti begin die eerste verwarde woordjies stamel; die lewe is mooi; die Here is regverdig.

Maar na Titti kom Totò en na Totò, Bebè. Na 'n ernstige siekbed kan die jong moeder nie teruggaan werk toe nie. As sy vyf-en-dertig jaar oud is, is sy onherkenbaar.

In die klein huisie woon die ses wesens opmekaar: die geskreeu van kinders, die handtastelike woede van die moeder wat verteer word deur die neurose, die misantropiese krisis van die man wat oorlaai is van werk en verantwoordelikheid — en te midde van al hierdie dinge Feliciana wat nog altyd lewe.

Die dood het van haar vergeet. Sy besit niks meer behalwe haar bed en haar hoederak nie: die res het haar twee seuns geneem. Sy het skaars die kubieke meters lug wat nodig is om asem te haal. Groot en klein, met die

onbedagsaamheid van hulle ruwe lewenslus, perk haar in 'n verstikkende sirkeltjie, stoot haar onwillekeurig opsy.

Haar waggeltreetjies hinder Totò waar hy speel en sy is in die pad van Bebè as hy bokspronge maak.

Nou eet sy eenkant in 'n spesiale skottel, gewoonlik 'n sop van melk en sous, hoewel sy met die koms van die ouderdom al hoe liewer geword het vir vleis en groente, d.w.s. vandat sy opgemerk het dat die skoondogter elke mondvul kos tel wat sy eet. Sy was al vyf-en-sewentig en is nou vinnig op pad na tagtig.

Die geboë gestalte van haar liggaam het die bloed bewaar wat nog rooi is, 'n hart wat nog sterk is, 'n verstand wat nog wakker is, 'n hartstogtelike begeerte om te lewe.

Feliciana probeer van tyd tot tyd nog om flardes van haar ou geliefkoosde liedjies oor haar perkamentagtige lippe te laat kom, maar die stem kan nie meer wysie hou nie, breek halfpad, sodat dit 'n trillende gemiaau afgee. As die slaap haar oë kom toemaak en haar kop oor 'n skouer hang, dan word haar gesig met die ontspanne spiere iets angswekkends.

Maar die slaap van die oues is baie misleidend. Dit gelyk op die dood: en dit is so lig! . . . Dit lyk of Feliciana slaap, maar nee, sy luister en haar ore het net so fyn gebly soos haar oë . . . en een aand kry sy koue rillings as sy haar seun en skoondogter so hoor praat:

„Moenie so praat nie. Jy weet nie wat jy sê nie. Sy is per slot van rekening my moeder; sy het my grootgemaak, sy het Titti grootgemaak. Ek kan haar nie wegjaag nie.”

„En wie het gesê ons moet haar wegjaag? Ek sê net sy kan by Francesco-hulle gaan bly. Hy is tog die oudste. Sy sal nog negentig, nog honderd jaar oud word. Jy kan mos self sien hier is nie meer plek vir haar nie: Titti het die kamer nodig om sy borduurwerk daar te doen: die kindertjies bly in 'n klein donker kamertjie . . . ons kan nie groter plek bekostig nie. Dis Francesco se beurt: hy kan nou weer aan haar dink.”

„Francesco het ook twee seuns wat nog nie die water verdien wat hulle drink nie. Hy voer ook 'n stryd om ruimte in sy huisie . . . arme moeder! Kry haar tog jammer! Dit sal nie meer lank duur nie!”

„Nie meer lank nie? Nie meer lank nie, sê jy? Hierdie taai ou vrou sal nog honderd jaar oud word. En hoe eet sy nie . . . hoe geniet sy nie die lewe nie.”

Die boosaardige stem wat in 'n skril histeriese gelag oorgaan, wond Feliciana se hart . . . dis of 'n duisend naalde daarin gesteek word. Dan is dit noodsaaklik dat sy dood gaan, want daar is nie meer plek vir haar nie . . . En met watter oormoed kon die skoondogter nie beweer dat sy geniet om te lewe nie? Sy lewe nie, dis al en sy gaan ook nie dood nie. Sy het te lank gelewe. Die Voorsienigheid moet die arm oues van dae betyds die dood gun: hy moet hulle dit gun by wyse van beloning as hulle werk klaar is, as die weerstandsvermoë uitgeput is en die seuns reeds hulle eie potjies moet krap.

Sy sluk die gif van die nuwe vernedering stilswyend; later vra sy self of sy nie maar teruggebring kan word na Francesco toe nie. Sy gaan maak weer haar bedjie op in die klein kombuisie waar jy die skottelgoedwater kan ruik. Die kil blik van Teresella sê haar onomwonde hoe seer haar armsalige verslete wese 'n las vir haar is.

Die twee skoonsusters wat mekaar haat, het haar om die beurt op mekaar se skouers afgelaai: die mans wat swak is en onder die plak van die vrouens staan, bly maar stil en verdra dit maar; en sy lewe nie, maar sy sterwe ook nie.

Die stryd om ruimte en brood maak alle gesprekke gespanne, alle gebare ook, in die beknopte kamertjie waarin geen son ooit skyn nie.

Een aand as Feliciana met haar oë, maar nie met haar ore nie, slaap, hoor sy kinders en kleinkinders praat van 'n gestig vir ongeneeslikes waarin hulle haar na 'n klein tydjie sou opneem, danksy die invloedryke voorspraak van Francesco se hoof. Sy moet weer verhuis, weer 'n trap op en af loop, in 'n liefdadigheidsbed slaap, tussen nonne met grys uniforms lewe, 'n bedelares met 'n nommer word.

Nee, nee — . Sy smeek so om die dood dat die dood kom. En die dood neem haar stilletjies weg, om twee-uur in die nag, sonder 'n snik, met die visioen van 'n skarlaken malva wat in die sonskyn op haar vensterbank bloei.

Die begrafnis loop uitstekend af, des te meer omdat dit op 'n Sondag plaasvind. Die kis, wat so klein is, so lig, dat 'n klein seuntjie dit sou kon dra, word neergelaat in die graf en goed toegemaak met goeie vars, vogtige aarde wat die oues van dae nie hulle rus misgun nie. En Feliciana het eindelijk die plek gevind, die enigste plek waar die arm oues van dae kan rus, wanneer die seuns hulle eie potjie moet krap, as hulle taak volbring is en die krag nie meer daar is nie.

# H. W. Venter<sup>1)</sup>

## *Onrus*

Dit is die dag wat weer die onrus wek!  
Miskien is dit maar net 'n hunkering  
om God weereens te vind op hierdie plek  
van bitter trane en vertwyfeling.  
My leë hande het ek uitgestrek  
om weer die angste van die skemering  
soos najaarsblare af te skud, eer ek  
die vrede van die slaap kan binnedring.  
Soos voëls wat elke dag moet verder trek,  
sou ek vanuit dié eensaamheid wou vlug;  
nou vra ek slegs genade en meer krag  
om na die Skoonheid eindelijk terug  
te gaan, waar daar geen ander lewe wag  
as hierdie pyne wat nog dag na dag  
veel dieper sny as wat my moed vermag!

---

1) Mej. H. W. Venter is op 5 Junie 1925 in Wes-Transvaal gebore. Op sesjarige leeftyd het sy ruggraatkoors gekry, en daarna is haar oog-senuwees beskadig en het sy blind geword.

Sy is self nie presies seker wanneer haar belangstelling in letterkunde begin het nie, maar sy het reeds gediggies geskryf toe sy in standerd III was.—(Red.)

## *Die Laaste Fees*

Judas! Toe Jesus by die laaste Fees  
net éénmaal in jou donker oë kyk,  
het Hy jou diep verraad so stil gelees,  
omdat Hy wis hoe wreed jy sou beswyk.

Het jy nie al die jare saam met Hom  
die kronkelstrate van Jerusalem  
deurkruis? En met die skare het jy stom  
geluister na die klanke van Sy stem.

Tog het jy geen verwyt in Hom gemerk,  
want Sy gelaat was somber en so sag.  
Maar Sy twee hande was 'n Wonderwerk  
toe Hy die Brood aanbied, — en jy bly wag

Tussen die palms wat daar trag te bid,  
was Hy nie skaam om jou Sy vriend te noem.  
Maar jou begeerte was so vlammend wit  
toe jy Hom tussen daardie bende soen!

En toe Hy bo die swarte wêreld troon  
aan daardie kruishout van ons groot gena,  
het ál jou silwerlinge jou verloon  
eer dat jy om vergiffenis kon vra.

Jy het gedink dat dit die end sou wees  
as jy jou lewensdraad daar sou verbreek;  
en nou, onthou jy tog die laaste Fees  
toe Hy Sy hande in die skottel steek?

# Wag

*deur S. J. Pretorius*

Hoewel dit maar 'n paar dae ná nuwejaar was, was die oggend stil en helder en het die atmosfeer 'n byna herfstige stemming gedra soos mens so baie hier na Maartmaand se kant toe begin kry. Omdat dit reeds in September gereën het, staan die gras in die saad en buig die lang stengels in silwer golwe teen die son. Yl vlieswolkies trek hoog deur die lug en temper die hitte tot 'n aangename koestering wat die dromerige rustigheid van die dag verdiep.

Soos 'n rooi vlag op 'n boot steek die dak van die stasie-geboutjie Kaalberg bokant die onafgemete deining van die omringende landskap uit. En hier sit vanmôre 'n groepie mense vir die trein en wag. Hoewel die naam van die stasie uitgaan op -berg is daar, afgesien van 'n paar yl-blou rante na die weste, niks te sien wat die naam regverdig nie en myle oor die vlakte kan mens die stoffies sien opslaan soos die trein se passasiers stasie toe aankom. Party kom met bokkie- en kapkarre waarvan die draaghout eentonig bult-op, bult-af en deur die gelyktes die ritmiese gang van twee troue perde afmeet. Ander snork haastig aan: motors van alle soorte en ouderdomme. Die nuwes skop groot bolle stof oor die vlakte op. Die oues is meer beskeie, maar almal snel, snork of trippel aan stasie toe. En as 'n mens by die geboutjie op sy agterstoepie staan dan lyk dit asof daardie hele kom vanmôre nog leegloop, die diep kom wat groen en vrugbaar lewe wek en rykdom skenk aan almal; wat aan elkeen toebedeel na willekeur, die een met vrugbare lande, die ander met 'n diep, ewigwellende wateraar.

Die trein kom elfuur eers in, maar 'n boer laat nie op hom wag nie en teen nege-uur het die meeste mense al op die stasie met sy tuintjie van kannas, rose en rotsplante aangekom en begin wag. Wag op die koms van die trein. Nou-en-dan kom daar nog 'n enkele motor aan wat sy

passasier aflaaï en snorkend vertrek, waarna die persoon deur die tralie-hekkie loop, die grys kliptrappies opklim en uit die koel, blou skaduwee deur die portaal, oorkant die afdak aan die anderkant, die blink spoor sien lê. As hy oor die sementdeurgang stap en onder die klipboog staan, sien hy op die gruis onder die afdak oor die perron 'n bont tafereel.

Op die banke sit party van die wagtendes, ander staan, en 'n paar jong kinders is besig om te speel. 'n End verder links op 'n grondhoop, soos 'n groen heuwel, lê 'n syspoor en daar is 'n paar naturelle besig om beeste te trok. Onwillig om in die klein swart noute in te gaan probeer die beeste oral verbykomkans soek, maar die drywers is vir hulle een te veel en uiteindelik dring dit selfs tot die stugge bees-begrip deur dat daar maar net een paadjie is en dit is in die trein. Teruggaan na die kraal met sy ou gladde houtheke, na die beenmeel-krip, die dounat grasklosse, die aandskemering in die soet waters, is daar nie.

En dis nie te lank nie of die geroeste trokdeur slaan toe, kraak nog verlaas soos 'n reus wat sy tande van sadistiese genoegdoening kners en laat dan 'n stilte op die groen bergie waar net die stewels van die manne wat huis toe stap gehoor word: knars, knars, knars, knars, al sagter, totdat die stilte, die rus van die heelal soos 'n verdowingsmiddel die bewussyn van die lawaairoet uitwis.

Maar op die perron wag nou 'n hele groep mense, en wat moet jy doen as jy wag? Wat is wag? Is dit 'n doel of 'n middel? Maar die passasiers vra hulle nie veel vrae nie. Elkeen het ná 'n oomblik, in sy hoekie, of waar ookal, vir hom iets te doen gekry. Een jong man van so om en by die twintig, met 'n wit oopnek hemp en gladde, olierige vuilgeel hare het dadelik uit die opgestopte sak van sy bruin gestreepte baadjie — wat vroeër aan 'n pak behoort het maar wat hy nou saam met 'n grys flennie-broek dra — 'n pak vyftig „Flag” uitgehaal en 'n sigaret-aansteker wat hy behendig aan die bokant agter met sy duim afgedruk het. 'n Blou vlammetjie spring skielik daaruit en die sigaret word aangesteek. Die aansteker bêre hy weer in die sak. Hy kruis sy bene en voel tevrede. Hy verbrand die tyd en vul die leegte, die uitgestrekte wydte met bolle rook, met lang blou tuite en met wiele wat om mekaar skarrel, met fantasieë wat in die hemel veryl, vorms wat verskyn en verdwyn, nou soos grillige drake lyk wat uit die



dieptes van sy hart opborrel en dan weer soos gevlerkte perde wat hoë vlugte neem. Maar almal vervaag tot niks.

En watter saak maak dit nou eintlik? Watter saak maak dit as iemand wat vir die trein wag, iemand met 'n bruin pak se baadjie by 'n grys broek, as hy sit en rook blaas?

Agter 'n gesnoeide heininkie loop 'n skraal, bleek middeljarige man met 'n wit strooihoed, soos 'n volstruis in 'n kampie heen-en-weer. Kort-kort kyk hy oor die vlakke, maar nie na die treinspoor nie. Hy bewonder die heerlike spel van lig en kleur. Hy merk 'n oneindige wisseling van kleur, van grys en robyn-pers oor die gras in die wisselende deurval van die son. Dit vul hom beurtelings met 'n opbruisende vreugde en dan weer met 'n verafskaduwende weemoed, waarvoor hy hom geen rekenskap kan gee nie, behalwe deur die mens se intieme, mistieke verbondenheid met die natuur om hom.

Minstens twee van die passasiers sit en lees. Een is 'n dametjie van so, sê maar agtien. Sy het bruin hare met 'n middelpaadjie, 'n rooi baadjie oor 'n rok met lig-rooi blom-ontwerpe en hoëhak-skoene aan. Haar gesiggie is miskien effens te rond, die lippies gevoelvol en haar wange blosend, maar wat veral onder die effens neergeslane ooglede die aandag trek, is haar lewendige uitdrukkingvolle oë. Soos sy haar inleef in die liefdeservarings van die denkbeeldige mense in die boek, word alle emosies in haar oë weerspieël. Nou is dit verlange, dan droefheid, dan vreugde, dan afsku, dan oorgawe, volmaak, ewig. Soos die wolke wat die son beurtelings versluier dan weer in goue plasse op die vlaktes laat flikker, trek die vlae van gevoel oor haar oë. Soos die deining van 'n boot wieg haar hart op en neer saam met die vreugde en verdriet van die karakters. Dikwels speel 'n ligte glimlaggie om haar mond soos 'n windrimpeltjie oor 'n verborge waterkuil. Dan weer word haar oë vogtig en donker soos 'n eensame herfsdag.

Die ander persoon wat sit en lees is 'n man. Ten spyte van die feit dat dit 'n redelike warm dag is, het hy 'n reënjas aan, en 'n grys hoed op. Sy skoene is by die hakke effens afgetrap en een van die veters is 'n end van die punt af afgebreek sodat die strik van daardie skoen soos 'n vlieg lyk teenoor die ander wat soos 'n groot skoenlapper op die ander voet sit. Onder die goue brilraam wys sy breë neusbrug dat hy, ten spyte van 'n ietwat gevoelige mond, 'n man is met 'n sterk karakter en dat hy bo-al goeie

gesondheid geniet. Iets wat onontbeerlik is vir 'n student. Ook die groot voete en hande en sy rustige houding wys dat hy energiek en sterk moet wees. Op die oomblik lees hy die werk van 'n natuurwetenskaplike filosoof, eintlik 'n pragmatist uit die tweede helfte van die vorige eeu. Met sy skerp kritiese insig en die onverbiddelike loënstraffing van die tyd, merk hy elkers swak plekkies aan met 'n kort potloodjie. In elk geval bly hy baie geïnteresseerd in dié wêreldbeeld, waar weggedoen word met alles wat nie empiries bewys kan word nie, met 'n verouderde godsbegrip en 'n belaglike „romantiek.” Al dieper soos in 'n bos dwaal die student in die gedagtes weg. Hy het die stasie, die mense, die trein vergeet. Hy is besig; besig met raaisels, probleme, besig met 'n paadjie oop te kap, stadig en moei-saam in die oneindige oerwoud van die ruimte . . .

'n Middelaarige vrou sit 'n baba en wieg. Die kind is verbasend lastig. Nou sit sy al met hom half oor haar skouer soos 'n wit sakkie oor haar swart rok met die rooi en geel trossie blomme op haar bors. Heen-en-weer wieg sy en sis 'n soort slaapdeuntjie om die kind te laat bedaar, terwyl sy haar lippe tuit: sj . . . sj . . . sj . . . maar die suigeling doen sy plig om haar besig te hou en dan haal sy maar weer die sakkie van haar skouer af en maak 'n wiegie van haar arms, maar die rooi tamatie-gesiggie krimp almeer inmekaar . . . totdat 'n naburige tannie aangesukkel kom om „kop by te sit” en uit haar groot skat, haar onuitputlike rykdom van jarelange ervaring, te help en raad te gee. Die tannie met die kind het 'n paar halfhak blinkleer skoene aan, met gepunte klappies op die voet en sit met haar bene taamlik ver van mekaar sodat haar onderrok soos 'n bokseil hang — maar daarvan is sy onbewus.

Twee ou mans het al oor alle moontlike onderwerpe gesels, hulle pype uitgeklop, weer gestop en gepof, na die lug gekyk, oor en oor gesê dat dit na reën lyk en dan maar weer aan dieselfde herkoutjies begin knaag. Vir hulle, met hulle breë, sterk gesigte soos eerlike hardwerkende osse bly die nietigste praatjies, vervelig herhaal, altyd interessant.

'n Paar seuns, van wie een of twee nog 'n veelkleurige papierpet van Kersfees oorgehou het, is besig om aan die oorkant allerhande kattedwaad uit te haal. Eers het hulle vir mekaar sterte aangesteek en toe hulle bedrywigheid tot die buitestaanders uitgebrei, met die gevolg dat daar telkens

'n helse koor dit skel uitgekraai het as een van die mense voor die ander oor die perron stap met 'n swaaiende stert. Die grootste pret is egter as so 'n persoon hom vererg en hulle wil vang. Elkeen het vooraf 'n skuilplek uitgesoek en as iemand onwaardig genoeg handel om hulle te probeer vang, kies elkeen onder gelag sy eie koers, sodat die persoon soos 'n verwoede renoster wat eers die reuk van sy slagoffer moet kry, 'n oomblik besluiteloos bly staan, wat hulle dan die geleentheid gee om soos groot spelde te verdwyn. Later kom hulle dan weer een vir een terug soos voëls wat uit 'n vrugteboom verjaag is. Dit is dan nog nie die einde van die gekskeerdery onder mekaar nie. Die een wat laaste te voorskyn kom is gewoonlik weer die slagoffer van 'n sameswering. Skaars het hy 'n tree of drie gevorder of sy makkers kyk skielik ontsteld by hom verby en vlieg weg met die woorde: „Daar's hy agter jou!” „Ou R'anie, hy het jou!”

Skielik verskyn daar uit die gras van die skotigheid naby die stasie die stomp snoet van die lokomotief wat soos 'n onding uit die afgrond met 'n onheilspellende geloei op die stasie afstorm. En merkwaardig watter uitwerking dit het op die groepie mense op die klein stasietjie met sy kannen- en roostuintjie en gruisperron.

Pype word uitgeklop en gebêre, gesprekke halfpad afgebreek, roomysies half-geëet vergete deur klein vuissies losgelaat, selfs die student het teruggekeer na die werklikheid om hom, spyt dat hy sy boek moet toemaak, dat hy die draad van sy gedagtes moet verloor, dat hy hom nog nie uit sy staat van onkunde kon uitlig nie. En die dametjie het ook haar boek gesluit. Die interessante verhaal van liefde kon sy nie klaar lees nie. Maar party was bly dat die „wagtyd” verby is. Hulle was bang om hulle te roer en as hulle dit moes doen, altyd bang die seuns steek hulle 'n stert aan. Die seuns self het hulle pret gedagteloos in die middel afgebreek en na hulle bagasie gegryp en hals-oor-kop opgeklim. Die ou ooms het niks gesê nie maar ewe vanselfsprekend na die trein gekyk asof hulle wou sê: „Nouja, ons het geweet hy kom en nou is hy hier,” en opgeklim.

Een ding het almal in elke geval besef: dat alles wat gedurende daardie uur of twee op die klein stasietjie gedoen is, nou oorbodig geword het, van geen betekenis nie. Die sigaret, die boek, die gesprek, die oubollige praatjies, die

gruis, die blombeddinkies, die son, die vlakke, wolke, bebroute blou lug oor die wêreld het 'n uur of twee vir hulle 'n doel gedien, en word nou soos krukke opsy gewerp, soos alle nuttelose afval.

Kon daar êrens op aarde vir hierdie student iets heerliker gewees het as die studie van sy geliefkoosde vak, of vir die dametjie as die verhaal van die liefde wat haar so diep aangegryp het, of vir die skilder die lig op die vlakke, vir die oom die aangename gesprek, vir die seuns hulle pret? As iemand jou sou vra of dit dan dáárvoor was dat hulle op die stasie was, sou jy ontkenkend antwoord? Het hulle dan nie vir die trein gewag nie?

En wat het oorgebly nadat die swart gevaarte met 'n norske ruk soos 'n ongeleerde hings en swaar hoofslag verdwyn het? Skille, doppe, papiere wat oral teen die heinings en klippe vasfladder, halfgeëete appels en korsies, leë kardoese . . . En ontelbare spore in die sand en *dalk* in die herinnering van 'n agtergeblewe beampte 'n halfbekende gesig en die gedreun van vinnig-wegsterwende stemme wat deurmekaar praat en lag en huil.

# Pierneef, Die Afrikaanse Landskapskilder

deur H. M. van der Westhuysen

Al meer en meer wetenskaplike aandag word geskenk aan die oorspronklike voedingsbronne en bevruggende faktore wat aan die kultuur van die Afrikaner 'n eie bestaanslewe gegee het en wat daaraan vandag nog die sterkste stukrag vir eie wasdom kan besorg. In soverre dit 'n kultuur met eie kleur en inhoud geword het, is daar na die Suid-Afrikaanse bodem-invloede veral te noem die Hollandse herkomsfaktor met sy deurlopende inwerking oor die afgelope drie eeue wat meer as enige ander element op die Afrikaner se geesteswaardes 'n oorwegend Dietse stempel afgedruk het. Dit geld tot op groot hoogte ook die kuns van die Afrikaner. Tereg sê J. F. W. Grosskopf in sy bekende studie oor Pierneef: „ . . . nie omdat toevallig die Afrikaner Hendrik Pierneef 'n Hollandse vader gehad het nie maar uit geskiedkundige reg en noodsaaklikheid sluit 'n Afrikaanse skilderkuns (dog met selfe aard) voeglik aan by die Oudhollandse.”

Nadat ons verwys word na Pierneef se eerbied vir die werk van die Nederlandse *ou meesters* en veral vir hulle ambagseerlikheid en deeglike vakmanskap, kry ons dan die sleutel tot Pierneef se algemene opvatting soos volg deur Grosskopf saamgevat: „Vir hom is die grondvereiste vir die beoefenaar van die skilderkuns dat hy sy vak beheers, dat hy tekenstif en skilderpenseel met vaardigheid kan hanteer. Op sigselwe maak dit darem nog nie 'n kunstenaar nie. Komposisie en vorm, bou en ewewig, gee eers aan die werk die artistieke stempel. Maar die grootste is die siel en wese van die kunstenaar self as mens — insowêr hy dit regkry om daarvan in sy kunsskepping uit te druk.”

Dit is tewens die sleutel self tot 'n intelligente en simpatieke verstaan van Pierneef se skilderkuns.

Sonder om een oomblik die groot vormende invloed te onderskat wat die Suid-Afrikaanse bodem, die veld, bosse, berge en strome, die lug, die son en die wind, die natuur in al sy verskyningsvorme op hom gehad het, moet ons in 'n kort karakteriserende skets uit die staanspoor op die belangrikheid van Pierneef se Hollandse vorming wys. Dit is oorbekend hoe die Nederlandse praktiese nugterheid, die sterk visuele aanleg en sin vir realisme deur al die eeue heen aan die Hollandse skilderkuns 'n duidelike realiteitskarakter gee, terwyl verreweg die meeste skilders eerder die natuurvorm trag te benader as om dit opsetlik te ontwyk. Selfs in die sterk gestileerde en dekoratiewe wandskildering van Nederland, in sy vroeë ekspressionisme en by verskeie hedendaagse Nederlandse skilders bly die natuurvorm van dinge nog altyd onmiddellik te herken. Ook by Pierneef, Afrikaanse landskapskilder by uitstek, bly sy artistieke vervorming, uit styloogpunt besien, 'n ritmiese stilerings van natuurvorme wat hy min of meer direk visueel waarneem.

Seun van 'n Hollandse boumeester en aannemer uit die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek, het hy van kleinsaf vertrouwd geraak met presiese tekenkundige werkstukke; en as skoolseun is sy kunsbelangstelling verder geprikkeld deur die klasse van sy Hollandse tekenmeester Hondius aan die ou Staatsmodelskool in Pretoria. Tydens die laaste ruk van die Tweede Vryheidsoorlog bevind die gesin Pierneef hom in Nederland, waar Hendrik spesiale lesse in boukundige tekene onder leiding van 'n argitek in Hilversum kon volg, en tegelyk in 'n plaaslike hand-verffabriek sy eerste tegniese kennis van kleurverf opgedoen het. Later volg hy tekenlesse in die kunsklasse van die Rotterdamse Akademie. Dit was in hierdie jare dat Pierneef tot volle versekering aangaande sy kunstenaarsroeping geraak het.

Terug in Transvaal teen die einde van 1902, geniet hy die aanmoediging van die beeldhouer en skilder Anton van Wouw; en ietwat later kry hy tekenlesse van die skilder Frans Oerder wat hom ook inlei tot die skildertegniese in olieverf. In albei gevalle bly dit Hollandse invloed, eweneens uit die Rotterdamse Akademie. So begin Pierneef groei uit die Hollandse kunstradisie van die Boererepubliek.

Heel betyds het hy ook goeie raad van die Ier, George Smithard, gekry om met die oog op eie stylontwikkeling sy oë oop te hou vir die tipiese kenmerke van Suid-Afrika met sy eie ligprobleme en vorme. Heelwat later toe hy die land kruis en dwars begin bereis het, het die kuns van die Boesman en die Bantoe hom sterk aangetrek. Uit sy eerstehandse kennis van die Afrikaanse landskap self het hy in die inboorlingkunste die essensiële lyne van die landstopografie, die rustige horisontale, die kort en sterk vertikale, die boog van die oop lug bo en die driehoek van die spits koppe teruggevind.

Dit het sterk aangepas by sy eie siening van ons landskap en ook by sy uitgesproke sin vir liniêre ritme. Bowendien het hulle gebruik van tipiese aardkleure sy smaak vir die dekoratiewe element in ons landskap versterk. Hy self het tot die ontdekking gekom van die tonalistiese kleur-aard van die meestal eenselwige vlakke-uitgestrekthede met die oorfloedige sonbeligting, wat aan ons wêreld so eie is. Al meer en meer het hy een oorwegende stemmingsmoment uitgedruk in sy fynere skakeringe. Bewus of onbewus het hy meer tonalisties gaan skilder en minder koloristies; en so, waarskynlik heel toevallig, 'n eienskap ontwikkel in sy styl wat heelwat ooreenkoms vertoon met die tipiese Hollandse toonskildering — opvallend veral in die werk van die Nederlandse impressioniste, maar wesenlik sigbaar in die Nederlandse skilderwerk deur alle tye heen. In die Nederlandse landskap is dit die eenselwigheid van die oorwegende gryse kleurtone; in Suid-Afrika is dit die eenselwigheid van die verblindend-skerpe kaatsing van sonligstrale wat spieël-speel oor ons vlaktes en berge sodat fyn kleurverskille wegraak in die greep van een alles-omvattende stemmingskleur. Wanneer Pierneef die skrilte teenstellings tussen lig en skaduwee — wat by tye van die dag soms fel kan staan — sterkste aanvoel, druk hy dit meesterlik uit in sy suiwer tekeninge, en veral in sy houtsneë, maar dit val buite die bestek van hierdie beskouing.

Beide in die Boesman- en die Bantoe-kuns word 'n mens getref deur 'n vorm van vlakskildering. Ons het te doen met plat vlakke waarin afskaduwing van kleur en rondende kleurmodellering feitlik totaal ontbreek. Die verskillende kleure lê in verskillende vlakke langs mekaar, elk op sy eie vlak aangebring. In die Suid-Afrikaanse natuur kry

aparte voorwerpe onder ons skerp sonlig ook 'n plat-vlak-karakter; van naby staan dit, visueel benader, enigszins silhoeëtagtig teen die agtergrond, en ver op die agtergrond word dit yl, plat skywe. 'n Nabye doringboom staan in die warm middagson soos 'n swaar, donker reus voor ons oë, terwyl die verre bergreekse op die horison dan verskyn soos „ylblou bande.” In albei gevalle word die ingewyde oog getref deur die platvlakkigheid van die aparte voorwerpe. In Pierneef se skilderwerk, selfs voor 1925, word hierdie tipiese landskap trek ten duidelikste geïllustreer.

Om te beweer dat Pierneef na sy Europese reis van 1925-26 met 'n totaal nuwe skilderstyl teruggekom het, strook nie heeltemal met die feite nie. Persoonlik meen ons dat sy plaaslike ontwikkeling hier toe juis op so 'n punt gestaan het, dat hy met veilige behoud van sy styl-eie weer kon put uit die ou Hollandse bron. Dat die werk van die dekoratiewe wandskilders hom sterk kon interesseer, is begryplik, omdat hyself langs heel ander weg in Suid-Afrika geryp het tot dié punt waar sy gemoed oop en ontvanklik vir dekoratiewe styl-invloede in die skilderkuns was. Affiniteit tussen hom en destydse Nederlandse beoefenaars van die genoemde skilderstylrigting het reeds bestaan in die gemeenskaplike neiging tot beelding in uitgesproke lynritme, dekoratiewe vlakskildering, sensitiewe kleurtoon en min of meer wel-oorwoë komposisie.

Wat wel waar is, is dat Pierneef vanaf 1926 homself heel bewus en nagenoeg konsekwent toelê op die dekoratiewe stylrigting in sy skilderwerk. Dan eers ontdek die publiek die Afrikaanse Pierneef staande in sy landskapskildering op dieselfde weg waar die Hollandse Van Konynenburg, veral met sy figuurwerk, reeds heelwat gevorderd het. Die reis van 1926 beteken dus nie 'n metamorfose vir Pierneef nie; dit was slegs 'n noodwendige voltrekking van 'n natuurlike groeiproses in sy styl wat voor 1925 reeds in volle gang was.

Nietemin beteken dit dat na 1926 daar 'n noue aansluiting tussen die Nederlandse dekoratiewe skool en die Afrikaanse landskapkuns van Pierneef te konstateer is; en tegelyk moet erken word, dat hierdie werk van Pierneef 'n unieke bydrae tot die aanwas van groter Dietse rykdom op skilderkunstige gebied beteken.

Oor die kuns van hierdie landskapskilder is reeds heelwat gesê en geskryf hier en in die buiteland. Pierneef was



nooit die veel-omstrede figuur wat sommige jongeres van vandag geword het nie. Dit is opmerklik hoe hy in breë kringe by 'n groot groep bewonderaars bekend staan as die mees tipiese landskapskilder van Suid-Afrika. Professor Bouman het jare gelede van hom gewag gemaak as 'n *populêre figuur* onder sy landgenote. Ons mag byvoeg dat hy in beeldende kunskringe sonder twyfel vandag tegelyk die mees geliefde en geëerde ouer skilder is. Almal ken sy krities-waarderende houding teenoor ander kunstenaars, almal weet dat hy eenvoud en skoonheid nastrewe, almal is bewus van sy opregte menslikheid en van sy deeglike eerlikheid as skilder, almal weet dat hy van die begin af gesoek het na 'n eie styl getrou aan homself en paslik vir die uitbeelding van Suid-Afrika soos hy as Afrikaner dit sien. Op die vraag of ons kan praat van uitgesproke Afrikaanse styl in die beeldende kuns, het Bouman sowat tien jaar gelede geantwoord: „Dat die mees sprekend-Afrikaanse tot sover gelewer is in die Transvaal met Van Wouw se mense en Pierneef se landskappe.” Gedurende die onlangse, buitelandse tentoonstelling van beeldende kunswerke uit Suid-Afrika, het dit weereens geblyk dat Pierneef deurgaans hoog aangeskrewe was, in teenstelling met etlike ander wat soms hoë lof maar soms ook min of geen waardering ingeoes het.

Daar is ook mense wat Pierneef die nugtere berekendheid in sy kuns as 'n swak verwyf. 'n Mens wonder of die bewering van Bouman weêrlê kan word waar hy sê: „Geen Europese land eis soveel argitektuur vir sy landskapkuns as Suid-Afrika nie. Geen land bied so weinig kanse vir 'n dweepsieke romantiek, en eis soveel onverbiddelike heldersindheid nie as die Transvaal en die Karoo. Pierneef is in sy beste oomblikke die heldersindende: hierin het hy Hollands gebly en Afrikaner geword.” So is dit inderdaad!

Daar is mense wat wys op sy alte geroetineerde werkwyse; deur sy hoë tegniese tekenvaardigheid en toepassing van direk geometriese konstruksies, sou hy maklik kan skilder sonder werklike besieling. Sy stilering sou die natuurvorme herlei tot nagenoeg geometriese grondvorme wat neig om tot vaste vormtipes te verstar, soos byvoorbeeld sy doringboom, waardeur hy homself dan eindeloos sou herhaal. Sy kleure sou te yl, te dof, te eentonig, te onweselik, of te onnatuurlik wees by tye. Sy komposisie sou soms te serebraal uitgedink wees. En meer sulke

sondes wat by enige ander skilder ook kan voorkom, word opgesom. Ons kan dit daarby laat, maar moet net herinner aan sy buitengewone produktiwiteit en aan die feit, dat hy nagenoeg nie voldoende skilderye kan skilder vir die aanvraag na sy werke nie.

Eenmaal sou hy teen 'n besoeker op 'n tentoonstelling van hom gesê het dat daar 'n wet behoort te gewees het dat geen skilder sy naamtekening op 'n skildery moet plaas nie. Sy duim-afdruk in verf op die agterkant van die stuk moes 'n voldoende waarmerk van egtheid gewees het. Die stuk moet homself aanprys. Die besoeker het in stilte by homself gedink dat geen Pierneef-skildery ooit verwar sou kon word met die werk van iemand anders nie. Daar is baie mense wat uit blote mode skilderye van sekere skilders aanskaf, ook van Pierneef; maar daar is meer mense wat dit as 'n werklike voorreg beskou om 'n Pierneef te besit en daaglik innerlik daarvan te geniet. Is dit onverstaanbaar dat hy so populêr geword het in Suid-Afrika? Die mense verstaan sy werk, omdat dit direk tot hulle spreek, omdat dit eg is, omdat dit van en uit eie bodem is, omdat dit tipies volks en tipies Afrikaans is en omdat dit onteenseglik die stempel van 'n skilder met 'n eie persoonlikheid en juis daarom 'n eie styl dra.

Hendrik Pierneef se landskapkuns het 'n wêreld-erkende peil bereik en tegnies 'n hoë standaard gestel wat in die dekoratiewe stylrigting hier te lande moeilik oortref sal kan word. Hy het bygedra tot die skepping van 'n eie Afrikaanse skilderkuns met soveel beslistheid en oortuiging, met soveel rake siening dat niemand wat Suid-Afrika ken, sy werk durf negeer nie. Hy het deur die troebele jare, toe die mensdom rondgetas het na 'n nuwe vormlewe in die afgetakelde Europa, vir die jong opkomende Afrikanervolk, en deur hom vir die moeë buitewêreld, 'n beeld van eerlike helderheid, voldrae ewewigtigheid en seldsame artistieke genot gelewer. So behoort hy tot die steeds kwynende groep van konstruktiewe geeste op beeldende kunsgebied wat 'n ontredderde Westerse beskawing nog kan oortuig daarvan dat die beginsels van eenheid en harmonie, van eenvoud en ewewig, van klassieke selfbeheer en ingetoënheid, van eeue-oue skoonheidsmaatstawwe nie so uitgedien is soos 'n hedendaags-verwilderde mensdom hom meestal verbeel nie.

Miskien besef sy eie volksgenote nie altyd so goed soos hy die resepe vir die genesing van 'n siekgeworde hipergepoleerde beskawing nie: voortdurend terug na die kontak met die ongerepte aarde self, soos hy as Boerseun dit kan doen, om uit vaste bodem weer op te staan vol nuwe groeikrag, en besiel met nuwe verwagtings tot hoër, edeler bestaan. In hierdie opsig is Pierneef deur sy kuns vir my 'n openbarende profeet: Die klein haatverwronde mens van ons tyd is blind vir die groot Godgegewe skoonheidsorde om ons heen!

Sonder twyfel is Pierneef die grootste landskapskilder in Suid-Afrika, die land met sy onbegrensde wydsheid en dramatiese grootsheid — die land wat in sy wreedste hardheid nogtans wonderskoon is!

## Vier Sjinese Verse

*Uys Krige*

(na EZRA POUND)

### I

#### *Afskeid By Die Kiang-rivier*

Kojin vaar weswaarts van Ko-kaku-ro.  
Die rookblomme word dof anderkant die rivier.  
Sy eensame seil vlek die verre lug.  
En nou sien ek net die rivier,  
die lang Kiang, wat reik na die hemel.

(RIHAKU — Agste Eeu)

### II

#### *Vaarwel Aan 'n Vriend*

Blou berge noord van die walle,  
wit rivier wat om hulle kronkel;  
hier moet ons afskeid neem  
en alleen uitgaan oor 'n duisend myl droë gras.

My gees soos 'n wye swewende wolk,  
die sonsondergang soos die skeiding van ou bekendes  
wat buig oor hul gevoude hande op 'n afstand.  
En as ons wegry,  
runnik ons perde vir mekaar.

(RIHAKU — Agste Eeu)

## *Klaaglied Van Die Grenswag*

By die Noord-Hek waai die wind vol sand,  
eensaam van die begin van die tyd tot nou!  
Bome val, die gras word geel van die herfs.  
Ek klim torings en torings  
    om wag te hou oor die barbaarse land:  
'n eensame kasteel, die lug, die wye woestyn.  
Daar staan geen muur orent in hierdie dorp.  
Beendere wit van 'n duisend nagte ryp,  
Groot hope beendere, bedek met bome en gras.  
Wie het dít tot stand gebring?  
Wie het die vlamme keiserlike woede gebring?  
Wie het die leër gebring met dromme en tamboers?  
Barbaarse konings.  
'n Sagte lente wat in 'n bloeddorstige herfs verander het,  
'n gedrang van krygsmanne, versprei oor die middel-ryk,  
driehonderd en sestigduisend,  
en leed, leed soos reën.  
Leed met die uittrek, en leed, leed met die terugkeer.  
Die kaal veld verlate, verlate,  
met geen kinders van oorlog daarop,  
    geen manne meer vir die aanval en die weerstand.  
Ag, hoe sal julle weet van die eentonige leed by die Noord-  
Hek  
as Rihaku se naam vergete is  
en ons wat wagte was, die tiere gevoed het.

(RIHAKU — Agste Eeu)

## Die Rivierkoopman Se Vrou: 'n Brief

Toe my hare nog reguit gesny was oor my voorkop, het ek voor die deur gespeel, daar blomme uitgetrek.  
Op bamboes-stelte het jy verbygekom, perd-perd gespeel.  
Om my stoel het jy gestap terwyl jy met blou pruime speel.  
En ons het aangehou met lewe in die dorpie van Chokan:  
twee klein wesens, sonder afkeur of agterdog.

Toe ek veertien was, het ek jou, My Heer, getrou.  
Ek het nooit gelag nie, ek was skugter.  
Met geboë hoof het ek na die muur gekyk.  
'n Duisend maal is na my geroep, ek het nooit omgekyk nie.

Toe ek vyftien was, het ek opgehou met frons,  
het ek verlang dat my stof vermeng word met joue  
vir altyd en vir altyd en vir altyd.

Toe ek sestien was, is jy weg,  
het jy die verre Ku-to-yen binnegedring, by die rivier van  
die kolkende versnellings.  
En nou is jy al vyf maande weg.  
Bo my kop maak die apies 'n droewe geluid.

Jy't jou voete gesleep toe jy uitgaan.  
By die hek groei die mos nou, die verskillende mossies,  
te diep om hulle weg te veeg!  
Die blare val vroeg vanjaar, in wind.  
Die skoenlappers twee-twee is reeds geel van Augustus  
bo die gras in die Wes-tuin.  
Hulle maak my seer. Ek word ouer.  
As jy dalk afkom deur die engtes van die rivier Kiang,  
laat my asseblief vroegtydig weet,  
en ek sal uitkom om jou te ontmoet  
so ver as Cho-fu-Sa.

(deur RIHAKU — Agste Eeu)

# Boekelys

(September 1950 tot Februarie 1951)

Saamgestel deur P. J. Nienaber

## ROMANS EN VERHALE

- BEHRENS, Louise.  
DIE DOOD KEUR DIE MANUSKRIP. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 240 bl. 7½ x 5. 10/- (10/6).
- BEKKER, Johann.  
WAAIKRAAL SE MENSE. Johannesburg, Die Van Riebeeck-biblioteek-skema, 1950. 234 bl. 7½ x 4½. 9/6.
- BEZEMA, R.  
SOEKERS NA DIE DOOD. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 217 bl. 7½ x 5. 9/6.
- BRINK, Dewald, en ROUX, Braam le.  
BEMINDE VERRAAIER. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 188 bl. 7 x 4 ¾. pap. („Die Woeste Laeveld-reeks.”)
- GEEN VERGIFFENIS. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 166 bl. 7½ x 4½. pap. („Die Woeste Laeveld-reeks.”)
- SPORE IN DIE DOU. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 180 bl. 7½ x 4½. pap. („Die Woeste Laeveld-reeks.”)
- VONNIS VAN DIE BERGE. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 196 bl. 7½ x 4½. („Die Woeste Laeveld-reeks.”)
- CLOETE, Fanie.  
PARIA. Kaapstad, Unie-Volkspers, 1950. 134 bl. 8½ x 5½. Karton. 7/9.
- CONRADIE, Ben.  
HELOISE. Pretoria, Die Keurbiblioteek, 1951. 231 bl. 7½ x 4¾. 7/6 (5/9 vir lede).
- DELEDDA, Grazia.  
ELIAS PORTOLU; uit Italiaans vertaal deur C. G. S. de Villiers. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1950. 196 bl. illus. 7½ x 5½. 11/-.
- DIRKS, Cor.  
BLOED IN DIE WESTE. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1950. 250 bl. 7½ x 5½ („Ons Eie Biblioteekskema” — V, 4). 11/-.
- DREYER, Frans.  
HAAR BELOFTE. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 80 bl. 7½ x 4½. pap. („Ons Leesgenot-reeks.” Nr. 26). 1/6.
- SO MOET LIEFDE WEES. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 79 bl. 7½ x 4½. pap. („Leesgenot-reeks.” Nr. 27). 1/6 (1/7).
- ELDERS, J. van.  
DIE DOOD KRAP AAN DIE DEUR. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 276 bl. 7½ x 5.
- HALFWEG - WINKEL. Kaapstad, Unie-Volkspers, 1949. 231 bl. 8½ x 5½. 7/6.
- ENGELBERT, Willem.  
ONTWAAK MY HAART. Johannesburg, Die Van Riebeeck-biblioteek-skema, bus 9075, 1950. 208 bl. 7¼ x 5. 9/6.
- FOURIE, Gert.  
SY BELONING. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 154 bl. 7½ x 4½. 8/6 (9/-).
- FRASER, Pieter.  
GRAF TOE, MY LIEFSTE. Johannesburg, Die Van Riebeeck-biblioteek-skema, 1950. 192 bl. 7½ x 5.
- FRIEDENTHAL, J. M.  
ONDER DIE KANNIBALE. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 114 bl. 7½ x 4¾. Karton.
- GEWERS, Anton, en WINTER, Suzan de.  
WIE HET GESONDIG? Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 272 bl. 7¼ x 4¾. 10/6.
- GRANGE, Laurette le.  
SANTA JORDAAN: VERLIEF OP HAAR ONDERWYSER. Johannesburg, 1950. 130 bl. Afrikaanse Pers-boekhandel. 6¾ x 4½. pap. („Santa Jordaan-reeks.” Nr. 1). 4/- (4/3).
- SANTA JORDAAN: ROMANSE MET 'N MEDESTUDENT. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 133 bl. 6¾ x 4½. pap. („Santa Jordaan-reeks.” Nr. 2). 4/- (4/3).
- SANTA JORDAAN: ROMANSE MET HAAR DOKTER. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 130 bl. 6½ x 4½. pap. („Santa Jordaan-reeks.” Nr. 3).
- SANTA JORDAAN: ROMANSE MET 'N LEWENSREDDER. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 122 bl. 6½ x 4½. pap. („Santa Jordaan-reeks.” Nr. 4).
- SANTA JORDAAN: ROMANSE MET 'N JONG BOER. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1951. 145 bl. 6½ x 4. pap. („Santa Jordaan-reeks.” Nr. 5). 4/-.
- GROEN, Sanet te.  
BOLANDSE NOOIENTJIE. Pretoria, Keurbiblioteek, 1950. 222 bl. 7¾ x 4½. 7/6 (vir lede 5/9).

- HEEVER, C. M. van den.  
DIE LAASTE BAKEN. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1951. 205 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{8}$ .
- HUGO, Hermina.  
DIE MOOISTE LIEFDE. Pretoria, Die Keurbiblioteek, 1950. 232 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{8}$ . 7/6 (5/9 vir lede).
- JOOSTE, Anna.  
NA WATERS WAAR RUS IS. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 224 bl.  $7\frac{3}{8} \times 4\frac{3}{8}$ . („Ware Suid-Afrikaanse Liefdesverhale.” Nr. 2). 12/6.
- KIELBLOCK, Karl.  
MOORD OP GEITJIESKOP. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950. 293 bl.  $7\frac{1}{4} \times 5\frac{3}{8}$ . („Ons Eie Biblioteekskema.” Nr. V, 6). 10/-.
- KOCH, Charlotte.  
RIDDER VAN MY DROME. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 238 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . 9/6.
- LAGERLÖF Salma.  
NIELS HOLGERSSON SE WONDERBAARLIKE REIS, vertaal deur R.M.R. Kaapstad, H.A.U.M., en Pretoria, J. H. de Bussy, 1950. 345 bl. gekl. illus.  $9\frac{3}{4} \times 6\frac{3}{8}$ . 30/-(31/-).
- LESSING, Christoffel.  
KERSFEES IN DIE TRONK. Johannesburg, Christoffel Lessing-uitgewers, bus 9075, 1949. 107 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{8}$ .
- LOUW-THERON, Miemie.  
RONDOM JERUSALEM IS BERGE. Kaapstad. S.A.B.V., 1950. 221 bl.  $8\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$ . 10/-.
- MIKRO.  
WAGTERS IN DIE NAG. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1950, 250 bl.  $7\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$ . 10/6.
- MÖLLER-MALAN, Dorothea.  
EK SAL DIT VERGELDE. Bloemfontein, Nasionale boekhandel, 1950. 171 bl.  $7\frac{1}{4} \times 4\frac{3}{8}$ . pap. 4/6.
- MULLER, Elise.  
SKAT IN DIE ROGGEVELD. Pretoria, J. P. van der Walt (Edms.) Bpk. 1950. 228 bl.  $7\frac{3}{8} \times 5$ .
- MYER, Zelia.  
ANNA VAN SKEWEBERGE. Pretoria, J. P. van der Walt (Edms.) Bpk., 1950. 325 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ .
- NAUDE, J. H.  
KWAATVRUG VAN DIE HART. Kaapstad, Unie-Volkspers, 1950. 234 bl.  $8\frac{3}{8} \times 5\frac{3}{8}$ . 10/3.
- NEL, Herman F. B.  
VERBEURDE ERFENIS. Pretoria, J. P. van der Walt, 1950. 234 bl.  $7\frac{1}{4} \times 5$ .
- NESER, Regina.  
HOE VER IS DIE NAG? Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 364 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . („Moresterbiblioteek,” Nr. 51). 12/- (12/6).
- NIEHAUS, A. P.  
MY LIEWE MAGDA. Kaapstad. Nasionale boekhandel, 1950. 264 bl.  $7\frac{1}{4} \times 5\frac{1}{2}$  („Ons Eie Biblioteekskema V, 5). 11/-.
- OLIVIER, Lina.  
DIE VERLORIE DOGTER. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 228 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . 10/6.
- PAULA.  
GROEN HANGE. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 300 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . („Moresterbiblioteek,” Nr. 55).
- PIENAAR, A. J.  
RUIJTE. Pretoria, Die Keurbiblioteek, 1950. 253 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . 7/6 (aan lede 5/9).
- PIROW, Oswald.  
SJANGANI; illustrasies deur E. Holm. Johannesburg, L. & S. boek- en kunssentrum, 1950. 158 bl. illus.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{3}{8}$ . 12/- (12/6).
- PLESSIS, A. J. du.  
DIE DOOD AGTER DIE STUURWIEL. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 166 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{8}$  („Kroonspeurreeks,” Nr. 24).
- PLESSIS, Gawie du.  
HONNE TOE. Kaapstad, Unie-Volkspers, 1950. 139 bl.  $8\frac{1}{2} \times 5\frac{3}{8}$ . Karton. 6/3.
- POST, Johann van der.  
KYK HOE BLOOS DIE SON. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 217 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . Karton. 9/6.
- RABIE, J. S.  
GROEN REISE. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 187 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{8}$ .
- ROODT, Adriaan.  
WEEN NIE OOR MY NIE. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 217 bl.  $7\frac{3}{8} \times 5$ . Karton. 9/6.
- ROOYEN, M. Steyn van.  
EN EWIG SING DIE LIEFDE. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1950. 232 bl.  $7\frac{1}{4} \times 5\frac{1}{2}$ . 9/6 (10/-).
- ROSSEAU, André.  
AGTER DIE GROOT GORDYN. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 198 bl.  $7 \times 5\frac{3}{8}$ . 9/6.
- ROUX, Braam le.  
GEMASKERDE MOORDENAARS. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1949. 120 bl.  $6\frac{3}{8} \times 4\frac{3}{8}$ . pap. („Die Swart Luiperd-reeks,” nr. 1).
- RUNA.  
DIE GOD VAN SY MOEDER; vertaal uit Sweeds. Kaapstad, S.A.B.V., 1950. 176 bl.  $8\frac{1}{4} \times 5\frac{1}{2}$ . 9/6.
- SCHOEMAN, P. J.  
FANIE WORD GROOTWILDJAGTER. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1950. 267 bl.  $7\frac{1}{4} \times 5\frac{1}{2}$ . 11/6 (12/-).
- SNEL-WILLEMSE, Rina.  
DIE LAASTE AKKOORD. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1950. 286 bl.  $7\frac{1}{4} \times 5\frac{1}{2}$ . 9/6 (10/-).



- SPENCE, Ela.  
OMJA. Johannesburg, Van Riebeck-  
biblioteekskema, 1950. 222 bl. 7½ x 5.  
9/6.
- GISTER IS VERBY, Johannesburg.  
Voortrekkers, 1950. 234 bl. 7½ x  
5½. 9/6 (10/-).
- SPOUL, J.  
„MY VIER-EN-TAGTIGSTE LEEU.”  
Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers.  
1950. 176 bl. 7½ x 4½. 8/6.
- TOIT, Tryna du.  
SKULTE. Pretoria, Die Keurbiblio-  
teek, 1950. 221 bl. 7½ x 5. 7/6 (5/9  
aan lede).
- TROSKIE, Suna.  
STORIE OOR DIE POS: 'n roman  
in briefvorm. Pretoria, J. P. van  
der Walt (Edms.) Bpk., 1950. 157 bl.  
8½ x 5½.
- VENTER, Emma D. M.  
DIE UITBUITERS. Bloemfontein,  
Nasionale boekhandel, 1950. 262 bl.  
7½ x 5½. karton. 9/-.
- VERBRUGH, Tippy.  
DOKTER BJORGEN SE VROU.  
Kaapstad, Nasionale boekhandel,  
1950. 214 bl. 7½ x 5½. 11/-.
- VILLIERS, Ryno B. de.  
MY LAND, MY TROTS. Johannes-  
burg, Afrikaanse Pers-boekhandel,  
1950. 123 bl. illus. 7½ x 4½ („Geskenk-  
boek-reeks,” nr. 16).
- WEBER, Elizabeth.  
WAAR IS DIE LIEFDE? Johannes-  
burg, Afrikaanse Pers-boekhandel,  
1950. 286 bl. 7½ x 5. („Morester-  
biblioteek,” nr. 50).
- WEISS, Hymne.  
EN WIE IS MY NAASTE. Johan-  
nesburg, 1950. 36 bl. 7½ x 5. 9/6.
- WINTER, Susan de.  
ERF NIE MY TRANE. Johannes-  
burg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950.  
262 bl. 7½ x 4½ („Ware Suid-Afri-  
kaanse Liefdesverhale,” nr. 1). 12/6.
- POËSIE**
- KRIGE, Uys.  
VIR DIE LUIT EN DIE KITAAR.  
Johannesburg, Afrikaanse Pers-  
boekhandel, 1950. 96 bl. 8½ x 5½.
- OPPERMAN, D. J.  
ENGEL UIT DIE KLIP. Kaapstad,  
Nasionale boekhandel, 1950. 60 bl.  
8½ x 5½.
- DRAMA**
- BEUKES, Gerhard J.  
SALOME DANS! — 'N SPEL IN  
DRIE BEDRYWE. Pretoria, J. L.  
van Schaik, 1950. 72 bl. 7½ x 5½.  
6/6.
- COUZYN, Paul.  
DIE EERSTE SKAT: 'N DRAMA  
IN DRIE BEDRYWE. Pretoria,  
J. L. van Schaik, 1950. 50 bl. 7½ x  
5½. pap. 3/6.
- MALHERBE, D. F.  
DIE UUR VAN DIE ROOI MAAN  
EN ANDER EENBEDRYWE. Bloem-  
fontein, Nasionale boekhandel, 1950.  
112 bl. 7½ x 4½. Karton. 7/6.
- WET, J. P. T. de.  
TWEË KLUGSPELE. Bloemfontein,  
Nasionale boekhandel, 1950. 58 bl.  
7½ x 4½. 3/3.
- TAAL- EN LETTERKUNDE**
- NIENABER, dr. G. S.  
TAALKUNDIGE BELANGSTEL-  
LING IN AFRIKAANS TOT 1900.  
Johannesburg, Afrikaanse Pers-  
boekhandel, 1950. 109 bl. slaplinne.
- DR. O'KULIS MET SY ESELS-  
KAKEBEEN: DIE LEWE EN WERK  
VAN DS. WILLEM POSTMA. Joh-  
annesburg, Voortrekkers, 1950.  
192 bl. illus. 8½ x 5½.
- NIENABER, dr. P. J.  
OP BRANDWAG VIR ONS TAAL:  
DIE GESKIEDENIS VAN DIE  
SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE  
VIR WETENSKAP EN KUNS.  
Pretoria, Die S.A. Akademie vir  
Wetenskap en Kuns, 1950. 60 bl.  
7 x 4½. pap. Gratis.
- SCHOLTZ, Hendrik van der Merwe.  
SISTEMATIESE VERSLAG VAN 'N  
STILISTIESE ANALISE: EUGENE  
MARAIS: DIE TOWENARES. Kaap-  
stad, H.A.U.M., en Pretoria, J. H.  
de Bussy, 1950. 190 bl. bibl. 8½ x 5½.  
pap. (proefskrif). 10/6.
- KINDERBOEKE**
- COETZEE, Baffie.  
NIEKSIE EN DIE OU BLINDJIE:  
TWEË KINDERVERHAALTJIES.  
Bloemfontein, Nasionale boekhandel,  
1950. 39 bl. illus. 7 x 5½. pap. 2/3.
- CONRADIE, Ben.  
DIE MONSTER VAN DIEPRIVIER.  
Johannesburg, Afrikaanse Pers-  
boekhandel, 1950. 200 bl. 7½ x 5.  
 („Lente-Serie,” nr. 45). 9/6 (10/-).
- VERSTRIK IN DIE NIMMER-  
EINDKLOOF. Johannesburg, Afri-  
kaanse Pers-boekhandel, 1950. 178 bl.  
7½ x 4½. („'n Lenteserie,” nr. 51).  
9/- (9/6).
- EUVVRARD, Paula.  
SPROKIES VAN DIE NOOR-  
MANNE; geïllustreer deur Nerine  
Desmond. Johannesburg, Afrikaanse  
Pers-boekhandel, 1950. 33 bl. 8½ x 6½.  
 („Ons Sprokie-reeks,” nr. 6). 2/6  
(2/9).
- SPROKIES VAN DIE ROOIHUIDE,  
geïllustreer deur Nerine Desmond.  
Johannesburg, Afrikaanse Pers-  
boekhandel, 1950. 28 bl. illus. 8½ x  
6½. pap. („Ons Sprokie-reeks,” nr.  
2). 2/6 (2/9).
- EYBERS, Francois J.  
SKATKIS VAN DIE EEUE: STORIE  
UIT ALLE WERELDDDELE.  
Johannesburg, Afrikaanse Pers-  
boekhandel, 1950. 89 bl. 7½ x 4½. 6/-  
(6/9).
- FOURIE, Louis.  
PIKKEWYN. Kaapstad, S.A.B.V.,  
1950. 106 bl. illus. 7½ x 4½. pap. 4/9.

- GREY, Zane.  
DIE ONTEMBARE HINGS, vertaal deur Willem van der Berg. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 241 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . (Zane Grey-avonture, nr. 2).
- VUURDOOP; vertaal deur Willem van der Berg. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 255 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5$ . („Die Zane Grey-reeks,” nr. 1). 10/- (10/6).
- GROVE, Henriette.  
BIMBO EN PRINS. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 31 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraat-storieboekies,” nr. 65).
- INGRAM-BARRISH, Joanne.  
MARJA DIE KWAAI BERIN. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 38 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraat-storieboekies,” nr. 64). 1/3 (1/4).
- WAAR DIE LIEFDE WOON. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 28 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Sonstraat-storieboekies,” nr. 63). 1/3 (1/4).
- KOTZÉ, Bessie.  
VERSIES VIR DIE KLEINSPAN. Bloemfontein, Nasionale-boekhandel, 1950. 20 bl. illus.  $7 \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 1/9.
- DIE YSPALEIS EN DIE MENS-  
VRETERBOOM. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1950. 19 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 1/6.
- KROMHOUT, Jan.  
KEUR VIR ONS KINDERS; GE-  
GRADEERDE GEDIGGIES VIR  
KLEUTER- EN LAERSKOLE. Pretoria, J. L. van Schaik, 1950. 176 bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . karton. 8/6.
- LEVY, Muriel.  
DIE VERHAAL VAN ASPOESTER-  
TJIE; vertaal deur Eileen Naudé, Loughborough, Wills & Hepworth, 1950. Ongep. gekl. illus.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . 3/-.
- McCULLOCH, Derek.  
MET OOM MAC. IN DIE OER-  
WOUD; vertaal deur Eileen Naudé, Loughborough, Wills & Hepworth, 1950. Ongep. gekl. illus.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . 3/-.
- MARAIS, Casper H.  
ROOI JAN, HEERSER VAN DIE  
OERWOUD. Johannesburg, Afrikaanse Pers-boekhandel, 1950. 174 bl.  $6\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Rooi Jan-reeks,” nr. 24). 4/- (4/3).
- MEIRING, S. G.  
VAKANSIEPRET; DIE VROLIKE  
KLEINSPAN BY DIE SEE. Ge-  
illustreer deur M. Meiring. Pretoria, J. L. van Schaik, 1950. 100 bl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 7$ . karton. 7/6.
- OLDENDORF, Helene.  
UIT DIE GRYS VERLEDE. Kaap-  
stad, Oxford University Press, pos-  
bus 1141, 1950. 59 bl. illus.  $7 \times 7\frac{3}{4}$ . pap. („One Eie Boekrak”). 1/6.
- DIE VIER HEEMSKINDERS.  
Kaapstad, Oxford University Press, 1950. 66 bl. illus.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . pap. („Oms Eie Boekrak”). 1/9.
- ORA.  
SNIPPIE. Kaapstad. Nasionale  
boekhandel, 1950. 35 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 2/3.
- PAUW, Marietjie.  
MENSIES UIT DIE BLOMME EN  
ANDER STORIES. Pretjies van  
Dorothy M. Hill. Pretoria, J. L.  
van Schaik, 1950. 95 bl. illus.  $9 \times 6\frac{1}{2}$ .  
karton. 6/6.
- POSTMA, Minnie.  
MEINTJIE BETAAL SKOOLGELD.  
Pretoria, J. L. van Schaik, 1950.  
272 bl.  $7\frac{3}{4} \times 5\frac{1}{2}$ .
- RICHARDS, Dorothy.  
MENEER MOL SE NUWE HUIS;  
vertaal deur Eileen Naudé. Lough-  
borough, Wills & Hepworth, 1950.  
Ongep. gekl. illus.  $7 \times 4\frac{1}{2}$ . 3/-.
- ROBERTS, S. M.  
DIE GROEN KOMBERSIE; vertaal  
deur Lena Smit. Pretoria, J. L. van  
Schaik, 1950. 34 bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ .  
pap. 2/9.
- SMITH, Topsy.  
ATLETE VAN SPRINGBOKLAND.  
Johannesburg, Afrikaanse Pers-boek-  
handel, 1950. 186 bl.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ .  
 („Lenteserie,” nr. 49). 9/- (9/6).
- SPANNEDE GEURE IN DIE  
SPORTWERELD. Johannesburg, Afri-  
kaanse Pers-boekhandel, 1950. 183  
bl. illus.  $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$ . („Lenteserie,” nr.  
47). 8/- (8/6).
- SPARKS, A. C.  
RINA OP TOURNAIE. Bloemfontein, Nasionale boekhandel, 1950. 149  
bl.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . 8/-.
- SPIES, M. L.  
DIE VOETPAD NA OONTOE. Kaap-  
stad, S.A.B.V., 1950. Kaapstad, 1950.  
147 bl.  $7\frac{3}{4} \times 5$ . 6/9.
- STEVENS, Roy E., redakteur.  
DIE SKATKIS, DEEL I. Kaapstad,  
Die kinderkultuurvereniging. St.  
Georgesstraat 28, s.j. (1950), 248 bl.  
gekl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . 0/-.
- DEEL II, Kaapstad, Die Kinder-  
kultuurvereniging, St. Georgesstraat  
28, s.j. (1950), 296 bl. gekl. illus.  
 $9\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$ . 20/-.
- THERON, N.  
FEE-VOLKIES. Kaapstad, Nasionale  
boekhandel, 1950. 41 bl. illus.  $7\frac{3}{4} \times 6$ .  
pap. 3/6.
- TOIT, A. P. du.  
KNAPSAK EN KLONKIE IN DIE  
LAND VAN DIE TASSIEBLAAR.  
Kaapstad, Nasionale boekhandel,  
1950. 35 bl. illus.  $9\frac{1}{2} \times 7\frac{1}{2}$ . pap. 3/-.
- TOIT, S. J. du.  
FEACIESE NAGTE. Bloemfontein,  
Nasionale boekhandel, 1950. 126 bl.  
 $7\frac{3}{4} \times 4\frac{1}{2}$ . 7/6.
- VILLIERS, Mavis de.  
POEKIE SE BOEKIE. Kaapstad,  
Nasionale boekhandel, 1950. 28 bl.  
illus.  $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$ . pap. 2/-.



Gedruk deur Die Afrikaanse Pers  
Bepok, Empireweg-verlenging 8,  
Aucklandpark, Johannesburg.